

DIE OPLEIDING VAN GEESTELIK VERTRAAGDE KINDERS BINNE DIE  
SUID-ÁFRIKAANSE ONDERWYSSTELSEL MET SPESIFIEKE VERWYSING  
NA DIE E.S. LE GRANGESENTRUM

deur

Johannes Christoffel Jordaan, TOD, BA, B.Ed.

Skripsie goedgekeur as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die  
graad

Magister Educationis

in die

Departement Voorligting en Ortopedagogiek

in die

Fakulteit Opvoedkunde

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Professor H.B. Kruger

Mei 1988

## Dankbetuiging

By die voltooiing van hierdie studie wil ek my opregte dank en erkentlikheid betuig aan:

- \* Ons Hemelse Vader en genadige God vir krag, gesondheid en leiding waarsonder hierdie studie nie gedoen kon word nie.
- \* My studieleier, professor H.B. Kruger, vir sy professionele insig, hulp, leiding en belangstelling.
- \* Die TOD vir toestemming om die skripsie af te handel.
- \* Die biblioteke van die PU vir CHO, UNISA en UP.
- \* Mevrou F. Labuschagne vir die netjiese tikwerk en keurige versorging van die skripsie.
- \* Die personeel van die E.S. le Grangesentrum, in die besonder mevrou R.E. Bekker, vir simpatieke hulp en die beskikbaarstelling van die nodige dokumente.
- \* My kollegas, ouers, familie en vriende vir hulle aanmoediging en steun.
- \* My vrou, Ina en kinders Sanét, Pieter en Mariëtte wat baie moes opoffer en verbeur om hierdie studie moontlik te maak.

J.C. JORDAAN

Mei 1988

POTCHEFSTROOM

## SUMMARY

The mentally retarded child as a member of society should enjoy equality of rights of existence just like any other individual created by God.

This study endeavours to research the training needed for white mentally retarded children in the RSA and to what extent these needs are catered for.

In a literature study an overview is given of relevant concepts and terminology concerning mental retardation. Concepts with reference to the Act for the training of mentally retarded children are used.

Possible criteria for identifying mentally retarded children are proposed. These criteria should be present in a higher or lesser degree to confirm mental retardation.

The utilization of these criteria are further discussed as aids in the formal classification of retardedness.

The basic personal and social needs of the mentally retarded child are perused as well as the need for industrial orientation. Attention is then also given to the extent to which these needs are addressed in the RSA and the facilities for "education" and training of these children.

The present criteria for admission and placement of these children in training centres is also discussed.

An exemplary study of the E.S. le Grange centre for retarded children was done to illustrate the concepts mentioned. The history and development of the centre is described. An evaluation was made as to the extent the needs of the mentally retarded children at the centre are fulfilled in accordance with the background of Act no. 63 of 1974. It was found that this centre fully subscribed to the said act.

Individual problem areas were however identified and suggestions put forward for their rectification.

## OPSOMMING

Net soos enige ander lid van die gemeenskap het die geestelik vertraagde kind, wat ook 'n skepsel van God is, dieselfde bestaansreg en kan dus op dieselfde regte aanspraak maak. In hierdie studie is die geestelik vertraagde kind se opleidingsbehoefte en die wyse waarop daarin voorsien word in die RSA se Blanke bevolking nagevors.

Deur middel van literatuurstudie is verskeie begrippe in verband met geestelike vertraagtheid toegelig. Begrippe wat in die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders ter sprake is, is in hierdie studie gebruik. Daar is gepoog om die geestelik vertraagde kind te identifiseer omdat daar bepaalde kenmerke is wat in 'n mindere of meerdere mate by die meeste geestelik vertraagde kinders voorkom.

Die kriteria wat aangewend word om 'n geestelik vertraagde kind te klassifiseer is bespreek. Aandag is ook gegee aan die geestelik vertraagde kind se basiese, persoonlike en sosiale behoeftes, asook sy behoefte ten opsigte van werksoriëntering. Die wyse waarop daar in die RSA aan die geestelik vertraagde kind se "opvoedings"- en opleidingsbehoefte voorsien word, is kortliks bespreek. Daar is ook aandag gegee aan die kriteria vir opname en plasing van die geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum.

Die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die E.S. le Grangesentrum is nagegaan. Die wyse waarop die E.S. le Grangesentrum in die geestelik vertraagde kind se behoeftes voorsien, is ook nagevors en die bevinding is dat hierdie sentrum na aanleiding van Wet no. 63 van 1974 ten volle in die geestelik vertraagde kind se behoeftes voorsien. Enkele probleemareas is geïdentifiseer waaraan verdere aandag verleen kan word.

# INHOUDSOPGAWA

HOOFSTUK 1	1
ORIENTERING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	2
1.3 DOEL VAN DIE STUDIE	3
1.4 METODE VAN ONDERSOEK	4
1.5 PROGRAM VAN ONDERSOEK	5
1.6 SAMEVATTING	5
HOOFSTUK 2	6
DIE IDENTIFISERING EN TIPERING VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND	6
2.1 INLEIDING	6
2.2 BEGRIPSBEPALING	6
2.2.1 Verstandelik vertraag	7
2.2.2 Verstandelik ernstig/erg vertraag	7
2.2.3 Geestelik vertraag	8
2.2.4 Opvoeding en opvoedbaarheid	9
2.2.5 Opleiding en opleibaarheid	10
2.2.6 Onderwys	11
2.2.7 Opleidingsentrum	12
2.3 DIE IDENTIFISERING VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND	12
2.3.1 Verstandsfunksionering	13
2.3.2 Emosionele ontwikkeling	14
2.3.3 Kommunikasievermoë	15
2.3.4 Sekuriteitsbelewing	16
2.3.5 Eksplorasiermoë	17
2.3.6 Fisiese eienskappe	17
2.4 KRITERIA VIR KLASSIFISERING AS GEESTELIK VERTRAAGDE KIND	18
2.4.1 Intelligensie	19
2.4.2 Ander faktore	20
2.4.3 Klassifikasiestelsels	20
2.4.3.1 Verenigde State van Amerika	21
2.4.3.2 Engeland	22

3.4 SAMEVATTING . . . . .	46
HOOFSTUK 4 . . . . .	48
DIE "OPVOEDINGS"- EN OPLEIDINGSVOORSIENING VIR GEESTELIK VERTRAAGDE KINDERS IN SUID-AFRIKA . . . . .	48
4.1 INLEIDING . . . . .	48
4.1.1 Ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums . . . . .	48
4.1.2 Beheer en borgliggame . . . . .	50
4.1.3 Oorname deur die Departement van Nasionale Opvoeding in 1975 . . . . .	51
4.1.4 Oorname deur die Departement van Onderwys en Kultuur in 1984 . . . . .	51
4.1.5 Oorname deur die Provinsiale Onderwysdepartemente, 1 September 1986 . . . . .	52
4.2 AMPTELIKE BELEID TEN OPSIGTE VAN OPLEIDINGSENTRUMS . . . . .	52
4.2.1 Beheer . . . . .	52
4.2.1.1 Staatsopleidingsentrums . . . . .	53
4.2.1.2 Staatsondersteunde opleidingsentrums . . . . .	53
4.2.1.3 Private opleidingsentrums . . . . .	54
4.2.2 Wetlike aspekte ten aansien van geboue en toerusting . . . . .	54
4.2.3 Moedertaalonderwys . . . . .	55
4.3 AMPTELIKE KRITERIA VIR OPNAME EN PLASING . . . . .	56
4.4 SAMEVATTING . . . . .	57
HOOFSTUK 5 . . . . .	59
DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE E.S. LE GRANGESENTRUM . . . . .	59
5.1 INLEIDING . . . . .	59
5.2 DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VOOR 1963 . . . . .	59
5.3 DIE AANVANGSJARE: 1963 TOT 1967 . . . . .	61
5.4 ONTWIKKELING TOT BY REGISTRASIE: 1967 TOT 1975 . . . . .	64
5.5 ONTWIKKELING SEDERT REGISTRASIE: 1975 TOT 1987 . . . . .	68
5.6 SAMEVATTING . . . . .	73
HOOFSTUK 6 . . . . .	74
DIE OPVOEDING EN OPLEIDING BINNE DIE E.S. LE GRANGESENTRUM . . . . .	74
6.1 INLEIDING . . . . .	74
6.2 TIPERING VAN DIE KINDERS IN DIE E.S. LE GRANGESENTRUM . . . . .	74
6.3 DOELSTELLINGS VAN DIE E.S. LE GRANGESENTRUM . . . . .	78

6.3.1	Voldoening in die basiese behoeftes van die geestelik	
	vertraagde kind	79
6.3.1.1	Liefde	79
6.3.1.2	Sekuriteit	80
6.3.1.3	Aanvaarding	81
6.3.1.4	Dissipline	81
6.3.1.5	Eie identiteit	82
6.3.1.6	Ontwikkelingsmoontlikhede	82
6.3.1.7	Kreatiwiteit	83
6.3.1.8	Prestasie	83
6.3.2	Voldoening in die opleidingsbehoefte van die geestelik	
	vertraagde kind	83
6.3.2.1	Opleiding ten opsigte van persoonlike behoeftes	84
6.3.2.1.1	Fisies-motoriese en sintuiglike ontwikkeling	84
6.3.2.1.2	Veiligheid	84
6.3.2.1.3	Liggaamlike aktiwiteite	85
6.3.2.1.4	Beroepsaktiwiteite	85
6.3.2.1.5	Verantwoordelikheid	86
6.3.2.1.6	Godsdiens	86
6.3.2.2	Opleiding ten opsigte van sosiale behoeftes	87
6.3.2.2.1	Selfversorgendheid	87
6.3.2.2.2	Sosiale aanvaarbaarheid	87
6.3.2.2.3	Kommunikasievermoë en skolastiese vaardigheid	88
6.3.2.2.4	Omgewingsbewustheid	88
6.3.2.3	Opleiding ten opsigte van werksoriëntering	89
6.3.2.3.1	Werksgewoontes	89
6.3.2.3.2	Werksbevoegdheid	89
6.3.2.3.3	Probleembenadering	89
6.3.2.3.4	Werksvolharding	90
6.3.2.3.5	Werkstempo	90
6.4	"ONDERWYS"- EN OPLEIDINGSFASES	90
6.4.1	Kleuterfase of voorbereidende fase	91
6.4.2	Junior fase	92
6.4.3	Middel fase	92
6.4.4	Fase vir kinders met sterk outistiese trekke	93
6.4.5	Senior fase	93
6.4.5.1	Die senior arbeidsgerigte fase	93
6.4.5.2	Junior- en senior praktiese fase	93

6.5 SAMEVATTING . . . . .	94
HOOFSTUK 7 . . . . .	95
WAARDERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS . . . . .	95
7.1 INLEIDING . . . . .	95
7.2 WAARDERING . . . . .	95
7.3 GEVOLGTREKKINGS . . . . .	98
7.4 AANBEVELINGS . . . . .	99
BRONNELYS . . . . .	100

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING

### 1.1 INLEIDING

As gevolg van die verskeidenheid van gawes wat God in die skepping gelê het, is geen twee mense dieselfde nie. Daarom sal die Christelike opvoeder wat rekening hou met hierdie groot verskeidenheid, hom nie slegs besig hou met die normaal begaafde kind nie, maar ook met die minder begaafde kind - hoe gering die begaafdheid ook al mag wees.

Die geestelik vertraagde kind was nog altyd met ons, maar is deur die eeue as die uitgeworpenes van die samelewing beskou. Die afgelope aantal jare is daar besef dat hierdie mense opvoedbaar en opleibaar is en is daar begin met onderwys en opleiding vir hulle (Walsh, 1981:255). "Nuwe kennis en verbeterde finansiële en tegniese moontlikhede het tot 'n beter begrip en meer menslike houding teenoor hierdie mense gelei" (De Nysschen, 1984:9). Hierdie mense, die geestelik vertraagdes, het dieselfde bestaansreg as enige ander lid van die gemeenskap en gevolglik kan hulle op dieselfde regte aanspraak maak.

Elke mens het die potensiaal om te ontwikkel en die reg om dit te laat verwerklik. Ook in die RSA word tans baie gedoen om die geestelik vertraagde tot die maksimum van sy persoonlike vermoëns te laat ontwikkel.

In hierdie hoofstuk sal vervolgens die probleem van die studie gestel word. Daarna sal aandag gegee word aan die doel van die studie en die metode van ondersoek sal bespreek word. Ten slotte sal die program van hierdie ondersoek uiteengesit word.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Met die inwerkingtreding van die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders (Wet no. 63 van 1974) op 1 April 1975, het hierdie soort Buitengewone Onderwys 'n nuwe beslag in die RSA gekry. Die opleiding van geestelik vertraagde kinders berus op die feit dat hulle wel oor beperkte moontlikhede beskik wat ontwikkel kan word. Hierdie kinders is opleibaar tot die vlak waartoe elke individu in staat is, sodat hulle minder onbeholpe en minder opvallend anders sal wees (Lombaard, 1982:xii-xiv). Essig (1985:70) en Meyer & Kohl (1985:44) noem dat van hierdie kinders opgelei kan word tot eenvoudige werkverrigting, waarmee hulle 'n salaris kan verdien.

Elke mens het sekere basiese behoeftes wat 'n hiërargiese en chronologiese orde toon. Die fisiologiese behoeftes is die minsgekompliseerde, terwyl die psigologiese behoeftes groter variasie toon. Die behoeftes aan sekuriteit, liefde, onafhanklikheid, prestasie, agting en selfverwesening is in noue verband met mekaar. Verder is daar die geestelike behoeftes waarin voorsien moet word (Kruger, 1979:63-67). Die geestelik vertraagde kind beleef dieselfde behoeftes, maar is veral op soek na liefde, aanvaarding en beskerming wat die raamwerk vorm van sy dissiplinerings. Aangesien hierdie kinders geen baat vind by gewone of spesiale onderwys nie, maar tog ook geregtig is op opleiding, word opleidingsinstansies sedert 1974 deur die staat gesubsidieer, sodat elke kind die mate van opleiding kan ontvang wat in elke individuele geval as moontlik beskou word (Steenkamp, 1978:97-98).

Die plasing van 'n geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum hang saam met faktore soos die mate van versorging benodig, die temperament en die mate van aggressiwiteit van die kind en die gesinsomstandighede. Die moontlikhede vir groei en ontwikkeling van die gestremde, asook die interaksie met sy omgewing moet in ag geneem word wanneer plasing oorweeg word. Met die nodige fasiliteite en hulp kan hierdie kinders ontwikkel tot hul maksimale vlak van funksionering (De Nysschen, 1984:9 en Steenkamp, 1978:98-102).

Opleidingsentrums "is ingerig om hierdie tipe kind te ontvang: dit bied 'n spesiale omgewing waarin so 'n kind hom kan uitleef; dit bied 'n spesiale trainingsprogram wat aangepas is by hierdie kind se vermoëns; dit bied 'n spesiale personeel wat hierdie kind verstaan en graag wil help; dit bied 'n spesiale atmosfeer van begrip en aahvaarding waarin hierdie kind kan gedy" (Steenkamp, 1978:103).

Die E.S. le Grangesentrum wat sedert 1963 bestaan, poog om in hierdie kinders se behoeftes te voorsien. Met betrekking tot die opleiding van hierdie kinders tree die volgende vrae na vore:

- \* Wie is die geestelik vertraagde kind?
- \* Wat is die opleidingsbehoefte van hierdie kinders?
- \* Hoedanig is die opleidingsvoorsiening vir hierdie kinders in Suid-Afrika?
- \* Hoe het die E.S. le Grangesentrum ontstaan en ontwikkel?
- \* In welke mate voorsien die E.S. le Grangesentrum aan die behoeftes van die geestelik vertraagde kind?

In die lig van die voorafgaande probleemstelling is 'n evaluerende ondersoek van die E.S. le Grangesentrum wenslik.

### 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie navorsing is om:

- \* Die geestelik vertraagde kind te identifiseer en te tipeer.
- \* Die opleidingsbehoefte van hierdie kinders te bepaal.
- \* Na opleidingsvoorsiening vir hierdie kinders in Suid-Afrika te kyk.

- \* Die ontstaan en ontwikkeling van die E.S. le Grangesentrum na te vors.
- \* Die "onderwys" en opleiding binne die E.S. le Grangesentrum te evalueer aan die hand van die behoeftes van hierdie kinders soos dit uit die literatuur blyk en aan die hand van die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders (Wet no. 63 van 1974).

#### 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie studie word gebruik gemaak van die historiese en beskrywende metode. Die samestelling van die studie word uit die volgende bronne gedoen:

- \* Literatuurstudie: alle relevante, resente literatuur in verband met die geestelik vertraagde kind sal geraadpleeg word.
- \* Beleidsbepalings: al die nodige beleidsbepalings van die voormalige Departement van Nasionale Opvoeding en die huidige Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad rakende die geestelik vertraagde kind sal ondersoek word.
- \* Notules en ander dokumente van die E.S. le Grangesentrum sal deurgewerk word.
- \* Persoonlike onderhoude sal met kundige persone gevoer word.

Gegewens wat uit hierdie bronne verkry is, sal verwerk word en bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings sal gemaak word.

## 1.5 PROGRAM VAN ONDERSOEK

In die voorgaande is sekere probleemstellings geformuleer en die doelstellings en metode van die studie uiteengesit. In hoofstuk 2 word verskeie begrippe toegelig en die identifisering van die geestelik vertraagde kind en die kriteria vir klassifisering as geestelik vertraagde kind bespreek.

In hoofstuk 3 word besin oor sekere basiese behoeftes van die geestelik vertraagde kind, asook sy opleidingsbehoefte ten opsigte van persoonlike en sosiale aspekte en werksoriëntering.

In hoofstuk 4 word die opvoedings- en opleidingsvoorsiening vir geestelik vertraagde kinders in Suid-Afrika kortliks bespreek.

Die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die E.S. le Grangesentrum geniet in hoofstuk 5 aandag.

Hoofstuk 6 evalueer die huidige situasie in die E.S. le Grangesentrum aan die hand van die verskillende behoeftes van die geestelik vertraagde kind wat daar gehuisves word.

'n Waardering, gevolgtrekkings en moontlike aanbevelings sal in hoofstuk 7 gemaak word.

## 1.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die probleem rondom die geestelik vertraagde kind se opleidingsbehoefte en die voorsiening in hierdie behoeftes; die doel van hierdie ondersoek wat gefokus word op die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders en die E.S. le Grangesentrum; die metode van ondersoek en die program van ondersoek is uiteengesit.

## HOOFSTUK 2

### DIE IDENTIFISERING EN TIPERING VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND

#### 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die probleemstelling en doel van hierdie ondersoek geformuleer. Die metode en program van ondersoek is ook uiteengesit. In hoofstuk 2 sal vervolgens aandag gegee word aan die nodige begripsbepaling en terminologie wat in hierdie studie ter sprake is. Die identifisering van die geestelik vertraagde kind en die kriteria vir klassifisering as geestelik vertraagde kind sal bespreek word ten einde 'n beter beeld van hierdie kind te verkry.

#### 2.2 BEGRIPSBEPALING

Geestelike vertraagdheid kom in alle lae van die bevolking voor. In elke gemeenskap, afgesien van ras en nasionaliteit, word geestelik vertraagdes aangetref (De Nysschen, 1984:9 en Carlson & Ginglend, 1962:7). Aangesien daar wêreldwyd verwarring heers oor die terminologie en weens die gebrek aan uniforme definisies oor die aard en omvang van vertraagdheid (Op't Hof, 1982:43) is dit nodig om die volgende begrippe kortliks te bespreek:

### 2.2.1 Verstandelik verdraag

Die term "verstand" en "verstandelik" dui aan die vermoë om te verstaan, denkvermoë, insig en intellek. Die verstand kan goed ontwikkel, afwykend of verdraag wees. Verstand onderskei die mens van die dier (HAT, 1985:1268). "Verdraag" beteken stadiger maak of word (Kritzinger et al., 1961:717). Dit het ook die implikasie van "uitstel" of "later laat gebeur" (HAT, 1985:1268).

Volgens Giliomee (1986:8) verwys "verstandelik verdraag" na die "subnormale gemiddelde intellektuele funksionering wat bestaan uit afwykings in aanpassingsgedrag en wat gemanifesteer word gedurende die ontwikkelingsperiode van die persoon". Die "Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders" definieer verstandelike verdraging (mental handicapped) na aanleiding van die graad van intellektuele beperkinge (Giliomee, 1986:8-10). Steyn (1976:8) noem dat die opvoedbare kinders wat in spesiale skole en in spesiale klasse van die gewone skole aangetref word, bekend staan as die verstandelik verdraagdes. Die Transvaalse Onderwysdepartement klassifiseer dié kind wat spesiale onderwys moet ontvang, as 'n verstandgestremde- of verstandelik gestremde leerling (TOD, 1985:7-8).

### 2.2.2 Verstandelik ernstig/erg verdraag

"Ernstig" word verklaar as "in hoë mate". (Kritzinger et al., 1961:146). Daar kan dus ook gepraat word van "in hoë mate verstandelik verdraag".

Die intellektuele vermoë van die mens word deur middel van 'n IK-syfer (intelligensiekwosiënt) uitgedruk. Net soos die oorsese terminologie verskil, so verskil die indelings van die verskillende vlakke van verstandelike vermoë. Ook in Suid-Afrika heers daar verwarring (Steenkamp, 1978:4-12). Die Van Wyk-verslag (1967:6) gebruik die term "erg geestesverdraag" wat 'n versamelnaam is vir 'n groep met IK's laer

as 50 en ook diegene met IK's hoër as 50 wat nie in staat is om 'n eie bestaan te kan voer nie en onder toesig moet lewe en werk.

In die VSA staan die verstandelik ernstig/erg vertraagdes bekend as "trainables" en in Nederland as "motorisch opvoedbaren" of "imbezielen". Die RGN, Unisa en ander instansies praat verkieslik van verstandelik ernstig of erg gestremde kinders en verkort dit dan na die VEG-kind (De Nysschen, 1984:8). VEG is dan in ooreenstemming met "severely mentally handicapped or retarded" (Steenkamp, 1978:12). "Gestremd" word in plaas van "vertraagd" gebruik omdat die gestremdheid permanent van aard is. "Gestremd" bring ook hierdie benaming in ooreenstemming met ander gestremdeheidsvorme soos "liggaamlik gestremd" en "serebraal gestremd" (Du Toit, 1985:4).

### 2.2.3 Geestelik vertraag

De Bruto (1983:10) praat van "geestesvertraging" en beskryf dit as "'n defek in die struktuur en/of funksie van die brein wat veroorsaak dat die individu 'n IK laer as plus-minus 50 het, ernstige leerprobleme het, dat sy persepsie van realiteit geaffekteer is en sy sosiale gedrag van so 'n aard is dat hy nie selfstandig besluite kan neem en verantwoordelik kan optree nie".

Wet no. 63 van 1974 beskryf 'n "geestelik vertraagde kind" as 'n kind wat op grond van onopvoedbaarheid van skoolplig vrygestel is, maar wat na die oordeel van die Direkteur-Generaal opleibaar is en sal baat by 'n opleidingsprogram (Wet no. 63 van 1974, Artikel 1).

"Geestelik" kan ook vervang word met "verstandelik" (Kritzinger et al., 1961:166). Die keuse tussen "verstandelik" en "geestelik" is egter moeilik. Geestelike of verstandelike vertraagtheid beïnvloed die mens in sy totaliteit: "Het zwakzinnige kind is geschaad in zyn gehele persoonlikheid ..." (Vedder, 1974:31). Andersyds kan aangevoer word dat die verstandelike tekort die primêre probleem is: "alle geestestekorte wat daarmee verband hou, kan immers na die verstandelike tekort

teruggevoer word" (Du Toit, 1985:4). "Geestelik" kan egter ook, in Afrikaans, religieuse konnotasies inhou.

Aangesien Wet no. 63 van 1974 die benaming "geestelik vertraagd" gebruik om hierdie kinders as 'n groep te identifiseer, word in hierdie studie ook daarvan gebruik gemaak.

#### 2.2.4 Opvoeding en opvoedbaarheid

Die opvoedingsverskynsel kom slegs tussen mense en mense alleen voor. Geen dier leen hom tot opvoeding nie en het ook nie behoefte daaraan nie. Slegs mense kan opvoed en opgevoed word. "Geen ander lewende skepsel voed op, word opgevoed, is opvoedbaar of vertrou hom aan opvoeding toe nie" (Kleyn, 1986:6).

Opvoeding is die "ontwikkeling van kennis, houdings, gewoontes en persoonlikheidseienskappe deur middel van formele onderrig" (Gouws et al., 1981:213). Volgens HAT (1985:805) dui opvoeding op grootmaak, geestelik vorm tot volwassendheid; jongmense opvoed tot nuttige burgers.

Opvoeding is 'n handeling wat voltrek word tussen twee persone, een 'n volwassene (opvoeder) en die ander 'n kind (opvoedeling) (Kleyn, 1986:6; Sonnekus, 1977:3 en Van Wyk, 1975:51). Die opvoeder rig sy handeling opsetlik en deur roeping gedryf op die opvoedeling met die "bedoeling om hom toe te rus, te help, te lei en oor te haal tot betekenisvolle, bewuste, vrywillige, verantwoordelike en roepingsbewuste aanvaarding van sy lewenstaak" (Van Wyk, 1975:51). Aan die ander kant is die opvoedeling die onmondige persoon wat toerusting, hulp, raad en leiding nodig sodat hy as "welbewuste en verantwoordelike wese sy roeping in hierdie wêreld kan vervul" (Van Wyk, 1975:51). Om ware opvoeding te wees, moet die opvoedingshandeling dus aan bepaalde norme beantwoord.

Opvoeding sluit in: die bybring van skolastiese vaardighede, die verwerwing van selfstandighede, sindelikhede, gemanierdheid, etiket,

gesosialiseerdheid, verantwoordelikheid, asook ander aanvaarbare lewenswaardes en norme. Opvoeding realiseer voortdurend aan die hand van bewuste en onbewuste onderrig en voorlewing deur die opvoeders (Lombaard, 1981:16 en 138; Sonnekus, 1977:3-4 en Van Wyk, 1975:52).

Opvoeding, in die besonder Christelike opvoeding, is 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgenormeerde handeling waarby 'n volwassene wat "uit liefde vir God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot die kosmos 'n onmondige persoon(-e) help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige en roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy Koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring" (Van Wyk, 1975:52 en Van der Walt, 1983:8-10).

Opvoedbaarheid dui op die vermoë om baat te vind by onderrig en leer. 'n IK van 50 of 'n verstandsouderdom van ses jaar word gewoonlik as minimum vereiste gereken (Gouws et al., 1981:213). Die verstandelik vertraagde kind wat in spesiale onderwys aangetref word, word as opvoedbaar geklassifiseer. "Opvoedbaarheid verwys hier hoofsaaklik na die vermoë van leerlinge om skolastiese bekwaamhede soos skryf, lees en reken te bemeester" (Steyn, 1976:10).

#### 2.2.5 Opleiding en opleikbaarheid

Opleiding is "'n sistematiese reeks aktiwiteite waaraan 'n persoon onderwerp word ten einde nuwe kennis vaardighede of gedragsverandering by hom te weeg te bring" (Gouws et al., 1981:212). Wet no. 63 van 1974 omskryf "opleiding" van die geestelik vertraagde kind as opleiding wat by die behoeftes van geestelik vertraagde kinders pas en wat ook die versorging van sodanige kinders insluit.

Wanneer dit gaan om die opleibare geestelik vertraagde in die opleidingsentrum, "word opleiding veral gesien as die ontwikkeling van die kind se nie-skolastiese vermoëns. Die vermoë om sosiaal aan en in te

pas in die gemeenskap, selfversorgend te wees" en beskutte arbeid te verrig, "is deel van hierdie opleiding" (Steyn, 1976:9).

Die term "opleibaar" is vir Du Toit (1985:5) onaanvaarbaar. Volgens haar impliseer "opleibaar" in hierdie verband "nie-onderrigbaar nie". Die handeling waardeur inhoud vir die kind ontsluit word, "is en bly egter 'n onderrigshandeling ... ook verstandelik erg gestremdes word dus onderrig en nie opgelei nie" (Du Toit, 1985:5). Vir die skrywer is onderrig en onderwys sinoniem, omdat onderrig en onderwys dui op lesse of onderrig in verskillende vakke, om op hoogte van iets te bring (HAT, 1985:760). Insig moet dus teenwoordig wees.

'n Lang bespreking word deur Steenkamp (1978:13-15) gevoer in verband met die term "opleibaar" teenoor "traineerbaar". Omdat 'training' nie 'n Afrikaanse ekwivalent het met presies dieselfde begripsnuanse nie, word dié term verafrikaans tot training ... " (Steenkamp, 1978:15). Vir genoemde skrywer impliseer "training" ook opvoeding.

Die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde kinders (Wet no. 63 van 1974) gebruik die benaminge opleiding en opleibaarheid. Vir die doel van hierdie studie sal daarby gehou word.

## 2.2.6 Onderwys

Onderwys dui op lesse of onderrig in verskillende vakke: "openbare onderwys, deur die staat verskaf" (HAT, 1985:762). Die begrip "onderwys" word tans slegs gekoppel aan die oordra van skoolstudiesse in gewone- en spesiale skole (Steyn, 1976:9).

Onderwys is daardie handeling "waarby bepaalde kennis en vaardigheid deur die onderwyser die kind aangebied word op wetenskaplike wyse sodat die kind daardeur gehelp en gelei word tot toegeruste en ywerige vervullers van die taak waartoe hy geroep is. ... Onderwys vorm dus 'n belangrike integrale deel van die totale opvoedingshandeling" (Van Wyk, 1975:53).

'n Kind wat deur 'n Provinsiale Onderwysowerheid van verpligte skoolbesoek vrygestel is, kan nie onderwys aan 'n inrigting van die Departement van Onderwys en Kultuur ontvang nie (De Nysschen, 1984:9). Dus is dié kind wat van skoolplig vrygestel is, volgens Wet no. 63 van 1974 verplig om opleiding aan 'n opleidingsentrum te ondergaan, mits hy daarby sal baat (Wet no. 63 van 1974, Artikel 1).

### 2.2.7 Opleidingsentrum

Artikel 2(1) van Wet no. 63 van 1974 bepaal dat 'n opleidingsentrum ingestel kan word om opleiding aan geestelik vertraagde kinders te verskaf. Artikel 13(1) van die genoemde Wet bepaal dat opleidingsentrums ingestel kan word en dat 'n opleidingsentrum tot staatsondersteunde opleidingsentrum verklaar word vir die doel om opleiding aan geestelik vertraagde kinders te verskaf.

## 2.3 DIE IDENTIFISERING VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND

Die geestelik vertraagde kind is daardie kind wat nie oor 'n voldoende intellek beskik om by die opvoeding in spesiale onderwys te baat nie, maar wat tog in staat is om by opleiding te baat (Grobelaar, 1976:14).

Die mees opvallende kenmerk by hierdie groep kinders is die geweldige heterogeniteit in voorkoms en vermoëns wat te wyte is aan die groot verskeidenheid veroorsakende faktore. "Elke individu is uniek as persoon, maar hierdie heterogeniteit beklemtoon die uniekheid van hierdie kinders aansienlik" (Lombaard, 1981:13). Hoewel daar geensins sprake kan wees van veralgemening van kenmerke nie, is daar tog bepaalde kenmerke wat in mindere of meerdere mate by die meeste geestelik vertraagde kinders voorkom (Lombaard, 1981:13 en Litton, 1978:12).

### 2.3.1 Verstandsfunksionering

Geestelike vertraging kan in enige familie voorkom, afgesien van wat die sosio-ekonomiese status ook al is (Lipman, 1982:28; Hewett, 1984:120 en Sarason, 1980:425). Sarason (1980:425) noem ook dat daar 'n korrelasie is tussen die sosio-ekonomiese status van die ouers en die intellektuele vlak van die kinders.

Die essensiële kenmerke van geestelike vertraagdheid is ondergemiddelde intellektuele funksionering wat saamgaan met onaanvaarbare gedrag. Die mees aanvaarbare definisie van geestelike vertraagdheid is dié van die A.A.M.D (American Association on Mental Deficiency), naamlik "that mental retardation refers to significantly sub-average intellectual functioning which originates during the developmental period and is associated with impairments in adaptive behavior" (Lipman, 1982:28; Hewett, 1984:121; Litton, 1978:8 en Suran & Rizzo, 1979:207).

Uit hierdie definisie is dit duidelik dat daar drie aspekte ter sprake is, naamlik 'n ondergemiddelde intellektuele funksionering, gebrekkige aanpassingsgedrag en die ontstaan daarvan in die ontwikkelingsperiode. Klem word dus gelê op beide intelligensie en aanpassing. Volgens Suran & Rizzo (1979:207) moet albei hierdie kriteria in ag geneem word voordat 'n kind as geestelik vertraag gediagnoseer word.

Die IK van die geestelik vertraagde kind wissel tussen 25 en 50, soos gemeet met 'n individuele intelligensietoets (Litton, 1978:10-11 en Lipman, 1982:28). As gevolg van die gebrekkige verstandsvermoë funksioneer die geestelik vertraagde kind "at a level one-third to one-half that of normal children" (Hewett, 1984:131). Hierdie gebrekkige verstandsfunksionering druk sy stempel af op die totaliteit van die kind se persoonwees - sy psigiese lewe, wilslewe, gevoelslewe en sy omgang met sy leefwêreld (Lombaard, 1981:14). Hierdie kind kom moeilik tot begrip, sy redeneervermoë is uiters swak, hy toon gebrek aan insig, het 'n swak geheue, ervaar probleme met ruimtelike waarneming, sy konsentrasie is swak en van korte duur en hy ondervind probleme met sortering en groepering (Du Toit, 1976:6; Lombaard, 1981:13; Grobbelaar, 1976:14 en Du Toit, 1985:63-64).

Die verstandsfunksionering van die geestelik vertraagde kind ontwikkel egter baie stadig en ook net tot op 'n sekere vlak. Op plus-minus sesjarige ouderdom, die skoolgaande ouderdom, funksioneer hy "op 'n verstandsvlak van tussen een jaar ses maande en drie jaar twee maande" (Steenkamp & Steenkamp, 1979:4). Die gaping word steeds groter omdat hy nie soveel byleer en ervaar soos die normale kind nie. Die opleidingsentrumkind sal wanneer hy groot is 'n verstandsouderdom van vier tot agt jaar hê (Steenkamp & Steenkamp, 1979:4; Lombaard, 1981:13; Litton, 1978:13 en Du Toit, 1985:54).

### 2.3.2 Emosionele ontwikkeling

Die emosionele behoeftes van die geestelik vertraagde kind is dieselfde as dié van die normale kind:

- \* 'n Behoefte aan liefde en onvoorwaardelike aanvaarding;
- \* 'n behoefte aan sekuriteit;
- \* 'n behoefte om te behoort aan, om deel van 'n groep te wees en aanvaar te word;
- \* 'n behoefte aan erkenning;
- \* 'n behoefte om onafhanklik te wees, om verantwoordelikheid te aanvaar en eie keuses en besluite te neem (Litton, 1978:145 en Kruger, 1979:63-67). Verder is dit belangrik "to recognise that when these needs are denied or unmet, the personal-social-emotional development of the child will be affected" (Litton, 1978:145).

Die emosionele ontwikkeling sluit alle soorte gemoedstoestande in, naamlik emosies (vrees, woede, haat), stemminge, sentimente, belangstellings, afkeure en so meer. Emosies hou meermale verband met 'n handeling. In die geval van vrees, byvoorbeeld, ontstaan die

begeerte om weg te hardloop of dit verander in woede. Meer positiewe gevoelens soos geluk, vreugde, blymoedigheid en selfvertroue kan oorheers in die kind se gemoed, maar die teenoorgesteelde is ook moontlik. Negatiewe gevoelens kan 'n stempel op die kind se persoonlikheid laat wat hy op die lange duur nie kan verwerk nie (DOK, 1986a:68 en Spodek et al., 1984:12).

Sommige kinders onttrek hulle in 'n mindere of meerdere mate van die wêreld wat hulle ongelukkig stem. Hy raak buierig, lusteloos of oordrewe teruggetrokke. Hierdie onaangename gevoelens kom tot uiting in sy gedrag (Spodek, et al., 1984:12; DOK, 1986a:69 en Litton, 1978:13). Die geestelik vertraagde kind moet egter geleer word om sy emosies te beheer en op aanvaarbare wyse uiting daaraan te gee (De Villiers, 1987:66).

### 2.3.3 Kommunikasievermoë

Kommunikasie speel 'n belangrike rol in elke kind se ontwikkeling. Die onderskeiding en interpretasie van klanksimbole stel die individu in staat om na buite te beweeg, sy gevoelens en gedagtes met ander te deel asook om sy medemens se gedagtes en gevoelens te deel. Taal bring die kind nie net in kontak met die werklikheid nie, maar het ook 'n besondere invloed op ander terreine van sy ontwikkeling (Lombaard, 1981:73-74; Du Toit, 1985:42 en Bender et al., 1978(2):44). Taalbemeestering bring groter stabiliteit in die affektiewe lewe, omdat die kind sy behoeftes kan verwoord en dit bevorder sosialisering (Du Toit, 1985:42).

Taalontwikkeling vind teen 'n sekere tempo plaas. Navorsers het gevind dat die geestelik vertraagde kind se taal heelwat spesifieke tekorte vertoon wanneer dit met dié van 'n normale kind met 'n gelyke verstandsouderdom vergelyk word. Die spesifieke tekorte is die volgende: die sinne is kort en telegramagtig en die sinsbou eenvoudig. Die woordeskat is beperk en bestaan hoofsaaklik uit konkrete woorde (Du Toit, 1985:43). Die geestelik vertraagde kind ondervind gewoonlik ook probleme met gehoor, wat dan weer sy taalontwikkeling beïnvloed.

Sommige van hierdie kinders leer glad nie om te praat nie, terwyl ander weer hul woorde so onduidelik uitspreek dat dit vir buitestaancers moeilik is om hulle te verstaan (Du Toit, 1987:24).

Hierdie geestelik vertraagde kinders se taalarmoede bring mee dat hulle kommunikasie met die werklikheid en daarmee ook die geleenthede tot betekenisgewing kwantitatief beperk sal word. As gevolg van hulle taalbeperkings sal ook hul betrokkenheid by en beleving van situasies noodwendig negatief beïnvloed word (Du Toit, 1985:45 en Lombaard, 1981:282).

#### 2.3.4 Sekuriteitsbeleving

Die mens se gedrag bestaan nie slegs uit response op eksterne stimulering nie, maar ook uit response op innerlike belevinge of behoeftes (Coleman, 1980:92). Een van hierdie behoeftes is dié aan sekuriteit wat sedert die vroeë kinderjare ervaar word. Die kind wil fisies en psigies veilig en beskermd voel. Die behoefte aan veiligheid en geborgenheid is een van die fundamentele behoeftes van enige kind (Kruger, 1979:65 en Vedder, 1974:13). "Het kind dat zich veilig voelt, gaat de wereld exploreren, het kind wat dit beseft mist, durft niet naar buiten te gaan" (Vedder, 1974:13).

Die kind se gevoel van veiligheid word versterk deur ordelikheid, konsekwente ouerlike optrede, billikheid, dissipline, struktuur, grense en liefdevolle versorging (Bester, 1985b:32 en Kruger, 1979:65). "Geborgenheid is uiters belangrik by die VEG kind omdat dit die selfvertroue meebring wat hy gewoonlik nie deur eie vaardighede kan ontwikkel nie". (Steenkamp, 1978:30). 'n Gebrek aan sekuriteit lei daartoe dat die kind vreesbevange, beskroomd en onsosiaal is: hy steel, vertel leuens en hy kan ook aggressief, afknouerig en brutaal wees. 'n Tipiese kenmerk is die kind se soeke na liefde en aandag (Kruger, 1979:71).

### 2.3.5 Eksplorasievermoë

Die kind wil uit eie inisiatief die wêreld verken, ontdek en algaande eksploreer. Om te kan eksploreer beteken dat die kind hom van die volwassene moet distansieer en nie slegs nadoen nie, maar self ook doen. Op selfstandige wyse betree hy die onbekende en bekom selfvertroue om steeds verder te waag (Lombaard, 1981:69 en Sonnekus, 1977:22).

Elke kind wil hom fisies-psigies-geestelik verruim. Dit speel 'n minder belangrike rol by die geestelik vertraagde kind weens sy beperkte begrip en vermoëns. Motoriese probleme, wat algemeen by hierdie kinders voorkom, beperk verder die kind se eksplorasievermoë en so ook sy geleenthede om daarby betrokke te raak. Visuele bewuswording en toevallige leer word sodoende beperk (Lishman, 1985:137; Du Toit, 1985:49 en Steenkamp, 1978:30).

Die stigting van nuwe verhoudinge vind moeilik plaas, omdat die geestelik vertraagde kind dit gewoonlik nie maklik buite die bekende waag nie. Skielike onttrekking of verandering van die bekende omgewing of persone verbreek dikwels die bietjie selfvertroue wat opgebou is. Dit bring ook spanning by die kind (Steenkamp, 1978:30 en Lombaard, 1982:33).

### 2.3.6 Fisiese eienskappe

Identifisering van die fisiese gesteldheid van 'n kind word gewoonlik net na geboorte gedoen. Sommiges kan wel by geboorte geïdentifiseer word, soos die Downsindroom wat opvallende fisiese kenmerke het (Hewett, 1984:134 en Steenkamp, 1978:27). Die geestelik vertraagde kind word gewoonlik geïdentifiseer "even when gross physical abnormalities are absent, retardation may be so marked that the child fails to develop normally during the first years of life. Children who are listless, fail to smile or babble, or are unable to sit up, walk or talk within a normal length of time are all suspect" (Hewett, 1984:134).

By die geestelik vertraagde kind gaan gebrekkige fisiese groei gewoonlik gepaard met verstandelike vertraagtheid. Terselfdertyd vind die geestelike en fisiese ontwikkeling teen ongelyke spoed plaas (Steenkamp, 1978:40). In vergelyking met die normale kind is die geestelik vertraagde kind kleiner van postuur, geneig tot oorgewig, sy motoriese koördinasie is swakker, sy reaksietyd is stadiger, hy is onhandig in die hantering van voorwerpe, sy balans is swak, sy bewegings is lomp, die fynere hand- en vingerkoördinasie is swak, fisiese gebreke kom dikwels voor en soms is die skedel misvormd. Die kind se liggaamshouding is ook baie swak (Steenkamp, 1978:40; Van Wyk-verslag, 1967:35; Litton, 1978:13; Lombaard, 1982:34 en Sarason, 1980:429).

Fisies is die geestelik vertraagde kind swak, hy het min weerstand teen siektes en raak gou vermoeid (Du Toit, 1976:6; Litton, 1978:13 en Steenkamp, 1978:40). Liggaamlike en sintuiglike gebreke kom dikwels voor, asook skedel en rugmurgabnormaliteite (Du Toit, 1985:31; Steenkamp & Steenkamp, 1979:4; Litton, 1978:13 en Van Wyk-verslag, 1967:35).

Geestelike vertraagtheid is die primêre tekort en al die ander bykomende gestremdhede sekondêr. In baie gevalle is meer as een van die sekondêre gestremdhede teenwoordig (Interdepartementele Advieskomitee, 1982?:20).

## 2.4 KRITERIA VIR KLASSIFISERING AS GEESTELIK VERTRAAGDE KIND

Die klassifisering van geestelik vertraagde kinders gee tans nog aanleiding tot heelwat meningsverskil. Sommige skrywers is daarteen omdat die gebruikelike terminologie na hulle oordeel stigmasiserend en vernederend is vir beide ouer en kind. Tog is klassifisering belangrik aangesien dit groter noukeurigheid in navorsing meebring, dit vergemaklik kommunikasie tussen verskillende wetenskapdissiplines en gee ook 'n beter begrip van die spesifieke probleme van kinders met verskillende gestremdhede (Du Toit, 1985:2 en Maat, 1975:5).

Klassifisering berus gewoonlik op intelligensietoetsresultate, skolastiese prestasie en gedrag.

#### 2.4.1 Intelligensie

Die belangrikste faktor by die klassifisering van 'n kind as geestelik vertraag, is die kind se verstandsvermoë of intelligensie. Intelligensie dui op die "vermoë om tot insig te kom, om te begryp, vlugheid van insig en begrip" (HAT, 1985:468). Baie moeite is al gedoen om die begrip "intelligensie" te omskryf. Suran & Rizzo (1979:208) noem dat daar drie basiese gedagtes in die meeste definisies voorkom:

- "a) a capacity to learn;
- b) the sum total of knowledge that has been acquired by an individual, and
- c) the ability to adjust or to adapt to the total environment, especially to new situations".

Intelligensie is egter 'n belangrike aspek van opvoedingsvatbaarheid (Steenkamp & Steenkamp, 1979:5) wat deur verskeie faktore beïnvloed word. Die "onderskeiding van erflikheid- en omgewingsinvloede is alleen moontlik deur intensiewe ondersoek met behulp van psigometriese metodes, anamnetiese ontledings en persoonlike onderhoude" (Steyn, 1975b:15).

Vir sommige navorsers is die kind se verstandsouderdom (VO) en chronologiese ouderdom (CO) van groot belang. Die VO gee die intellektuele vlak van wat die kind in staat is om te doen, terwyl die CO aandui hoe lank dit die kind neem om daardie vlak te bereik. Die VO bly egter die beste voorspeller van hoe goed 'n kind met verskillende take vaar. Dit dui op die kind se kognitiewe funksionering. Erkenning moet egter ook gegee word aan die etiologie van die kind se probleme (Zigler et al., 1984:216-227).

Weens die veelheid van beïnvloedende faktore wat 'n rol kan speel, moet die IK-toetsresultate met groot omsigtigheid gebruik word. By die bepaling van kriteria gaan dit enersyds om die bepaling van die snypunt tussen opvoedbaarheid en opleibaarheid en andersyds om die snypunt tussen opleibaarheid en onopleibaarheid. Omdat die verstandsvermoë die belangrikste rol speel, moet die IK so betroubaar moontlik gemeet word. 'n IK van tussen 50 en 30 met grensgevalle bokant 50 en onderkant 30 word gebruik vir klassifisering as geestelik vertraagde (DOK, 1985:31; Interdepartementele Advieskomitee, 1982?:20 en Lombaard, 1981:122).

#### 2.4.2 Ander faktore

Versteurings in die intellektuele sfeer van die geestelik vertraagde kind gaan ook gepaard met afwykings in ander fasette van die persoonlikheid. Die gewetensfunksie is gebrekkig ontwikkel, sosiale aspekte soos selfversorging, selfhandhawing en -besluitneming is gebrekkig, aggressie en onverantwoordelikheid is redelik algemeen. Spraakgebreke in verskillende grade kom algemeen voor. Motoriese tekorte, visuele, ouditiewe, neurologiese en sensoriese probleme is verdere bydraende faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n kind as geestelik vertraag geklassifiseer word (Vedder, 1974:32; Steenkamp, 1978:26-40; Coleman, 1980:469-470; De Bruto, 1983:10 en Whitehead, 1983:5-6).

#### 2.4.3 Klassifikasiestelsels

'n Klassifikasiestelsel is noodsaaklik ten einde te bepaal watter soort opleiding elke geestelik vertraagde kind moet ontvang, sodat elk tot sy optimale potensiaal ontwikkel kan word. Daar bestaan vandag 'n verskeidenheid van klassifikasiesisteme vanuit die perspektief van die verskillende dissiplines. Die klassifikasiestelsel moet nuttig wees, dit moet persone groepeer volgens hulle vermoë om aan sekere vereistes te

voldoen. Dit moet helder omlin wees, eenvoudig en omvattend en getoets aan doelmatigheid (Steenkamp, 1978:51-55 en Litton, 1978:9-10).

Enkele lande se klassifikasiesistelsels soos wat dit vir onderwysdoeleindes gebruik word, word kortliks weergegee.

#### 2.4.3.1 Verenigde State van Amerika

Hoewel verskeie navorsers ietwat van mekaar verskil wat die verskillende grense betref, kan die volgende indeling as redelik algemeen geneem word:

IK-grense	Beskrywing
0-25	Sorgafhanklike geestelik vertraagde of verstandelik uiters gestremd. (Profound mentally retarded; totally dependent).
25-50	Opleibare geestelik vertraagde of verstandelik erg/ernstig gestremd (VEG). (Trainable mentally retarded; severely and moderately mentally retarded).
50-75	Onderrigbare geestelik vertraagde of verstandelik lig/matig gestremd. (Educable mentally retarded; mildly mentally retarded).

(Hewett, 1984:122-124; Gearheart, 1980:253-256; Coleman, 1980:470; Sarason, 1980:426-428; Litton, 1978:10; Du Toit, 1985:3; Dobbing et al., 1984:4 en Suran & Rizzo, 1979:213).

#### 2.4.3.2 Engeland

IK-grense	Beskrywing
0-25	Severely mentally subnormal (backward).
25-50	Mentally subnormal (backward).
50-75	Educational subnormality.

(Du Toit, 1985:3; Lombaard, 1981:12 en Maat, 1975:19).

#### 2.4.3.3 Nederland

IK-grense	Beskrywing
0-30	Idioten
30-50	Imbezielen
50-80	Debielen

(Vedder, 1974:35).

0-50	Zeer moeilik lerende kind (ZMLK).
50-70	Moeilik lerende kind (MLK).

(Du Toit, 1985:3).

#### 2.4.3.4 RSA

IK-grense	Beskrywing
-----------	------------

0-25	Sorgafhanklike geestelik vertraagdes.
25-50	Opleibare geestelik vertraagdes of verstandelik erg gestremdes. VEG.
50-85	Onderrigbare verstandelik gestremdes.

(Du Toit, 1985:3).

Maat (1975:297) maak die volgende aanbeveling:

0-30	Verstandelik uiters gestremd.
30-50	Verstandelik ernstig gestremd.
50-80	Verstandelik lig (matig) gestremd.

Daar is dus 'n redelike mate van ooreenstemming by die laagste twee groepe, naamlik IK 0-25 en 25-50. Slegs in Nederland word daar tans nie onderskeid gemaak tussen hierdie twee groepe nie (Du Toit, 1985:3).

## 2.5 SAMEVATTING

In hoofstuk 2 is aandag gegee aan die verskillende begrippe wat in die literatuur in verband met geestelike vertraagdheid voorkom. In hierdie studie word daar gebruik gemaak van daardie begrippe wat in Wet no. 63 van 1974 (die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders) ter sprake is. In die tweede plek is daar ingegaan op enkele aspekte waarvolgens die geestelik vertraagde kind geïdentifiseer kan word. Kriteria vir die klassifisering van hierdie kinders is kortliks bespreek en aandag is gegee aan enkele lande se klassifikasiesistels.

In Hoofstuk 3 sal die verskillende opvoedings- en opleidingsbehoefte van die geestelik vertraagde kind nagevors word aan die hand van sy basiese, persoonlike en sosiale behoeftes, asook sy opleiding ten opsigte van werksoriëntering.

## HOOFSTUK 3

### DIE OPVOEDINGS- EN OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND

#### 3.1 INLEIDING

Nadat verskillende begrippe, die identifisering van die geestelik vertraagde kind, die kriteria vir klassifisering en enkele klassifikasiesistelsels in hoofstuk 2 ondersoek is, sal die opvoedings- en opleidingsbehoefte van die geestelik vertraagde kind in hoofstuk 3 bestudeer word. Enkele basiese behoeftes van die geestelik vertraagde kind sal nagevors word en daarna sal sy opleidingsbehoefte ten opsigte van persoonlike- en sosiale behoeftes die aandag geniet. Die geestelik vertraagde kind se behoefte ten opsigte van werksoriëntering sal kortliks bespreek word, asook sy opleiding met behulp van musiek.

#### 3.2 BASIESE BEHOEFTE VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND

Die behoeftes van die geestelik vertraagde kind is dieselfde as die van die "normale" kind. Hy het voedsel, kleding en beskerming nodig. Soos die gewone kind, benodig die geestelik vertraagde kind ook geestelike, verstandelike en fisiese stimulering om hom te help om sy volle potensiaal te bereik en 'n aanvaarbare staanplek in die samelewing te vind (Carlson & Ginglend, 1962:15; Coleman, 1980:93 en Du Toit, 1985:14).

Hoe ernstiger die geestelike vertraagtheid, hoe groter is sy opvoedings- en opleidingsbehoefte (Bender, 1978(2):5). By die besinning oor hierdie behoeftes van die kind val die klem onmiddellik op die opvoedingsterrein en word die rol van opvoedingsinstansies en -faktore beklemtoon. Die

opvoedkundige vorming en opleiding van die kind moet "aansluit by die eise wat die basiese behoeftes van die mens stel" (Kruger, 1977:63). Die vorming word in 'n groot mate bepaal deur die wyse waarop die kind se basiese behoeftes bevredig word. Dit is gevolglik nodig om enkele van hierdie behoeftes kortliks te bespreek.

### 3.2.1 Liefde

Nadat die primêre liggaamsbehoefte, die fisiologiese behoeftes, bevredig is, moet die psigologiese behoeftes bevredig word. Hieronder is die behoefte aan liefde een van die belangrikste, veral in die geval van die geestelik vertraagde kind.

Die geestelik vertraagde kind wil ook beleef dat ander hom liefhet - tuis, by sy familie of waar hy in 'n inrigting verkeer. Hy het iemand nodig wat met hom gesels op 'n eenvoudige en verdraagsame wyse, lankmoedig en geduldig; iemand wat na hom luister, selfs as sy spraak onduidelik is; iemand wat 'n arm om sy skouers kan sit wanneer hy verontwaardig voel. "Most of all he needs a smile" (Carlson & Ginglend, 1962:15). Hy wil liefde ontvang en gee, hy wil aan iemand behoort. Die ervaring van versorgende liefde is vir dié kind van lewensbelang. Die ervaring van liefde stimuleer ook die kind se vermoë om liefde te gee (Carlson & Ginglend, 1962:15; Coleman, 1980:102-103; Geldenhuys, 1971:378-380 Kruger, 1977:65-66 en Sarason, 1980:78).

Coleman (1980:98) noem verder "to love and to be loved are crucial to healthy personality development and adjustment". Liefdevolle versorging en aanvaarding kan ander gebrekkige ontwikkeling, soos fisiese gebreke, gedrags- en dissiplineprobleme neutraliseer. "Die besondere plek wat die ervaring van liefde inneem, blyk uit uitsprake van die Heilige Skrif, in die besonder soos dit vervat is in die tweede tafel van die Wet" (Kruger, 1977:66). Die bevrediging van hierdie behoefte speel ook 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die kind se selfkonsep (Bester, 1985(b):33). Die geestelik vertraagde kind is gelukkig as sy liggaam gesond en versorg is en hy die nodige liefde ontvang. Hy het 'n onversadigbare behoefte

aan liefde en "het net soveel liefde om terug te gee met die geringste aanmoediging" (Steenkamp & Steenkamp, 1979:5).

### 3.2.2 Sekuriteit

Die behoefte aan liefde en die gevoel van sekuriteit loop hand aan hand. Reeds in die vroeë kinderjare soek die kind na sekuriteit, wil hy fisies en psigies veilig en beskermd voel. Gebrek aan sekuriteit kom tot uiting in die kind se gedrag en kan lei tot onaangename gevolge (Coleman, 1980:97 en Kruger, 1977:65). Die kind se gevoel van veiligheid word versterk deur ordelikheid, konsekwente optrede, billikheid en dissipline wat weer lei tot die ontwikkeling van selfdissipline (Bester, 1985(b):32 en Kruger, 1977:65). Vedder (1974:13) noem verder dat "het veilige kind gaat op de wereld in, gaat op de dingen en de mensen af".

Die geestelik vertraagde kind is baie onseker en voel maklik bedreig en onveilig in 'n wêreld wat hy as gevolg van sy beperkte vermoëns nie kan verstaan nie (Steenkamp & Steenkamp, 1979:5). Positiewe optrede teenoor hierdie kind, ook buite die huislike atmosfeer, sal sy sekuriteitsbeleving tot voordeel strek.

### 3.2.3 Aanvaarding

Elke mens het 'n behoefte daaraan om aanvaar te word. Die geestelik vertraagde kind wil aanvaar word soos wat hy is, met al sy beperkinge. Om deel van 'n groep, 'n gesin of klasgroep te wees en saam met ander mense dinge te doen, kan hierdie gevoel van aanvaarding verstewig. So 'n aanvaardende houding impliseer dat die volwassene verstaan hoekom die kind dink en voel soos wat hy wel doen. Dit impliseer verder dat die volwassene respek toon vir die kind as unieke mens met unieke gevoelens, belangstellings, talente en idees. Indien die volwassene die kind aanvaar soos wat hy is, gee dit aan die kind die nodige vrymoedigheid om

openhartig teenoor die gesagsdraer te wees en om gevoelens, probleme en bekommernisse vryelik met hom te bespreek. Die kind beseft dan dat hy nie veroordeel of verkleineer sal word nie (Bester, 1985(b):31 en Carlson & Ginglend, 1962:15).

Die affektiewe ontwikkeling van die kind staan in noue verband met die kognitiewe ontwikkeling. "Ongunstige beleving soos verwerping en die beleving van mislukkings kan rigiede weerstandshoudings en ernstige gedragsprobleme laat ontstaan" (Du Toit, 1985:53). Carlson & Ginglend (1962:16) noem ook dat 'n kind die behoefte het om iets vir ander te doen. "This is part of acceptance and part of achievement". Hy het behoefte daaraan om te help tafel dek, die melkbottel uit te sit, iets skoon te maak of om te help bed-opmaak. Hy wil voel dat hy ook benodig word.

### 3.2.4 Dissipline

'n Kind het dissipline nodig. Die geestelik vertraagde kind ervaar te veel vryheid slegs as 'n frustrasie. Hy wil weet waar hy staan en wat hy mag en nie mag doen nie en dan nog steeds aanvaar word. "He will have more fun in life when he has learned to follow rules" (Carlson & Ginglend 1962:17). Gebrek aan die nodige gesag en dissipline lei tot verveeldheid en gedragsprobleme wat die ouer nie kan hanteer nie.

Dissipline moet ferm wees. Die geestelik vertraagde kind moet leer wat "nee" beteken en wat nie sosiaal aanvaarbaar is nie. Die geestelik vertraagde kind soek veral liefde, aanvaarding en beskerming en dit bied die raamwerk vir sy dissiplinering. "Basies kom die hantering neer op konsekwente, volgehoue, geduldige stimulering en dissiplinering in 'n aangename atmosfeer sodat hy kan leer om sover as moontlik selfstandig te word" (Steenkamp & Steenkamp, 1979:15).

Oorvloedige liefde en aandag maak egter nie dissipline oorbodig nie. Liefde kweek nie by die kind selfdissipline nie en ook nie selfbeheersing en respek vir die medemens nie. Onderrig en leiding is altyd nodig (Bester, 1985b:32).

Indien dit aanvaar word dat elke kind, wie hy ookal mag wees, gedissiplineer kan word, "then it follows that with practice and well-organized activities he can be taught and educated in many varied skills" (Lishman, 1985:138).

### 3.2.5 Eie identiteit

Eie identiteit is daardie konsep of beeld wat die individu van homself het "as a physical, social and spiritual or moral being" (Gecas, 1982:3). Identiteit fokus op die betekenisvolle bestaan van die self as 'n objek, dit gee struktuur en inhoud aan die selfbeeld en anker die self aan sosiale strukture (Gecas, 1982:4). Dit sluit ook die persoon se evaluering in van sy fisiese, psigiese en sosiale kenmerke. Hierdie waardebepalende aspek van die selfbeeld staan bekend as selfagting. Die individu se selfbeeld op 'n gegewe oomblik gee rigting aan sy gedrag en die ideale wat hy nastreef, ook ten opsigte van sy eie ontwikkeling en die wyse waarop hy nuwe situasies tegemoet gaan (Bester, 1985a:82 en Du Toit, 1985:50).

"Basic to developing social skills is the development of a positive self-concept and self-identity" (Litton, 1980:145). Eie identiteit is die spilpunt waarom die persoonlikheid en menslike vaardighede draai (Litton, 1980:145). Die selfbeeld van die kind ontstaan geleidelik namate hy homself en sy eie vermoëns leer ken. Dit word in 'n besondere mate gebou deur die wisselwerking tussen die kind en die mense rondom hom. In die optrede van ander mense teenoor hom, beoordeel die kind homself (DOK, 1986b:69 en Du Toit, 1985:50).

Die selfbeeld kan positief wees wanneer die geestelik vertraagde kind vertrou in homself het en bereid is om te eksploreer. Indien die kind onseker of bang is en 'n gebrek aan vertrou in sy vermoëns het, kan die selfbeeld negatief wees. By die geestelik vertraagde kind is die selfbeeld gewoonlik negatief (Coleman, 1980:98; DOK, 1986b:70 en Du Toit, 1985:50). Hierdie negatiewe selfbeeld en bepaalde aangeleerde

houdings as gevolg van teleurstellings en mislukkings, word later persoonlikheidskenmerke (Du Toit, 1985:52).

Die geestelik vertraagde kind wil ook van ander verskil, maar dan binne 'n bekende en vertroude wêreld. Dit kan slegs plaasvind met besondere opvoedingshulp (Lombaard, 1981:279 en Steenkamp, 1978: 31). Carlson & Ginglend (1962:18) noem dat "a retarded child needs to be known as a person, a whole person, capable of enjoying life and giving enjoyment to others".

Dit is belangrik dat elke geestelik vertraagde kind 'n positiewe eie identiteit sal koester om sy potensiaal maksimaal te benut en om doeltreffend te funksioneer (Bester, 1985a:84).

### 3.2.6 Ontwikkelingsmoontlikhede

By die geestelik vertraagde kind vind dieselfde ontwikkelingpatroon soos by ander kinders plaas. Dit vind egter teen 'n veel stadiger tempo plaas. Dit is nie vreemd om 'n geestelik vertraagde kind van drie of vier jaar te kry wat nog nie kan loop nie. Daar is verskeie bydraende faktore wat hierdie kind se ontwikkeling strem, byvoorbeeld 'n swakker spierstelsel, minder fisiese energie, oorgewig, hiper- en hipo-aktiwiteit, stadige reaksies en 'n agterstand in perseptuele- en sintuiglike ontwikkeling, asook die gebrekkige intellektuele vermoë (Van der Schyff, 1985:25). Hierdie kinders se prestasies en ontwikkeling moet gemeet word volgens elkeen se persoonlike potensiaal (Carlson & Ginglend, 1962:16).

Die geestelik vertraagde kind bly egter vir 'n baie langer periode afhanklik van die volwassene en bereik dan ook sy optimale ontwikkelingsvlak heelwat later as die normale kind. Die verwagte optimale ontwikkelingsvlak hang in 'n groot mate af van die aard en omvang van die bemoeienis met en betrokkenheid by elke geestelik vertraagde kind (Lombaard, 1982:33).

### 3.2.7 Kreatiwiteit

Elke mens wil graag iets skep. Die geestelik vertraagde kind is nie kreatief in die ware sin van die woord nie, maar baie van hulle beskik oor 'n besondere aanleg vir teken, sing of die hantering van een of ander musiekinstrument. Met die nodige leiding en bemoëienis kan die kind 'n artikel voltooi: "they find fun in doing something myself" (Carlson & Ginglend, 1962:17). Die kind wil geleentheid hê tot kreatiwiteit en waardering van besondere werk. Dit dien as kompensasie en bevorder waarneming van en reaksie op sy omgewing (Eydenberg, 1986:1-2; Hewett & Forness, 1984:137 en Spodek et al., 1984:278). So kan die taalgestremde kind byvoorbeeld "learn to use art media to express ideas that cannot be put into words" (Spodek et al., 1984:278).

Voorsiening in die geestelik vertraagde kind se behoefte aan kreatiwiteit bevorder nie net sy selfbeeld nie, maar stel hom ook in staat om sy moontlike potensiaal te ontwikkel, produktief te wees en deel te word van die wêreld om hom (Eydenberg, 1986:2 en Gearheart, 1980:271). Kreatiwiteit bied aan die geestelik vertraagde kind betrokkenheid, sukses en plesier (Lynch & Margolis, 1985:16-17).

### 3.2.8 Prestasie

Elke mens wil graag voel dat hy iets werd is - hy wil "iemand" wees. Hierdie behoefte word in 'n groot mate bevredig deur te presteer, sukses te behaal. Sukses staan sentraal in alle opvoedings- en opleidingspogings. Sukses lei tot beter motivering, verbetering van gedrag en die uitbouing van die selfbeeld. Elke opvoeder en werkgewer is bewus van die waarde van selfs 'n enkele woord van lof en erkenning. "By die kind word die behoefte aan prestasie, erkenning en agting gedemonstreer in sy uitroep 'Kyk!' 'Kyk!' wanneer hy andere se aandag op sy poging wil vestig" (Kruger, 1977:66).

By die geestelik vertraagde kind wat veelvuldige mislukkings ervaar, is die fokus op die behoefte "to experience success in a quick and an obvious fashion" (Lishman, 1985:153). Prestasie moet gesien word in die lig van die kind se tekortkominge. Elke individu moet aanvaar word soos wat hy is. Soek na elke klein teken van ontwikkeling en deel in sy vreugde. Die geringste prestasie moet raakgesien en geprys word (Carlson & Ginglend, 1962:16).

### 3.3 OPLEIDINGSBEHOEFTES VAN DIE GEESTELIK VERTRAAGDE KIND

Aangesien die geestelik vertraagde kind op verskeie terreine tekortkominge ervaar, moet die opleiding en verwerwing van vaardighede so funksioneel moontlik wees. Daarom moet die kind versigtig gelei en gevorm word ten einde ten volle in sy opvoedings- en opleidingsbehoefte te voorsien (Bender et al., 1979(1): 43 en Reid et al., 1985:301).

#### 3.3.1 Opleiding ten opsigte van persoonlike behoeftes

##### 3.3.1.1 Fisies-motoriese en sintuiglike ontwikkeling

Basiese bewegingsvaardighede is essensieel vir die uitvoering van verskeie take in die daaglikse lewe. Om in hierdie behoefte van die geestelik vertraagde kind te voorsien, moet die opleiding daarop gerig wees "to help the individual develop an awareness of himself, his body and its capabilities, and to encourage the use of movement as a means to learn about the environment" (Litton, 1978:168). Die kind se motoriek vorm 'n integrale deel van sy totaliteit-in-kommunikasie met sy omringende werklikheid. Motoriese ontwikkeling is daardie ontwikkeling van beheerde liggaamsbeweging. Die kind as persoon is daarby betrokke en die motoriese ontwikkeling is nie bloot outomatiese reaksies waaraan

slegs die spiere deel het nie (DOK, 1986b:99; Du Toit, 1985:48 en Gearheart, 1980:270).

Die waarde van motoriese ontwikkeling mag nooit onderskat word nie. Die geestelik vertraagde kind word as gevolg van sy voorkoms en veral sy lomp bewegings maklik herken in die samelewing. Goeie motoriese ontwikkeling in die kleuterstadium lei tot meer en beter gekoördineerde bewegings by die ouer kind (Pretorius, 1985:46 en Van der Schyff, 1985:25). Goeie motoriese ontwikkeling kring dan wyer uit. Sodra die kind flink en vinnig kan beweeg, kan hy deelneem aan sosiale byeenkomste soos spanspele, atletiek en krieket. Dit bring mee dat hy ook fisies fiks moet wees en dat hy sosiaal aanvaarbaar word en homself kan besig hou (Gearheart, 1980:270; Litton, 1978:169; Pretorius, 1985:46 en Van der Schyff, 1985:25).

By motoriese ontwikkeling word onderskei tussen groot- en fyn motoriek. Die groot motoriese bewegings is dié waarin die groter spiere van die liggaam gebruik word, byvoorbeeld vir loop en spring, en die fyn motoriese bewegings die kleiner spiere soos vir skryf, verf en die hantering van gereedskap. Fyn motoriese vaardighede word egter moeilik aangeleer (DOK, 1986b:99; Du Toit, 1985:53 en Gearheart, 1980:270). Die suksesvolle bemeestering van fyn motoriese vaardighede is essensieel vir die geestelik vertraagde kind se optimale funksionering (Bender et al., 1979(1): 247). Die groot motoriese bewegings ontwikkel gewoonlik spontaan, maar die motoriese vaardighede moet aangeleer word (DOK, 1986b:99).

Motoriese ontwikkeling is nou verbonde aan waarneming. Die twee ontwikkel gelyktydig. Die kind se vermoë om te sien, hoor, tas of ruik, kry deur sy beweging nuwe betekenis. Die geestelik vertraagde kind se ruimtelike oriëntasie, lateraliteit en rigtingsekerheid ontwikkel baie stadig. Dit beïnvloed weer ander ontwikkelingsareas by die kind (De Villiers, 1987:66; DOK, 1986b:99; Du Toit, 1985:48; Gearheart, 1980:270; Landy, 1987:40). Waarneming is die interpretasie en singewing deur die bewussyn van inligting wat deur die sintuie versamel word - 'n kognitiewe proses (DOK, 1986b:98; Du Toit, 1985:45; Gouws et al., 1981:329 en Odendal et al., 1985:832 en 1337). By die geestelik vertraagde kind is die waarneming vlugtig van aard, vaag en onbeduidend omdat hy nie

onderskeidend ingestel is nie. Sodanige swak waarneming sal verder daartoe lei dat "die kind nie altyd die werklikheid as betekenisvol sal ervaar en positief sal beleef nie" (Du Toit, 1985:47).

Fisies-motoriese en sintuiglike ontwikkeling beïnvloed die geestelik vertraagde kind se algehele ontwikkeling: die kind word meer selfstandig, sy selfbeeld verbeter sy sosialisering, emosionele stabiliteit, waarneming en liggaamsbeeld word bevorder, sy ruimtelike oriëntasie, taal en denke word bevorder, beter beroepsgeleenthede word aan hom gebied, asook sy algemene gesondheidstoestand en geleenthede vir ontspanning word bevorder (De Villiers, 1987:66; DOK, 1986b:99-101; en Pretorius, 1985:46). Hierdie kind het behoefte daaraan dat sy fisiese gesteldheid en die implikasies daarvan vir sy volwassewording en opleiding begryp word, sy opvallende bykomende gestremdhede geïdentifiseer word, sy fisiese nood raakgesien en hy dan op toepaslike wyse gehelp word (Du Toit, 1985:24).

### 3.3.1.2 Veiligheid

Die geestelik vertraagde kind gaan mank aan veiligheidsbewustheid. Om in hierdie kind se veiligheidsbehoefte te voorsien, moet die kind voortdurend bewus gemaak word van gevare in en om die huis, die opleidingsentrum, werkplek en sy omgewing. Hy moet minder afhanklik en meer beweeglik gemaak word. Hy moet leer hoe om situasies en voorwerpe wat gevaar inhou, te hanteer - sonder om hom vreesbevange te maak en sonder om hom bevrees te maak om nuwe dinge te ontdek. Sodra die kind weet hoe om gevare te vermy en te hanteer, kan hy met groter vrymoedigheid toegelaat word om in sy omgewing sonder toesig of met 'n mindere mate van toesig te beweeg (Bender et al., 1978(2): 265; De Villiers, 1987:66 en DOK, 1986b:73).

### 3.3.1.3 Liggaamlike aktiwiteite

Nou verbonde aan motoriese aktiwiteite en veiligheid, is liggaamlike aktiwiteite. Agterstand in motoriese ontwikkeling is 'n verskynsel wat dikwels in minder of meerdere mate by die geestelik vertraagde kind voorkom. In die selfstandigmaking van hierdie kind speel motoriese vaardigheid 'n belangrike rol. Die geestelik vertraagde kind se leefwêreld word aansienlik verruim namate die verworwe motoriese vaardighede meer beweeglikheid aan hom verleen. Die onafhanklikheid wat sodoende verwerf word, dien as groot stukrag vir sy selfvertroue in sy omgang met homself en sy omgewing (Lombaard, 1981:163-165).

Aangesien die geestelik vertraagde kind gou vermoeid raak as gevolg van sy fisiese swakheid, moet die liggaamlike aktiwiteite daarop gerig wees om hom fisies fiks te maak. Indien die kind fiks is kan hy makliker sy daaglikse verpligtinge nakom (Lishman, 1985:159 en Litton, 1978:169). 'n Gesonde liggaam huisves tog 'n gesonde gees en dit is nodig vir sy deelname en meelewing in die gemeenskap (Bender et al., 1979(1): 181).

Die geestelik vertraagde kind se fisiese gesteldheid beïnvloed sy psigiese lewensvoltagekking en mag daarom nie oor die hoof gesien word nie. "Dit is die persoon: liggaam, psige en gees as totaliteit in funksie, wat in kommunikasie met die werklikheid verkeer en daaraan betekenis gee" (Du Toit, 1985:25). Sy deelname aan liggaamlike aktiwiteite lei tot 'n beter selfbeeld en selfvertroue, bevorder sosialiteit, samewerking en lojaliteit en verminder aggressie, angs en spanning. Die positiewe terapeutiese waarde van liggaamlike aktiwiteite moet nooit onderskat word nie. Kinders en volwassenes moet gevolglik aangemoedig word om een of ander aktiwiteit waarin hulle belangstel en waarin hulle hul kan uitleef, te beoefen (Weyers & Bester, 1982:79-82).

### 3.3.1.4 Beroepsaktiwiteite

Die geestelik vertraagde kind het ook 'n behoefte daaraan om produktief te wees. Hy word ook opgeroep tot dienslewering en arbeidsverrigting (Lombaard, 1981:143). Om aan hierdie oproep te voldoen, word die kind reeds vanaf die kleuterjare opgelei om daardie mate van volwassenheid te bereik waartoe hy in staat is. Die kind moet sover as wat dit in sy vermoë is, arbeidsgeoriënteerd raak. Die kind moet voorberei word om in 'n beskermde werkplek sy arbeid te verrig en om die basiese huishoudelike takies te bemeester. Die aanwending van verskillende soorte materiaal, die gebruik van eenvoudige aparate en die aanwending van bepaalde arbeidstegnieke moet aangeleer word (De Villiers, 1987:68).

Aangesien die geestelik vertraagde kind se intrinsieke motivering baie swak is, moet hy ekstrasiek gemotiveer word, op 'n wyse wat hy kan verstaan, om met 'n taak te begin en dit te voltooi. Daar moet gesorg word dat die geestelik vertraagde kind nie in die gewoonte kom om halfpad tou op te gooi nie. In die voltooiing van die taak of werkstuk moet hy sukses ervaar (DOK, 1986b:6).

Deur die opleiding in beroepsaktiwiteite en die sukses wat ervaar word, kan die geestelik vertraagde kind ook 'n klein salaris verdien. Dit bring dan mee dat hy ook as verbruiker sy deel in die gemeenskap kan bybring as aanvaarde mens wie se behoeftes en dikwels onderskatte moontlikhede raakgesien word (Essig, 1985:70).

### 3.3.1.5 Verantwoordelikheid

Net soos die normale kind, moet die geestelik vertraagde kind ook geleentheid kry om self take te inisieer, om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar en om seggenskap te hê in aangeleenthede wat hom raak. Hy moet weet dat hy vertrou word en nie gedurig dopgehou word nie. Verantwoordelikhede wat hy by magte is om te hanteer, moet stelselmatig aan hom oorgedra word. Dit sal ook sy gedrag en sosiale interaksie

beïnvloed, in so 'n mate dat hy meer onafhanklik en verantwoordelik sal word. Sodanige optrede bevorder ook die kind se selfbeeld (Bester, 1985b:36 en Wooster, 1982:87). Die aanvaarding van verantwoordelikheid voorsien ook in die behoefte aan prestasie, erkenning, vertroue, waardering en waardigheid (Bester, 1985b:35).

### 3.3.1.6 Godsdien

Religieuse opvoeding vorm die grondslag en einddoel van alle opvoeding, want "vir die Calvinis is die hoogste lewensdoel die verkondiging van die lof en eer van God" (Kruger, 1975:17). Baie geestelik vertraagde kinders vind 'n antwoord vir hul behoeftes in aanbidding. "They are able to put their trust in a divine person who is interested in their problems" (Wood, 1983:179).

Die Christelike godsdien is 'n leefwyse, nie iets wat aan die kind geleer kan word nie. Godsdiensoonderrig omsluit baie meer as slegs Bybelverhale. Dit is seker die belangrikste deel van opvoeding en opleiding (Marais, 1980:35 en Tandy, 1987:41). Hoewel die geestelik vertraagde kind "dinge wat hy nie direk sintuiglik kan waarneem nie, moeilik begryp en verstaan, moet godsdiensoonderrig steeds besondere aandag geniet" (De Villiers, 1987:68 en DOK, 1986b: 224).

Deur die wyse waarop met die Skrif omgegaan word, moet die kind eerbied en respek daarvoor ontwikkel. Die geestelik vertraagde kind leer ook dat God van hom verwag om Hom lief te hê en om mekaar lief te hê. Hy moet verstaan dat dit onder andere gehoorsaamheid, eerlikheid, hulpvaardigheid, sagmoedigheid, vriendelikheid en so meer beteken. Hierdie konsekwensies moet voortdurend vir die kind deurgetrek word na sy eie lewe. Hy kan nie uit sy eie die toepassing maak nie (De Villiers, 1987:68; DOK, 1986b:224 en Marais, 1976:1). Deur die onderwyser se optrede en voorbeeld moet hy betekenis aan die Woord kan gee. So kan die geestelik vertraagde kind saam met die ouers gelei word tot 'n kinderlike geloof en 'n ware liefde vir God en 'n opregte geloof in sy Skepper. So 'n vertroue in God kan vir die kind van groot betekenis

wees: 'n sin vir wat reg en verkeerd is, sekuriteit, lewensvreugde en die besef dat sy lewe ook sinvol is (DOK, 1986b:224; Marais, 1980:35 en Tandy, 1987:41). Dit bevredig ook die kind se behoefte aan prestasie (Carlson & Ginglend, 1962:15).

Tydens humeuruitbarstings bring verwysing na die Skrif of 'n kort eenvoudige gebed, rus en kalmte by die geestelik vertraagde kind. Sy gesig en gemoed verhelder by die sing of aanhoor van Psalms en Gesange en ander gewyde liedere. "Hymns and choruses are particularly uplifting for handicapped people as they often express the problems and anxiety of life and then provide answers to these problems" (Wood, 1983:179).

### 3.3.2 Opleiding ten opsigte van sosiale behoeftes

#### 3.3.2.1 Selfversorgendheid

Die geestelik vertraagde kind het 'n groot gebrek aan selfversorgingsvaardighede wat hom die meeste laat afsteek by die normale kind. Hierdie kind het gevolglik spesiale hulp nodig in die aanleer van die basiese gewoontes van selfsorg. Selfversorging is egter 'n omvattende begrip, maar 'n absolute noodsaaklike aspek van suksesvolle menswees. Dit is noodsaaklik dat die geestelik vertraagde kind geleer sal word om sover moontlik selfstandig en onafhanklik van ander te wees, veral omdat hy tussen mense leef vir wie die versorging van die eie persoon 'n alledaagse en vanselfsprekende handeling is (Bender et al., 1979(1): 87; DOK, 1986b:18 en Sarason, 1980:429).

Aspekte wat besondere aandag moet geniet, is persoonlike reinheid en voorkoms, aan- en uittrek, goeie eet- en drinkgewoontes en toiletgewoontes en -beheer. Dit is daaglikse vaardighede wat bemeester moet word, sodat die kind 'n funksionele lid in die gemeenskap kan word. Namate die geestelik vertraagde kind leer om homself te versorg, ontwikkel hy 'n vaardigheid, maar word daar ook positief gebou aan sy

selfbeeld en baat hy ook ten opsigte van sosialisering. Sy verantwoordelikhedsin word ook ontwikkel. (Bender et al., 1979(1): 88; De Villiers, 1987:66; DOK, 1986b:18 en Lombaard, 1981:157).

### 3.3.2.2 Sosiale aanvaarbaarheid

Die geestelik vertraagde kind verrai sy gestremdheid baie maklik aan ander deur sy sosiale optrede. Dit word gedoen wanneer hy onbeholpe en onnatuurlik optree, oorafhanklik van ander is en nie die nodige diskresie toon in verband met toelaatbare en ontoelaatbare gedrag nie. Hierdie kind moet ook as sosiale wese opgevoed word en volwasseheid, normaliteit en onopvallendheid moet die einddoel wees. Dit beteken dat sy optrede as korrek en sosiaal aanvaarbaar beskou moet word, sodat hy minder opvallend "anders" sal wees (Bender et al., 1978(2): 159).; De Villiers, 1986a:66-67 en DOK, 1986b:51). Sosialisering is noodsaaklik vir die geestelik vertraagde kind. Hy moet leer om tussen ander mense te lewe en met hulle oor die weg te kom, sodat hy ook in die samelewing kan inskakel. Hy moet leer wat die norme en waardes van die gemeenskap is om sodoende sosiaal aanvaarbaar te wees. Die sosialisering van die geestelik vertraagde kind raak die volgende terreine van sy lewe:

- \* Die eie persoon: hieronder val affektiewe stabiliteit, 'n positiewe selfbeeld, die vermoë om gevoelens te beheer en nie op onaanvaarbare wyse daaraan uiting te gee nie, die maak van keuses, gesagsaanvaarding, gehoorsaamheid, netheid, verantwoordelikheid, pligsgetrouheid, respek vir ander se goed, stiptelikheid, eerlikheid en so meer;
- \* sy optrede teenoor andere: hy moet leer om vriendelik, behulpsaam, mededeelsaam en simpatiek te wees en gepaste aanspreek- en beleefheidsvorme te gebruik;
- \* sy optrede in die openbaar: dit sluit in toelaatbare en ontoelaatbare openbare optrede, gedrag in verskillende sosiale omstandighede, byvoorbeeld in 'n bus, winkel, kerk, hospitaal en so meer. Kennis

van die algemene sosiale simbole en tekens soos "Dames", "Here", "Stop", "Hosp." en so meer (Bender et al., 1978(2): 159; De Villiers, 1986:68; DOK, 1986b:52; Gearheart, 1980:270 Lombaard, 1981:141 en Meyer & Kohl, 1985:44).

Die geestelik vertraagde kind moet optimaal kan funksioneer in sosiale en interpersoonlike situasies, sodat hy 'n sosiaal-aanvaarbare persoon in die samelewing kan wees. Hy moet ook kan deelneem aan ontspanningsaktiwiteite aangesien hy ook behoefte daaraan het om deel van 'n groep te wees. "These children want social approval, and social success encourages them to participate socially" (DOK, 1986b:57; Spodek et al., 1984:258 en Tandy, 1987:40).

### 3.3.2.3 Kommunikasievermoë en skolastiese vaardigheid

Bevredigende kommunikasie is een van die geestelik vertraagde kind se grootste probleme. Taal is van primêre belang vir positiewe en bevredigende aanpassing in die gemeenskap. Die taal van die geestelik vertraagde kind ontwikkel heelwat stadiger as die van die normale kind. Dit word gekenmerk deur 'n eenvoudige taalstruktuur en 'n beperkte en konkrete woordeskat wat die benutting van taal vir die denke nadelig beïnvloed (Du Toit, 1985:53).

Die geestelik vertraagde kind moet dus opgelei word om so goed as moontlik met ander te kan kommunikeer. Namate hy leer om meer effektief te kommunikeer, baat ook ander areas van sy ontwikkeling daarby, soos byvoorbeeld sy sosialisering, sekuriteitsbeleving, selfbeeld en sy affektiewe- en kognitiewe ontwikkeling. Die vermoë om te praat, stel die kind in staat om sy behoeftes bekend te maak, met sy maats, ouers en volwassenes in die gemeenskap op 'n verstaanbare wyse te kommunikeer en in die vreugde en leed van ander te deel (De Villiers, 1987:66; DOK, 1986b:161 en Lombaard, 1981:143). Die kind wat nie sy gevoelens en begeertes bekend kan maak nie, ondervind soveel innerlike frustrasie dat dit dikwels tot 'n verskeidenheid gedragsprobleme lei wat weer die onderlinge verhoudinge versteur. Die gevolg is dat die kind wat nie kan

praat nie, noodwendig so gestrem word in sy ontwikkeling dat hy ook nie sy potensiaal kan verwerklik nie (Du Toit, 1987:25).

Hoewel daar sommige geestelike vertraagde kinders is wat glad nie leer om te praat nie, is daar tog een of ander nie-verbale vorm van kommunikasie wat aangeleer kan word. Die aanleer van 'n nie-verbale kommunikasiestelsel kan nie gewone taal vervang nie, maar dit kan in 'n groot mate verligting bring en "veral tot die kind se innerlike belewenisse en sosialisering 'n belangrike bydrae lewer" (Biasini & Bray, 1986:686; Du Toit, 1987:25 en Hupp et al., 1986:558).

Om die geestelik vertraagde kind se behoefte aan kommunikasie verder te bevredig, is die opleiding en onderrig in funksionele skolastiese vaardighede ook nodig. Hierdie onderrig sluit lees- en skrifonderrig en getalbegrip in waar die klem geplaas word op die funksionele aspek daarvan, met ander woorde die bruikbaarheid van hierdie vaardighede en kennis. Dit moet die kind byvoorbeeld in staat stel om die telefoon te gebruik, die strykyster of stoof te stel, basiese aftelwerk, sorteerwerk, en so meer in 'n arbeidsituasie te verrig (De Villiers, 1987:68; DOK, 1986b:174 en Sarason, 1980:429).

'n Basiese kennis van hierdie skolastiese vaardighede is vir die geestelik vertraagde kind van groot waarde. Dit lei tot groter selfstandigheid, dit verbeter sy sosialisering, verhoog sy gevoel van eie waarde, dit rus hom beter toe vir sy toekomstige werk, hy kan sy vrytyd sinvol bestee deur eenvoudige boekies te lees en dit kan hom ook in staat stel om aan groepspele deel te neem (DOK, 1986b:174).

Leesonderrig ontwikkel die kind se waarnemingsvermoë, sy woordeskat brei uit wat sy kommunikasie bevorder, dit stel hom in staat om alledaagse begrippe en terme te verstaan en om hierdie begrippe te assosieer met die geskrewe simbole. Uiteindelik sal sommiges in staat wees tot genotlees, die lees van 'n breipatroon of resep, name, nommers, etikette, en so meer. "Functional reading is the aim rather than attempting to turn the pupils into scholars" (Tandy, 1987:40; DOK, 1986b:175-176; Gearheart, 1980:270 en Litton, 1978:189).

Skrifonderrig moet sover as moontlik ontwikkel word. Volgens Bender (Bender et al., 1978(3): 23) is die skryfvaardigheid nie slegs 'n kommunikasie-middel nie, maar ook 'n belangrike sosiale vaardigheid. Litton (1978:195) noem "It is one of the highest forms of communication and therefore one of the last to be mastered". Die geestelik vertraagde kind se skrif sal onduidelik, baie stadig en selfs onbevredigend wees en sal baie stadig ontwikkel. Hy kan tog geleer word om byvoorbeeld sy naam, adres, ouderdom, telefoonnommer, belangrike woorde, ensovoorts te skryf (Bender et al., 1978(3): 23; Gearheart, 1980:270 en Litton, 1978:196).

Getallebegrip is ook noodsaaklik vir die geestelik vertraagde kind. Wanneer hy 'n elementêre begrip van getalle het, dra dit positief by tot sy selfstandigwording en selfbeeld. Die kind word dan in staat gestel om sy bus- en treingeld te bereken, toegangskaartjies aan te koop, die openbare telefoon te gebruik, aftelwerk te doen, ensovoorts (Bender et al., 1978(3): 23-24; DOK, 1986b:208; Gearheart, 1980:270; Litton, 1978:199 en Tandy, 1987:40).

Kennis van die tydkonsep is 'n belangrike aspek aangesien die kind by afsprake moet hou, betyds by die opleidingsentrum of werk moet wees en om sekere take op spesifieke tye af te handel (Bender et al., 1978(3): 25 en Gearheart, 1980:270).

Uit voorgaande is dit duidelik dat voortdurende en doelbewuste opleiding ten opsigte van die geestelik vertraagde kind se behoefte aan kommunikasie- en skoolastiese vaardigheid noodsaaklik is.

#### 3.3.2.4 Omgewingsbewustheid

Die geestelik vertraagde kind het ook 'n behoefte daaraan om kennis te dra oor sy omgewing en natuur. Dit sal meebring dat hy makliker in die samelewing sal kan inskakel. Hierdie kennis en begrip kan beperk wees tot sy onmiddellike omgewing, dit sal hom meer aanvaarbaar maak in die samelewing waarin hy hom bevind. Hutchins & Renzaglia (1983:68) stel

dit soos volg: "It is certainly presumed that one's environment can directly affect behavior and growth, and that an inappropriate environment can contribute to the display of undesirable behaviors" (Hutchins & Renzaglia, 1983:68; Lombaard, 1981:169 en Walker, 1985:221).

Die geestelik vertraagde kind se ervaringsveld is beperk, omdat sy belangstellings in homself en dit wat hom die nouste raak - sy gesin en huis - gesetel is. Indien die kind aan die breër omgewing en die natuur bekend gestel word, brei sy kennis uit, sy belangstellingsveld verbreed, 'n bydrae tot sy sosiale ontwikkeling word gemaak en hy verwerf nuwe selfvertroue en 'n mate van selfstandigheid. Spesiale geleenthede moet vir hierdie kind geskep word sodat hy van sy omgewing en natuur bewus kan word. Hy moet kennis opdoen omtrent die seisoene en weersomstadighede en weet hoe om in ooreenstemming daarmee te handel. 'n Waardering van die skoonheid van die natuur word aangeleer en hy leer die dierewêreld, plante en blomme ken en respekteer. Hy leer ook van hulle nuttigheidswaarde en versorging (De Villiers, 1987:66-68; DOK, 1986b:344-345 en Lombaard, 1981:169).

### 3.3.2.5 Vryetydsbesteding

Die geestelik vertraagde kind het ook behoefte aan opleiding ten opsigte van vryetydsbesteding en ontspanning. Ontspanning en vryetydsbesteding het die afgelope aantal jare deel geword van habilitasie programme. Hoewel volwasse vertraagdes bekwaam is vir hulle werk, faal hulle soms in hul aanpassing in die gemeenskap omdat hulle nie bewus is van ontspanningsgeriewe wat vir hulle beskikbaar is nie, of omdat hulle nie geleer het hoe om dit te benut nie (Jeffree & Cheseldine, 1984:619 en Litton, 1978:205).

Die geestelik vertraagde kind moet ook opgelei word ten opsigte van vryetydsbesteding, plesier en fisiese betrokkenheid by die aktiwiteite van die gemeenskap. Hierdie kind moet die geleentheid gebied word om tuis en in die opleidingsentrum onafhanklik te wees en deur positiewe begeleiding tot selfvertroue te kom (Bender et al., 1978(2): 375 en

Lombaard, 1981:145). Opleiding in vryetydsbesteding "is a unique tool that can provide a life of involvement and self-directed participation ...." (Schleien et al., 1985:75). Dit dra verder by tot die kind se sosiale rypwording, 'n hoër vlak van sosiale interaksie, sy selfbeeld en emosionele gedrag verbeter (Bender et al., 1978(2): 375; DOK, 1986b:232; Jeffree & Cheseldine, 1984:624; Litton, 1978:217-224; Schleien et al, 1985:78).

Vryetydsbesteding kan bestaan uit stokperdjie-beoefening, kuns, kunsvlyt, musiek, binne- en buitemuurse aktiwiteite. Hierdie ontspanningsaktiwiteite het die voordeel dat dit spanning in die kind ontlaai, 'n bydrae lewer tot die ontwikkeling van perseptueel-motoriese vaardighede, skeppingsdrange kan ontplooi en hy kan die mooi dinge in die lewe beleef (De Villiers, 1987:68; DOK, 1986b:232 en Schleien et al., 1985:75-78). Dit ontwikkel ook 'n gevoel van persoonlike tevredenheid, prestasie en sukses (Litton, 1978:224).

Hierdie kind moet geleer word om sy vrye tyd nuttig te gebruik en so die vreugde, skoonheid en opwinding van die lewe te geniet. Hulle moet gehelp word om te lewe en nie net om beter te werk of te presteer nie (Lombaard, 1981:145).

### 3.3.3 Opleiding ten opsigte van werksoriëntering

Die geestelik vertraagde kind moet deeglik voorberei word vir sy toekomstige "volwasse" lewe. Dit is noodsaaklik dat hy werksgeoriënteerd sal wees wanneer hy die opleidingsentrum verruil vir 'n beskermde werkplek. Hy moet dan in staat wees om sy deel tot die ekonomie by te dra - die selfversorgende en gesosialiseerde geestelik vertraagde kind se menswaardigheid en geluk verhoog namate hy 'n eie nuttigheidswaarde kan ervaar en ekonomies 'n bydrae kan maak (De Villiers, 1986b:15; DOK, 1986b:366 en Lombaard, 1981:144).

### 3.3.3.1 Werksgewoontes

Die aankweek van gesonde werksgewoontes is van net soveel waarde as die spesifieke aktiwiteite wat aangeleer word. Aandag moet gegee word aan die persoonlike kwaliteite en benadering van elke kind. Dit sluit in: getroue bywoning, stiptelikheid, betrokkenheid, selfbeheersing, selfdissipline, betroubaarheid en die aankweek van 'n verantwoordelikeheidsin. Sosiale aanpasbaarheid is noodsaaklik en behels samewerking, interpersoonlike verhoudinge, die aanvaarding van gesag, dissipline en instruksies. Die kind moet hom gevolglik self kan handhaaf (De Villiers, 1986b:16-17; DOK, 1986b:371; Litton, 1978:229-230 en Marais, 1976b:4-5).

### 3.3.3.2 Werksbevoegdheid

Werksbevoegdheid behels die volg van verbale en skriftelike instuksies - hy moet die taal van handwerk ken en verstaan - die inoefening van die kind se konsentrasievermoë en geheue, die werk moet beplan word en wanneer 'n taak of werkstuk aangepak word, moet dit akkuraat en netjies voltooi word. Die sorgsame en veilige hantering van apparaat en masjinerie geniet voorrang en nadat die gereedskap en masjiene gebruik is, moet daar opgeruim word. Die kind moet ook leer om foute te erken en reg te stel. Hy moet ook leer om eie inisiatief te neem en onafhanklik te werk en self besluite te neem (De Villiers, 1986b:17; DOK, 1986b:382; Gearheart, 1980:270; Litton, 1978:229-230 en Marais, 1976b:5-6). Die geestelik vertraagde kind moet ook leer om respek te hê vir die materiaal en gereedskap waarmee hy werk.

### 3.3.3.3 Probleembenadering

Die werk moet beplan en sistematies afgehandel word. Die kind moet leer dat 'n aktiwiteit of werkstuk in 'n sekere volgorde van handeling voltooi word. Nadat die werkstuk voltooi is, word die oorblywende materiaal en gereedskap skoon gemaak, weggepak en die werksplek word opgeruim. Die kind moet ook leer dat materiaal spaarsaam en oordeelkundig gebruik word. Alle bewegings moet ook oordeelkundig uitgevoer word (DOK, 1986b:372 en Marais, 1976b:6).

### 3.3.3.4 Werksvolharding

Wanneer die geestelik vertraagde kind begin met handwerk, moet hy verkieslik 'n taak kry wat hy gou kan voltooi. Namate hy vorder, verg die taak groter konsentrasie en sy aandagspan en uithouvermoë groei geleidelik. Die kind moet ook leer om fisiese en psigiese druk te hanteer. Hy kan basies enige taak aanpak, mits die taak in elemente opgebreek word (De Villiers, 1986b:16-17 en DOK, 1986b:373 en 382).

### 3.3.3.5 Werkstempo

In die werksituasie word produksiespoed vereis. Wanneer die kind met sy taak besig is, leer hy akkuraatheid, ritme en koördinasie aan ten einde sy werkstempo te bevorder. Sodoende word die kwaliteit van sy werk verhoog (De Villiers, 1986b:17 en DOK, 1986b:383).

### 3.3.4 Opleiding met behulp van musiek

Jong kinders doen graag deur een of ander liggaamlike beweging mee wanneer hulle musiek hoor. Hulle het gewoonlik 'n spontane en natuurlike aanvoeling vir musiek. Deur middel van musiek kan die kind ook op 'n ontspanne en vreugdevolle wyse affektief en kognitief ontwikkel (Bergman, 1986:38 en DOK, 1986b:240).

Geestelike vertraagdheid weerhou die geestelik vertraagde kind nie daarvan om uitdrukking aan sy musikale aanleg te gee nie. "It is a gift that cries to be set free" (Bergman, 1986:38). Musiek vorm 'n onlosmaaklike deel van die menslike bestaan. Waar alle ander vorms van kommunikasie misluk, kan die persoon deur middel van musiek bereik word. Dit is 'n belangrike nie-verbale kommunikasiemiddel. Musiek versterk die geestelik vertraagde kind se selfbeeld, hy ervaar sukses en waarneming en motoriek verbeter. Ook ontwikkel dit die kind se taal en dra by tot sy sosialiteit en emosionele ontwikkeling. Innerlike spanning verminder, die kind se aandagspan verbeter en hy put baie plesier daaruit (Beall, 1985:32; DOK, 1986b:240-249; Spodek et al., 1984:291-298 en Wood, 1983:9).

Die waarde van musiek as terapie kan nooit oorskot word nie, veral nie by die geestelik vertraagde kind nie, "indeed it has a special place because of the special pleasure which musical experiences bring to those handicapped people whose powers of communication are limited or undeveloped" (Wood, 1983:9). Musiek maak die geestelik vertraagde kind se lewe ryk en betekenisvol. Hy kan dit met hom saamneem waar hy gaan (Bekker, 1976:12).

### 3.4 SAMEVATTING

In hoofstuk 3 is die geestelik vertraagde kind van nader beskou. Ten eerste is enkele basiese behoeftes van die geestelik vertraagde kind bespreek. Aandag is gegee aan die behoefte aan liefde, aanvaarding,

dissipline, die behoefte aan 'n eie identiteit, ontwikkelingsmoontlikhede, kreatiwiteit en prestasie. Tweedens is die verskillende opleidingsbehoefes van die geestelik vertraagde kind nagevors met spesifieke verwysing na die persoonlike opleidingsbehoefes, soos byvoorbeeld die fisies-motories en sintuiglike ontwikkeling, veiligheid, liggaamlike aktiwiteite, beroepsaktiwiteite, verantwoordelikheid en godsdiens; die sosiale behoeftes en opleiding ten opsigte van werksoriëntering. Laastens is opleiding met behulp van musiek kortliks bespreek.

In hoofstuk 4 sal die "opvoedings"- en opleidingsvoorsiening vir die geestelik vertraagde kind in Suid-Afrika nagevors word. Daar sal kortliks aandag gegee word aan die ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums en ten slotte die amptelike kriteria vir opname en plasing van die geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum.

## HOOFSTUK 4

### DIE "OPVOEDINGS"- EN OPLEIDINGSVOORSIENING VIR GEESTELIK VERTRAAGDE KINDERS IN SUID-AFRIKA

#### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is die geestelik vertraagde kind van nader beskou. Enkele basiese behoeftes van hierdie kind is bestudeer. Aandag is ook gegee aan sy persoonlike en sosiale behoeftes, asook sy opleiding ten opsigte van werksoriëntering. Ten slotte is die rol van musiek in die geestelik vertraagde kind se opleiding uitgelig.

In hoofstuk 4 word die "opvoedings"- en opleidingsvoorsiening vir die geestelik vertraagde kind in Suid-Afrika kortliks bespreek. Aandag sal gegee word aan die ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums, die beheer daarvan en die borgliggame, die oornome deur die voormalige Departement van Nasionale Opvoeding, daarna die oornome deur die Departement van Onderwys en Kultuur en uiteindelik deur die Provinsiale Onderwysdepartemente. Verder sal die amptelike beleid ten opsigte van opleidingsentrums uitgelig word wat betref beheer, geboue en toerusting. Die situasie rondom moedertaalonderwys vir die geestelik vertraagde kind sal geskets word, asook die amptelike kriteria vir opname en plasing van die geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum.

##### 4.1.1 Ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums

Geestelik vertraagde persone is tot onlangs beskou as persone wat verstandelik te swak bedeed was om baat te vind by enige vorm van georganiseerde opvoeding en onderwys. Hulle is wêreldwyd uitgeken as

persone met 'n IK benede 50 en was oral van skoolplig vrygestel omdat hulle beskou is as onopvoedbaar en ononderrigbaar. Die gevolg was dat hulle in afsondering tuis versorg is of in plekke van veilige bewaring geplaas is (Lombaard, 1981:142).

Daar was egter baie persone wat nie bereid was om summier te aanvaar dat die geestelik vertraagde kind tot niks in staat is nie. So het daar deur private inisiatief verskeie welsynsorganisasies ontstaan wat verskeie nie-staatsinrigtings vir die versorging en opleiding van geestelik vertraagde kinders tot stand gebring het. Hierdie inrigtings het persone van alle grade van verstandelike gestremdheid opgeneem vir versorging in dagsentra, maar later ook in residensiële sentra. In die RSA moes hierdie inrigtings volgens Wet registreer en hulle kon daarna op staat-subsidie van die Departement van Gesondheid aanspraak maak (DOK, 1986b:23; Lombaard, 1981:2 en Theron, 1980:6).

Die onderskeiding tussen opleibare en onopleibare geestelik vertraagde kinders het inslag gevind en diegene met 'n IK van tussen 30 en 50 is as opleibaar beskou en die met 'n IK benede 30 as onopleibaar. Beide groepe was egter aan die begin van 1960 die verantwoordelikheid van die Departement van Gesondheid. Sedert 1960 het daar geleidelik 'n wêreldwye wending gekom ten opsigte van die opleiding van hierdie kinders. Die gevoel het ontstaan dat die opleiding van die opleibare geestelik vertraagde kind 'n aangeleentheid is wat eerder onder die toesig en beheer van 'n onderwys- as 'n gesondheidsdepartement tuishoort (DOK, 1986b:23 en Lombaard, 1981:3). Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid het in die RSA 'n belangrike rol vervul as koördineerder om alle moontlike inligting en advies aan die inrigtings en sentra beskikbaar te stel (Lombaard, 1981:2).

In 1965 is 'n Komitee van Ondersoek na die Versorging van Erg Geestesvertraagde Persone deur die Departement van Gesondheid aangestel. In 1967 word hierdie komitee se verslag en aanbevelings bekend gestel (bekend as die Van Wyk-verslag, 1967) wat lei tot die aanname van Wet no. 63 van 1974 - die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders, 1974. Volgens hierdie Wet kan die Minister 'n "opleidingsentrum instel, in stand hou en bestuur om opleiding aan

geestelik verdraagde kinders te verskaf" (Wet no. 63 van 1974, Artikel 2(1)).

#### 4.1.2 Beheer en borgliggame

Opleidingsentrums het vanweë 'n verskeidenheid redes deur verskillende organisasies, instansies en selfs individue tot stand gekom. Alle geestelik verdraagde persone was die verantwoordelikheid van welsynsorganisasies. Dié verenigings se fondse is aangevul deur verskeie toelaes waarvoor die geestelik verdraagdes by die Departement van Gesondheid en/of die eertydse Departement van Volkswelsyn en Pensioene gekwalifiseer het. Die gevolg was dat daar geen beheer oor die sentrums was nie. Die bestuur, die aard van die opleiding en die inhoud van die opleidingsprogramme het van sentrum tot sentrum verskil (DOK, 1985:1 en Lombaard, 1981:102).

Ná April 1975 het dié situasie verander. By ondersteunde opleidingsentrums het die Minister bestuurslede aangestel volgens 'n bepaalde formule. Borgliggame het ook lede aangestel. Die borgliggaambestuurslede sou egter meer wees as die Ministeriële lede. By die staatsopleidingsentrums is alle raadslede deur die Minister aangestel. Alle raads- en bestuurslede is vir 'n tydperk van drie jaar aangestel en hul pligte en bevoegdhede is deur die Minister voorgeskryf (DOK, 1986b:51 en Wet no. 63 van 1974, Artikel 15).

Met die oornome van verantwoordelikheid vir die opleidingspligtige groep geestelik verdraagde kinders tussen die ouderdom van 3/6 jaar en 18/21 jaar deur die Departement van Nasionale Opvoeding (April 1975), het al die geestelik verdraagde kinders wat buite hierdie grense val nog die verantwoordelikheid van die oorspronklike staatsdepartement gebly. Die voorskoolse geestelik verdraagde kind ressorteer onder die Departement van Gesondheid en die volwassene onder die departement van Volkswelsyn en Pensioene. In die meeste gevalle het die borgliggame voortgegaan om benewens die opleidingspligtige kind, ook voorsiening te maak vir die voorskoolse en volwasse geestelik verdraagde (Lombaard, 1981:102-103).

#### 4.1.3 Oorname deur die Departement van Nasionale Opvoeding in 1975

Op grond van die Verslag van die Komitee van Ondersoek na die Versorging van Erg Geestesvertraagde Persone (Departement van Gesondheid, 1967), is die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders, 1974 (Wet no. 63 van 1974) op die Wetboek geplaas. Na aanleiding van hierdie Wet is geestelik vertraagde kinders tussen die ouderdomme van ses en agtien jaar wat op grond van onopvoedbaarheid van skoolplig vrygestel is, en volgens die oordeel van die Direkteur-Generaal opleibaar is en wat sal baat by 'n opleidingsprogram, vanaf 1 April 1975, die verantwoordelikheid van die Departement van Nasionale Opvoeding. Laasgenoemde Departement het nou verantwoordelikheid aanvaar vir alle staats- en staatsondersteunde opleidingsentrums wat voorsiening maak vir "opleidingspligtige" geestelik vertraagde kinders (TOD, 1986:24 en Lombaard, 1981:103-104).

#### 4.1.4 Oorname deur die Departement van Onderwys en Kultuur in 1984

Met die inwerkingtreding van die nuwe staatkundige bedeling in September 1984, het die onderwys voor groot uitdagings te staan gekom om struktureel binne die breë struktuur van die Staatsdiens 'n sinvolle plek te bekom. Die verantwoordelikheid wat die Departement van Nasionale Opvoeding gehad het ten opsigte van opleidingsentrums word nou opgedra aan die nuutgestigte Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Volksraad (DOK, 1985:1 en Raubenheimer, 1985:7). Hierdie nuwe bedeling het meegebring dat daar sekere veranderinge in die struktuur en funksies van die onderwysadministrasie ingetree het. Die Departement van Onderwys en Kultuur doen egter net die oorhoofse beplanning en besluitneming en bekom ook die fondse wat deur die Staat vir Blanke onderwys begroot is (Bekker, 1987).

#### 4.1.5 Oorname deur die Provinsiale Onderwysdepartemente, 1 September 1986

Ten einde die praktiese funksionering van onderwys sake te vergemaklik, is die Provinsiale Onderwysdepartemente vanaf 1 September 1986 aanspreeklik vir die uitvoering van die Onderwysbeleid. Alle opleiding-sentrums skakel nou direk by die nuwe sisteem in (Bekker, 1987). Die toelating, oorplasing, ontslag en terugplasing bly 'n vakkundige aangeleentheid wat deur die beleidmakende departement gehanteer word (TOD, 1986:62).

## 4.2 AMPTELIKE BELEID TEN OPSIGTE VAN OPLEIDINGSENTRUMS

Wet no. 63 van 1974 maak voorsiening vir die opleiding van geestelik vertraagde kinders; vir die instelling, registrasie, instandhouding en bestuur van, beheer oor, en verlening van geldelike hulp aan sentrums waar sodanige opleiding verskaf word; en vir die aangeleenthede wat daarmee in verband staan (Wet no. 63 van 1974: 1192).

### 4.2.1 Beheer

Vanaf 1 April 1975 aanvaar die Departement van Nasionale Opvoeding die verantwoordelikheid vir die opleiding van geestelik vertraagde kinders tussen die ouderdomme van ses en agtien jaar. Die Direkteur-Generaal kan egter toestemming gee vir kinders onder die ouderdom van ses jaar om 'n opleidingsentrum by te woon. Met spesiale toestemming mag 'n agtienjarige geestelik vertraagde kind aanbly in die opleidingsentrum totdat die ouderdom van een-en-twintig jaar bereik word (Lombaard, 1981:96 en Wet no. 63 van 1974, Artikels 29(2) en 31).

Wet no. 63 van 1974 maak voorsiening vir die volgende tipes opleidingsentrums:

#### 4.2.1.1 Staatsopleidingsentrums

Dit is daardie opleidingsentrums wat verbonde is aan staatsinrigtings vir swaksinniges en word deur die staat in stand gehou en bestuur. Daar bestaan tans vier sulke opleidingsentrums: Molenbeeck in Kaapstad, Saamstap in Howick, Natal, Immanuel in Potchefstroom en Cullinan naby Pretoria (Bekker, 1987). Hierdie sentrums staan onder die beheer van 'n Betuursraad waarvan al die lede deur die Minister van Nasionale Opvoeding en tans die Minister van Onderwys en Kultuur aangestel word (Lombaard, 1981:96 en Wet no. 63 van 1974, Artikel 3).

#### 4.2.1.2 Staatsondersteunde opleidingsentrums

Hierdie opleidingsentrums word as sodanig deur die Minister van Onderwys en Kultuur verklaar en ontvang finansiële steun van die staat. Hierdie sentrums word beheer deur Bestuursrade bestaande uit hoogstens tien lede wat deur die Geestesgesondheidsverenigings (wat die borgliggaam is) benoem word en hoogstens die helfte van die totale ledetal van die Bestuursraad wat deur die Minister aangestel word (Wet no. 63 van 1974, Artikel 15). Wet no. 63 van 1974 (Artikel 17) maak ook voorsiening daarvoor dat lenings aangegaan kan word vir onder andere die aankoop van grond en geboue.

Die Departement van Onderwys en Kultuur behou egter die reg voor om die opleidingsentrums in al sy werksaamhede, professioneel en administratief, te inspekteer en oor die staatsteun te besin ooreenkomstig die bevindinge van sodanige inspeksie (Lombaard, 1981:289; Raubenheimer, 1985:7 en Wet no. 63 van 1964, Artikel 24).

#### 4.2.1.3 Private opleidingsentrums

Private opleidingsentrums ontvang geen hulp van die staat nie. Hulle is egter onderhewig aan inspeksie deur die Departement van Onderwys en Kultuur (Wet no. 63 van 1974, Artikel 34(3)).

Artikel 34(1) van Wet no. 63 van 1974 (die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders) bepaal dat enige persoon of instansie wat opleiding aan 'n geestelik vertraagde kind verskaf, by die Departement van Onderwys en Kultuur geregistreer moet wees. Die registrasie van 'n private opleidingsentrum geskied dan ook na die goeddunke van die Minister en is onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister van tyd tot tyd bepaal (Wet no. 63 van 1974, Artikel 34(2)).

#### 4.2.2 Wetlike aspekte ten aansien van geboue en toerusting

Artikel 14 van die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders (Wet no. 63 van 1974) verklaar elke staatsondersteunde opleidingsentrum as 'n regspersoon wat in "sy eie naam as eiser en verweerder in regte optree, roerende en onroerende goed koop of op 'n ander wyse verkry, besit, huur, verhuur, verruil, verkoop of op 'n ander wyse vervreem, 'n saaklike reg op sy goed aan iemand verleen, geld belê, leen en uitleen" (Lombaard, 1981:98). Hoewel daar in eie naam oor alle bates beskik word, moet die toestemming van die Minister verkry word vir die verhuur, verruil, verkoop of op 'n ander wyse van vervreemding van onroerende goedere (Lombaard, 1981:98).

Die Minister van Onderwys en Kultuur kan in oorleg met die Minister van Finansies uit gelde wat die Regering daarvoor bewillig, lenings aan Bestuursrade van opleidingsentrums onder sekere voorwaardes toestaan vir die verkryging van grond en geboue, die oprigting en verbetering van geboue en die verkryging van toerusting van 'n permanente aard (Wet no. 63 van 1974, Artikel 17). Sodanige lenings is terugbetaalbaar teen 'n rentekoers en oor 'n tydperk soos deur die Minister van Finansies

bepaal. Hierdie terugbetalings word ook deur die staat gesubsidieer. Alle roerende en onroerende eiendom van die opleidingsentrum, staan vir die tydperk van terugbetaling van die lening as sekuriteit (Lombaard, 1981:98).

Met die oorname van verantwoordelikheid vir die opleiding van geestelik vertraagde kinders deur die Departement van Nasionale Opvoeding op 1 April 1975 het die bestaande akkommodasie behoue gebly. Hoewel baie opleidingsentrums onvoldoende geriewe gehad het, is daar die afgelope aantal jare goeie vordering gemaak in die beplanning en voorsiening in die fisiese behoeftes vir doeltreffende opleiding van die geestelik vertraagde kind. Daar is reeds verskeie nuwe opleidingsentrums en koshuisfasiliteite opgerig om in die plaaslike behoeftes te voorsien (Bekker, 1987 en Lombaard, 1981:289-290).

#### 4.2.3 Moedertaalonderwys

Een van die basiese vereistes van nasionale opvoeding en onderwys is die gebruik van die moedertaal as medium. Dit impliseer onder andere "dat die eie op alle lewensterreine deur middel van die eie taal verwerf word. Deur middel van beheersing en aanwending van die eie taal word die volle kultuurbesit aktief toegeëien" (Van Wyk, 1975:68).

Dit was daarom die beleid van die Departement van Nasionale Opvoeding en is dit ook die beleid van die Departement van Onderwys en Kultuur dat elke kind moedertaalonderwys moet ontvang. As gevolg van die geografiese uitgebreidheid van die Republiek van Suid-Afrika en die min of meer eweredige verspreiding van Afrikaans- en Engelssprekendes, is suiwer enkelmedium opleidingsentrums haas onmoontlik. Die ideaal sou wees om slegs een voertaal per klas te gebruik, dog dit is nie altyd moontlik nie as gevolg van die klein getalle in elke klas en die personeelvoorsieningskake wat personeeltoewysing bereken op die totale kindertal van die opleidingsentrum, sonder inagneming van hul huistaal. Waar die getalle dit regverdig om 'n ekstra onderwyser op die totale

leerlingstal te bekom, kan daar skeiding tussen die twee taalgroepe gemaak word (Bekker, 1987 en Lombaard, 1981:102 en 291).

#### 4.3 AMPTELIKE KRITERIA VIR OPNAME EN PLASING

Artikel 26 van Wet no. 63 van 1974 (Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde kinders, 1974) bepaal dat die Direkteur-Generaal van tyd tot tyd die voorwaardes van toelating van 'n geestelik vertraagde kind tot 'n opleidingsentrum of staatsondersteunde opleidingsentrum bepaal. Daar kan dan ook verskillende voorwaardes vir verskillende opleidingsentrums bestaan. Die Direkteur-Generaal kan ook die toelating van 'n geestelik vertraagde kind tot 'n sentrum weier of opskort.

Die enigste kriteria wat in die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders (Wet no. 63 van 1974) vervat is, is verwoord in die omskrywing van 'n geestelik vertraagde kind as "'n kind wat op grond van onopvoedbaarheid van skoolplig vrygestel is, maar wat na die oordeel van die Direkteur-Generaal opleibaar is en sal baat by 'n opleidingsprogram" (Wet no. 63 van 1974: 1192).

Omsendbrief C7/13/3 (DNO, 1975) stel die volgende kriteria vir toelating tot en plasing van 'n geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum:

- \* 'n IK van tussen nagenoeg 30 en 50, so betroubaar moontlik gemeet en met dien verstande dat daar geen ander sekondêre gestremdheid wat van so 'n belemmerende aard is dat dit die betrokke kind self of die ander kinders sal weerhou van sinvolle deelname aan die opleidingsprogram nie.
- \* 'n IK hoër as 50, maar met dien verstande dat so 'n kind onopvoedbaar bevind en van skoolplig vrygestel is.
- \* 'n Chronologiese ouderdom van 6 tot 18 jaar by eerste toelating, maar met dien verstande dat daar vooraf goedkeuring van die Direkteur-

Generaal verkry moet word vir die toelating van kinders vanaf driejarige ouderdom.

- \* 'n Fisiese vermoë tot mobiliteit met die oog op bevredigende deelname aan die opleidingsprogram, asook met die oog op die aanleer van sekere motoriese vaardighede vir selfhelp en vir moontlike latere deelname aan beskermde werk, hoe eenvoudig dit ookal mag wees.
- \* 'n Vermoë om by toelating óf sinvol te kan kommunikeer, óf na waarneming en ondersoek, tekens te toon van die latente vermoë om met opleiding sinvol te kan kommunikeer, sodat die kind ten minste sy behoeftes bekend kan maak en opdragte kan verstaan en uitvoer.
- \* Vry wees van psigiese afwykings soos psigoses of ander geestesgestremdhede wat die doeltreffende opleiding van die kind onmoontlik sal maak. Die kind moet dus, afgesien van die gestremdheid wat hom onopvoedbaar maak, darem nog oor sowel die geestelike as fisiese vermoëns en vaardighede beskik wat hom in staat sal stel om voordeel uit die opleidingsprogram te put". (Ook in DOK, 1985:34 en Lombaard, 1981:122).

Die kriteria vir toelating en opname tot opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders soos dit tans daar uitsien, bied aan elke geestelik vertraagde kind die geleentheid om toegelaat te word tot 'n opleidingsentrum en daar te bly so lank as wat daar vordering te bespeur is. Elke geestelik vertraagde kind word dus 'n kans in die lewe gegun (Johanneson & Peterson, 1983:22 en Lombaard, 1981:297).

#### 4.4 SAMEVATTING

In hoofstuk 4 is daar gelet op die "opvoedings"- en opleidingsvoorsiening vir die geestelik vertraagde kind in Suid-Afrika. Daar is kortliks gekyk na die ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums, die aanvanklike beheer en borgliggame van die opleidingsentrums en die oornome deur die Departement van Nasionale Opvoeding in 1975, die Departement van

Onderwys en Kultuur in 1984 en die Provinsiale Onderwysdepartemente in 1986. Daarna is aandag gegee aan die beheer wat die staat uitoefen in verband met staats-, staatsondersteunde- en private opleidingsentrums. Die wetlike aspekte ten aansien van geboue en toerusting is kortliks bespreek, asook die aspek van moedertaalonderwys en die kriteria vir opname en plasing van 'n geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum.

Die ontstaan en ontwikkeling van die E.S. le Grangesentrum sal in hoofstuk 5 die aandag geniet.

## HOOFSTUK 5

### DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE E.S. LE GRANGESENTRUM

#### 5.1 INLEIDING

In hoofstuk 4 is die "opvoedings"- en opleidingsvoorsiening vir die geestelik vertraagde kind in Suid-Afrika kortliks nagegaan. Aandag is gegee aan die ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums, die aanvanklike beheer en borgliggame, die oorname deur die verskillende departemente, naamlik die Departement van Nasionale Opvoeding, die Departement van Onderwys en Kultuur en die Provinsiale Onderwysdepartemente. Verder is die amptelike beleid ten opsigte van beheer en die wetlike aspekte ten aansien van geboue en toerusting kortliks genoem. Moedertaalonderwys en die amptelike kriteria vir opname en plasing in 'n opleidingsentrum is uitgelig.

Hoofstuk 5 sal handel oor die ontstaan en ontwikkeling van die E.S. le Grangesentrum. Die ontwikkelingsgeskiedenis sal nagegaan word onder die volgende periodes: die ontstaansgeskiedenis voor 1963; die aanvangsjare vanaf 1963 tot 1967; die ontwikkeling tot by registrasie: 1967 tot 1975 en die ontwikkeling na registrasie in 1975 tot 1987.

#### 5.2 DIE ONTSTAANSGESKIEDENIS VOOR 1963

Aangesien daar 'n dringende behoefte ontstaan het ten opsigte van hulpverlening aan die geestelik vertraagde kind in Potchefstroom, vind daar op 19 Mei 1961 die eerste vergadering van die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging plaas. In die annale is dit aangeteken onder die opskrif "Minutes of Occupational Centre Sub-Committee".

Hierdie vergadering vind plaas aan huis van mev. D. Smith te Krugerstraat 66, Potchefstroom, waar sy as voorlopige voorsitster optree (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Tydens hierdie vergadering word inligting wat van die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid verkry is, bespreek. Die volgende aspekte in verband met die geestelik vertraagde kind geniet besondere aandag:

- \* Die situasie in Engeland en Amerika ten opsigte van hulpverlening aan die geestelik vertraagde kind;
- \* aktiwiteite wat beoefen kan word - naaldwerk, weef, musiek en fisiese aktiwiteite;
- \* akkommodasie;
- \* personeel en
- \* finansies.

Wat die finansies betref sou die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid 'n openingsbedrag gee, asook 'n subsidie van 25 sent per kind per dag. Mnr. B. Laurie bied sy huis in Lombaardstraat aan teen £22.10 huur per maand (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1). Na heelwat bespreking word die volgende opdragte aan die sekretaris gegee:

- \* 'n Artikel moes in die plaaslike Herald verskyn.
- \* 'n Opname moes gemaak word van al die geestelik vertraagde en spastiese kinders in Potchefstroom.
- \* Vrywillige werkers moes gevind word.
- \* 'n Ander benaming vir "mentally retarded" moes gevind word, sodat die spastiese kind ook betrek kon word.
- \* Helderheid moes verkry word van die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid in verband met die finansiële situasie.

\* Die moontlikheid van 'n toelae van die Departement van Onderwys, Kuns en Kultuur moes ondersoek word (E.S. Ie Grangesentrum, Notuleboek 1).

Op 13 November 1961 vergader die sub-komitee onder voorsitterskap van dr. P.G. Poggenpoel. Die daarstelling van 'n dagsentrum vir geestelik vertraagde kinders en geskikte akkommodasie was die hoofdoel. Gedurende 1962 word twee amptelike vergaderings gehou op 7 en 24 Mei 1962. Mevrouw Albie Bisschoff word genader om as eerste voltydse onderwyseres op te tree. Navraag sou gedoen word by die Munisipaliteit en die President van die Skoukomitee in verband met die gebruik van 'n skoulokaal en die terrein op die skougronde (E.S. Ie Grangesentrum, Notuleboek 1).

### 5.3 DIE AANVANGSJARE: 1963 TOT 1967

Tydens 'n vergadering op 4 Maart 1963 word besluit dat die Dagsentrum aan die einde van April 1963 by die Skouterrein moet begin. 'n Vyfdag werksweek, met ure 08h30 tot 12h00 of 09h30 tot 12h30 word voorgestel. Op 8 April 1963 gee die sub-komitee opdrag aan die sekretaris om finale reëlings te tref en te reël vir 'n vergadering met die Skou-komitee ten einde 'n ooreenkoms, in verband met die gebou en terrein, op te stel (E.S. Ie Grangesentrum, Notuleboek 1).

As gevolg van onvermydelik omstandighede begin die Dagsentrum egter eers op 10 Junie 1963 in die biersaal van die ou Skouterrein (naby Hoër Volksskool) onder leiding van die Geestesgesondheidsvereniging van Potchefstroom. Die Dagsentrum begin met agt kinders. Die vervoer, met privaat motors, word deur die Rotary Anns behartig. Vanaf die begin ondervind die eerste onderwyseres, mevrou A.W. Bisschoff, finansiële en vervoerprobleme. Sy streef egter daarna om die positiewe gesindheid van die gemeenskap te wen en sodoende erkenning te verkry (E.S. Ie Grangesentrum, Notuleboek 1, en Bekker, 1987).

Die onderwyseres se geloof en idealisme is nie beskaamd nie, want gedurende die tweede helfte van 1963 word mevrou E.S. le Grange (moeder van die huidige Speaker van die Volksraad) benoem as eerste voorsitster van die Dagsentrum Sub-komitee van die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1 en Bekker, 1987).

Dit het gou duidelik geword dat daar goeie werk gedoen word en dat die geestelik vertraagde kind baat vind by die Dagsentrum. Pottebakkerij en rottangwerk is as aktiwiteite aangebied. Die onderwyseres het aanvanklik 'n salaris van R30.00 per maand ontvang, wat later verhoog is na R70.00 per maand. Aan die einde van 1963 word Dr. Eiselen (medikus) en J.P.H. Viljoen (tandarts) as ere-medici benoem (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Aangesien die akkomodasie veel te wense oorgelaat het, het die Dagsentrumkomitee ernstig begin soek na beter fasiliteite. Intussen is daar begin met die oprigting van 'n nuwe laerskool in Bailliepark, 'n nuwe woongebied in die suid-ooste van Potchefstroom. Die leerlinge van die ou Vyfhoek laerskool ten ooste van Potchefstroom sou ná voltooiing van die nuwe laerskool in Bailliepark daarheen verskuif. Op 26 Mei 1964 stel mnr. R.G. Roberts, hoof van die Hoër Tegnieiese Skool en bestuurslid van die Dagsentrum, voor dat 'n skrywe aan die Provinsiale Sekretaris gerig moet word ter verkryging van die gebruik van die geboue van die Vyfhoekskool nadat dit ontruim is. Mevrou E.S. le Grange, voorsitster van die Dagsentrumkomitee, het baie moeite gedoen om die gebruik van hierdie gebou te bekom. Die onderhandelinge het bykans twee jaar geduur, maar uiteindelik is die fasiliteite op die ou Vyfhoekskoolterrein aan die Dagsentrumkomitee teen 'n nominale huur beskikbaar gestel (Bekker, 1987 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Volgens die notule van 28 Februarie 1966 is daar 16 kinders wat die sentrum bygewoon het. Daar is slegs een onderwyseres. Die Dagsentrumkomitee is van mening dat een onderwyseres nie meer as nege kinders kan hanteer nie. Op die vergadering van 18 April 1966 word besluit om Amelia van Wyk, ongeveer 25 jaar oud, toe te laat om as onbesoldigde klashulp verder by die Dagsentrum aan te bly (E.S. le

Grangesentrum, Notuleboek 1<sup>1</sup> (Die Amelia Nasorgsentrum sou later na haar vernoem word).

Meneer Roberts, een van die Komiteelede, het op die vergadering van 26 Mei 1964 opdrag ontvang om navraag te doen by die Bloemfonteinse Dagsentrum in verband met eiendomsreg. Op die vergadering van 18 April 1966 word gerapporteer dat daardie sentrum deur die Onderwysdepartement van die Oranje Vrystaat oorgeneem is en dat daar vyf leerkragte is wie se salarisse ten volle deur die OVS Onderwysdepartement betaal word. Die voorsitster van die Dagsentrum, mevrou E.S. le Grange, onderneem om hierdie aangeleentheid met die Transvaalse Onderwysdepartement op te neem, met die oog op dergelike oornames van die sentrum deur die Transvaalse Onderwysdepartement. Dit het egter nooit verwerklik nie, maar die onderwyspersoneel se salarisse sou in die toekoms deur die Transvaalse Onderwysdepartement gesubsidieer word - die enigste sentrum in Transvaal wat dit kon regkry (Bekker, 1987 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Gedurende September 1966 word daar met groot ywer beplan vir die verhuising na die Vyfhoekterrein. Kennisgewing is van die Potchefstroomse Skoolraadsekretaris ontvang dat die gebou beskikbaar is en op 23 September 1966 word die Vyfhoekskool betrek. Daar is 'n huurkontrak met die Transvaalse Onderwysdepartement aangegaan met wedersydse kennisgewing van huuropsegging van drie maande. Die huurgeld is R2.00 per jaar (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Hierdie Vyfhoekskool het 'n kleurvolle en veelbewoë geskiedenis. Die skool het 'n jaar na die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog ontstaan. In 1903 is die skool gehuisves in drie Markiestente. Die eerste permanente gebou is eers in Maart 1904 in gebruik geneem en het toe bekend gestaan as die "Witskool". Aangesien hierdie skool te klein geword het, is daar in 1908 begin met die "Rooiskool" op dieselfde terrein en

<sup>1</sup> Geen notules is beskikbaar vir die periode na 21 Augustus 1964 tot aan die begin van 1966 nie.

slegs tien tree weg van die bestaande skool. Dit is in hierdie "Rooskool" waar die E.S. le Grangeskool gehuisves is (De Beer, 1987:9-18).

#### 5.4 ONTWIKKELING TOT BY REGISTRASIE: 1967 TOT 1975

Gedurende 1967 vind die volgende unieke toelating plaas: Dr. Vyncke (Superintendent van die Witrand Sorg- en Rehabilitasiesentrum) 'n Psigiater van Belgiese afkoms met baie kennis van hierdie tipe opleidingsgeriewe, besef dat daar in Witrand geestelik vertraagde kinders is wat opleibaar is, maar vir wie daar geen opleidingsgeriewe bestaan nie. Dr. Vyncke en die Dagsentrumkomitee kom ooreen om hierdie kinders vanuit Witrand na die Dagsentrum te stuur vir opleiding. Hulle bly egter inwoners van Witrand (Bekker, 1987).

Die geestelik vertraagde kinders van Witrand word onder die volgende voorwaardes toegelaat:

1. Suster S. Coetzee, 'n verpleegsuster by Witrand, sal die kinders elke dag vergesel en as volle assistente, onder toesig van die hoof, by die Dagsentrum diens doen.
2. Daar sal eers net vyf kinders opgeneem word en die getal sal later groei tot 'n maksimum van 20 kinders.
3. 'n Subsidie van 25 sent per kind per dag is betaalbaar. (Dit is nie duidelik wie hierdie subsidie sou betaal nie. Die Dagsentrumkinders het op hierdie stadium 25 sent per dag van die S.A. Nasionale Raad vir Geestesgesondheid, via die Departement van Gesondheid, ontvang.)
4. Die Witrand Inrigting sal alle verantwoordelikheid vir hierdie kinders aanvaar.

5. Die Witrand Inrigting is verantwoordelik vir die vervoer van die kinders (Bekker, 1987 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Aangesien die Witrand Sorg- en Rehabilitasiesentrum tans in 1988 oor sy eie staatsopleidingsentrum, Immanuel, beskik, het die laaste geestelik vertraagde kind van Witrand sy opleiding aan die einde van 1987 by die E.S. le Grangesentrum voltooi. Hierdie optrede van die Dagsentrumkomitee is uniek, omdat dit die enigste opleidingsentrum in die RSA is waar so-iets plaasgevind het (Bekker, 1987).

Tydens 'n Dagsentrumkomitee-vergadering gehou op 14 November 1967 word mev. A.W. Bisschoff as hoof van die Dagsentrum benoem (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Aan die begin van 1968 is daar elf kinders van Witrand wat die Dagsentrum bywoon. Mevrouw E.S. le Grange het haar laaste vergadering op 28 Maart 1968 bygewoon, aangesien sy afgetree het en uit Potchefstroom verhuis het (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Dit is interessant dat daar deurgaans gepraat word van die Dagsentrum. Op 28 Maart 1968 word vir die eerste keer gepraat van die E.S. le Grangeskool. Op hierdie datum word daar dan ook 'n sub-komitee benoem om 'n geskikte naam vir die sentrum te bepaal. Die sub-komitee het bestaan uit mevrou P. Venter, meneer A.C. Cilliers en professore C.J. Schoeman en J.M. Hattingh (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1). Na beraadslaging en oorweging word die naam "E.S. le Grangeskool" aanvaar (Bekker, 1987).

Gedurende 1970 ontvang die hoof 'n skrywe van die Departement van Nasionale Opvoeding waarin gevra word of hierdie Dagsentrum sou belangstel om as staatsondersteunde sentrum te registreer. Op 16 Augustus 1970 besluit die skoolkomitee dat "ons verlang om as 'n Staatsondersteunde spesiale skool geklassifiseer te word, met 'n versoek dat die ouderdomsgrens opgestoot word na 20 jaar" (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Die eerste eie en volwaardige skoolkomitee word op 30 November 1970 saamgestel uit ses lede, wat jaarliks op die algemene jaarvergadering van die Potchefstroomse Geestesgesondheidsvereniging verkies sou word. Die eerste skoolkomiteelede is:

Professor A.G. Coetsee (voorsitter).  
Meneer J.P.C. Schweltnus (sekretaris).  
Meneer W.J.J. Kluyts, M.J. Grobler en  
Mevrou M. Deysel en C. van Gass.

Hierdie komitee is verantwoordelik aan die Potchefstroomse Geestesgesondheidsvereniging (Bekker, 1987 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

'n Konsep leergang word deur mevrou Bisschoff by die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid ingedien. Hiermee lewer sy 'n bydrae ten opsigte van voorgestelde leergange wat hierdie Raad by oorname aan die Departement van Nasionale Opvoeding sou verskaf (Bekker, 1987).

Die jaar 1972 begin met 'n kindertal van 57 en die aanstelling van mevrou R.E. Bekker (wat later Hoof van die sentrum sou word) as onderwyseres. Vanaf 1 April 1972 kry die E.S. le Grangeskool sy eie bankrekening en boekhoudstelsel nadat die rekening geskei is van die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging. Op daardie stadium beskik die E.S. le Grangeskool oor die volgende fondse:

- \* R7940.00 - tjekrekening.
- \* R3000.00 - spaarrekening.
- \* R2000.00 - vaste deposito by Saambou Nasionaal.

Hierdie fondse is deur die jare met funksies, straatkollekte en skenkings ingesamel. Die hoofdelike betaling per kind per dag word ook deur die Departement van Gesondheid verhoog na R1.00 vanaf 1 April 1972 (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Vanaf 27 September 1972 tot 17 Oktober 1972 ontvang mevrou A.W. Bisschoff spesiale verlof om die vyfde Internasionale Kongres insake Geestesgestremdheid te Montreal as genooide gas by te woon. Die eerste sekretaresse-boekhoudster, mevrou C. Schoeman, word op 1 Oktober 1972 aangestel (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1).

Die kindertal aan die begin van 1973 styg tot 62 en as gevolg van 'n gebrek aan akkommodasie moet kinders weggewys word.

Op 18 Oktober 1973 word professor H.B. Kruger tot voorsitter van die Skoolkomitee verkies, nadat professor A.G. Coetsee nie verder verkiesbaar is nie.

Aan die einde van 1973 aanvaar mevrou Bisschoff die pos van benoemde lid op die Uitvoerende Komitee vir die Afdeling Geestesgestremdes (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 1 en 2).

Aan die begin van 1974 groei die kindertal tot 72. Mevrou Bisschoff word onthef van voltydse praktiese opleiding en mevrou R.E. Bekker, wat naas mevrou Bisschoff die langste in diens is, word benoem as vise-hoof. Tydens die vergadering in Junie 1974 word kennis geneem van die Van Wyk-verslag wat gelei het tot die aanname van Wet no. 63 van 1974 (Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders). Na aanleiding van diverslag word die kinders ouer as 18 jaar van die res geskei en in 'n aparte afdeling, die Amelia-werksentrum, geplaas. Hulle handwerk sal op bestelling gedoen word en 10% van die verkope sal aan die kinders uitbetaal word (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Op 13 Junie 1974 ontvang die sentrum besoek van 'n afvaardiging van die Departement van Nasionale Opvoeding met die oog op die stigting van 'n sentrum by die Witrand Inrigting. In Augustus 1974 is daar 'n opvolgbesoek deur menere Grobbelaar en Van den Heever van die Departement van Nasionale Opvoeding (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Die jaar 1974 kan met reg beskou word as 'n waterskeidingsjaar vir Opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders in die RSA. Met die aanname van Wet no. 63 van 1974 (Wet op Opleiding van Geestelik

Vertraagde Kinders, 1974) word 'n hele nuwe tydvak ingelui. Hierdie Wet bepaal dat die Departement van Nasionale Opvoeding vanaf 1 April 1975 toesig en beheer verkry oor die opleidingsentrums. Alle opleidingsentrums moes ook voor 15 Februarie 1975 aansoek doen vir registrasie by die Departement van Nasionale Opvoeding (Bekker, 1987).

Tydens die vergadering in Januarie 1975 spreek die Skoolkomitee sy ernstige kommer uit oor:

- \* die sentrum se voortbestaan indien Witrand ook 'n opleidingsentrum kry, en
- \* die TOD-busvervoer van die sentrumkinders (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2). Na 'n besoek van dr. F.R. Eksteen, amptenaar van die Departement van Nasionale Opvoeding, op 6 Februarie 1975 word verskeie onduidelikhede in verband met die oornames op 1 April 1975 uit die weg geruim. Professore Kruger en Henning word deur die Skoolkomitee benoem om met die plaaslike Stadsraad te skakel in verband met 'n geskikte perseel, en mevroue Bisschoff en Van Gass om ondersoek in te stel na moontlike koshuisfasiliteite, nadat meneer N.F. van Dyk (Inspekteur van Opleidingsentrums) verklaar het dat die sentrum stagneer omdat dit nie die platteland kan bedien nie (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

## 5.5 ONTWIKKELING SEDERT REGISTRASIE: 1975 TOT 1987

Wet no. 63 van 1974 (Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders, 1974) word op 1 April 1975 gepromulgeer. Die Potchefstroomse Geestesgesondheidsvereniging bly eger steeds die borgliggaam. Die amptelike benaming word dan ook nou, volgens dié Wet, verander na "Opleidingsentrum" (Bekker, 1987).

Op 14 Mei 1975 word die E.S. le Grangesentrum swaar getref. Tydens die Bestuursliggaam se vergadering kry die hoof, mevrou Bisschoff, 'n ernstige toeval en sterf aan kroniese trombose. Sy was, as eerste hoof,

intens betrokke by die ontstaan, ontwikkeling en uitbouing van die E.S. le Grangesentrum. Met die oornome op 1 April 1975 deur die Departement van Nasionale Opvoeding, is een groot ideaal van hierdie kampvegter vir geestelik vertraagde kinders verwesenlik (Bekker, 1987 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2). Die Dagbestuur van die Bestuursliggaam besluit op 16 Mei 1975 om mevrou R.E. Bekker, die vise-hoof, te vra om as waarnemende hoof van die E.S. le Grangesentrum op te tree (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Aan die begin van 1976 is daar 90 kinders wat die E.S. le Grangesentrum bywoon. Ernstige aandag word nou gegee aan moontlike koshuisakkommodasie en die verkryging van 'n geskikte perseel. Die Bestuursliggaam slaag daarin om twee huise naby die Witrand Inrigting, van die Stadsraad te bekom. Herstelwerk aan die huise is onderneem en die eerste koshuiskinders sou aan die begin van 1977 toegelaat word. 'n Skakelhuis met plek vir agt kinders sou eerste betrek word. Mevrou A.S. le Roux word op 28 Desember 1976 deur die Departement van Nasionale Opvoeding as eerste huismoeder aangestel (Bekker, 1987 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Gedurende die eerste vergadering van die Bestuursliggaam op 27 Januarie 1977 word eenparig besluit om die koshuis na wyle mevrou Albie Bisschoff te vernoem. 'n Aparte koshuisrekening ten bedrae van R1000.00 word geopen. Terselfdertyd word besluit dat die sentrum in die toekoms amptelik bekend sal staan as die E.S. le Grangesentrum (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Op 15 Augustus 1977 neem die Bestuursliggaam met vreugde en dank kennis dat die E.S. le Grangesentrum deur die Departement van Nasionale Opvoeding

- \* uitgekies is as sentralisatiepunt vir die opleiding van geestelik vertraagde kinders in Wes-Transvaal en
- \* dat daar in die 1978/79 boekjaar die nodige fondse bewillig sal word vir die oprigting van 'n nuwe geboue-kompleks.

Die Bestuursliggaam het onmiddellik begin soek na 'n geskikte terrein vir die nuwe koshuis- en sentrumkompleks. Onderhandelinge met die Transvaalse Provinsiale Administrasie kom aan die gang in verband met die grond wat langs die Generaal Kockskool, aangrensend aan Richardsonstraat, geleë is. Daar word ook kennis geneem dat daar reeds 25 kinders in die koshuis is (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Die borgliggaam besluit op 23 September 1977 om die nodige 10% bydrae tot die gebouekompleks te lewer en dat 'n Staatslening op die hele projek aangevra sal word. Professore Kruger en Henning en mevrou Bekker voer op 20 Oktober 1977 samesprekings met senior amptenare van die Departement van Nasionale Opvoeding in Pretoria in verband met die grond en geboue aangeleentheid (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Tydens 'n buitengewone vergadering van die Dagbestuur van die Potchefstroomse Geestesgesondheidsvereniging en die Bestuursliggaam van die E.S. le Grangesentrum op 17 Mei 1978, word daar besluit dat die grond langs die Generaal Kockskool, 4,6346 hektaar, teen 'n bedrag van R39394.00 aangekoop sal word. Die uiteindelijke koopprys van die grond was R41299.00. Op hierdie stadium het professor H.B. Kruger besluit om as voorsitter van die Bestuursliggaam uit te tree en die leisels word oorgeneem deur ds. W.F. Steenkamp (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Bouplanne en die plasing van die geboue op die terrein geniet in 1978 en 1979 ernstige aandag. Tenders vir die oprigting van die nuwe geboue sluit op 26 November 1980. Op 7 Januarie 1981 beveel die boukommissie aan dat die tender van B.G. Konstruksie aanvaar word. Die tenderprys is R2,239,000.00. Die nodige boukontrakte is op 25 Februarie 1981 amptelik onderteken deur die boukontraakteur, kolonel J.H. Klopper; die argitek, meneer L. Boshoff; die skoolhoof, mev. R.E. Bekker; die bourekenaar, mejuffrou E. Jonck en die voorsitter van die Bestuursliggaam, ds. W.F. Steenkamp. Volgens hierdie kontrak moet die bouwerk in September 1982 voltooi wees (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2). Bouwerk het op 11 Maart 1981 'n aanvang geneem (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 2).

Aan die begin van 1981 word die eerste Wes-Transvaalse Intersentrum Atletiekbond gestig en op 31 Maart 1981 vind die eerste intersentrum atletiekbyeenkoms plaas. Die E.S. le Grangesentrum tree as gasheer op. Die jaar 1981 sluit af met 129 kinders, 9 onderwyspersoneellede en een klashulp, twee administratiewe personeellede, 3 senior- en 3 huismoeders (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1981).

Meneer P.W. Terblanche aanvaar op 1.1.82 die pos van Departementshoof aan die E.S. le Grangesentrum. Tydens die jaarlikse Wes-Transvaalse Intersentrum Atletiekbyeenkoms lewer die E.S. le Grangesentrum die Victor- en Victrix Ludorum atlete. Suster M.A. Bonthuys word op 1 November 1982 aangestel as verpleegsuster by die E.S. le Grangesentrum (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1982).

Daar word weer op 'n hoë noot afgeskop aan die begin van 1983. Na 'n bestaanstydperk van negentien en 'n half jaar betrek die personeel en kinders van die E.S. le Grangesentrum die nuwe geboue-kompleks. Die inwonertal staan nou op 164 kinders wat in 12 klasgroepe verdeel is, naamlik 3 kleuterklasse, 2 junior klasse, 2 praktiese klasse en 5 senior klasse. Daar is 100 kinders in die koshuis: 59 seuns en 41 dogters. In die kleutervilla is 24 kleuters (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1983). Die nuwe sentrum maak voorsiening vir 200 koshuisinwoners en opleidingsgeriewe vir 250 geestelik vertraagde kinders (Bekker, 1987).

Tydens die amptelike ingebruikneming van die nuwe gebouekompleks op 7 Oktober 1983, is dr. P.S. Meyer, Direkteur-Generaal van die Departement van Nasionale Opvoeding, die gasspreker. Dr. Meyer noem dat die geleentheid geskep is vir die geestelik vertraagde kinders om "tot hul volle potensiaal te ontwikkel en om 'n vol lewe, of ten minste 'n lewe so na as moontlik aan die normale te lei" (Anon. 1984:29-30). By dieselfde geleentheid het Minister Louis le Grange, namens sy drie-en-negentigjarige moeder na wie die opleidingsentrum vernoem is, 'n gedenkplaat onthul (Bekker, 1987).

Mnr. C.J. Bester aanvaar aan die begin van die derde termyn 1984 die derde Departementshoofpos en woon in as koshuisvader. Gedurende September 1984 word die E.S. le Grangesentrum opgegradeer, sodat dit gelykstaande is aan 'n P1-skool. Dit bring mee dat daar nou 'n adjunk-

hoofpos en twee bykomende onderwysposte ingestel kan word. Op 31 Oktober 1984 was die E.S. le Grangesentrum die gasheer van 'n Provinsiale Intersentrum Musiekfees. Tien Transvaalse sentrums het op 'n nie-kompetisiebasis deelgeneem. Die jaar eindig met 'n kindertal van 166 waarvan 122 inwoners van die koshuis was: 23 kleuters, 52 seuns en 47 dogters (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1984).

Gedurende 1985 word 'n klas begin vir kinders met sterk outistiese trekke. In April 1985 bring 20 senior seuns 'n besoek aan die Natalse Noordkus. Vir die waarnemer was dit 'n onbeskryflike ervaring omdat dit vir die meeste geestelik vertraagde seuns die eerste kennismaking met dié groot oseaan was. Sosialisering is al so goed bemeester, dat vreemde ervaringe en situasies met gemak hanteer kon word. Op 30 Augustus 1985 word 'n baie geslaagde kermis van stapel gestuur. 'n Rekordbedrag van R39 000.00 word ingesamel. Die jaar sluit af met 'n bywoningsyfer van 185 kinders wat in 14 klasgroepe verdeel is met 13 onderwysposte (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1985).

Verskeie uitstappies met die geestelik vertraagde kinders van die E.S. le Grangesentrum word op gereelde basis onderneem. So word onder andere in April 1986 'n besoek aan die Kruger Wildtuin en Oos-Transvaal gebring. Die waarde van so 'n toer kan moeilik oorbeklemtoon word. Gedurende die April-vakansie, 1986, vind die eerste S.A. Spele vir geestelik vertraagde kinders plaas. Dertien atlete van die E.S. le Grangesentrum word in die Wes-Transvaalspan opgeneem - hulle ontvang volle Wes-transvaal Atletiekkleure - en Wes-Transvaal behaal die derde plek (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1986 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 3).

Minister en mevrou Louis le Grange, Minister en mevrou G. de V. Morrison, Adjunk-Minister en mevrou B. Wilkens en die Hoof Uitvoerende Direkteur van die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn besoek die E.S. le Grangesentrum op 5 Augustus 1986 met die oog op die daarstelling van 'n nasorgsentrum vir volwasse geestelik vertraagde persone in Potchefstroom. Dit kan 'n nuwe tydperk inlui vir die volwasse geestelik vertraagde (E.S. le Grangesentrum, Jaarverslag, 1986 en E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 3). Die E.S. le Grangesentrum word dus hoog aangeslaan.

'n Verdere nuwe fase word op 1 September 1986 betree toe die E.S. le Grangesentrum, en ook alle ander opleidingsentrums, onder beheer en toesig van die Provinsiale Onderwysdepartemente ingedeel word. Hierdie inskakeling vind geleidelik plaas. Ook ten opsigte van die E.S. le Grangesentrum vind die inskakeling by die Transvaalse Onderwysdepartement op so 'n wyse plaas dat daar geen ontwrigting of ongerief veroorsaak word nie (Bekker, 1987).

Gedurende 1987 word 'n derde klas vir kinders met sterk outistiese trekke ingestel. 'n Besluit word ook geneem om drie swembaddens te laat bou. Fondse vir hierdie projek is reeds beskikbaar. Op 18 Augustus 1987 word gerapporteer dat die werk aan twee swembaddens reeds begin het en dat dit hopelik teen die einde van 1987 voltooi sal wees (E.S. le Grangesentrum, Notuleboek 3). Aan die einde van September 1987 word 'n konsert in die Kerksaal van die N.G. Kerk Vyfhoek aangebied. Dit was so 'n sukses dat die kinders genooi word om ook op Vanderbijlpark te gaan optree. 'n Verdere suksesvolle jaar eindig met 'n kindertal van 186, bestaande uit 34 dagkinders en 152 kosgangers waarvan 27 kleuters, 47 dogters en 78 seuns is (Terblanche, 1987).

## 5.6 SAMEVATTING

In hoofstuk 5 is die ontstaan en ontwikkeling van die E.S. le Grangesentrum nagevors. Aandag is gegee aan die volgende ontwikkelingsstydperke: die ontstaansgeskiedenis voor 1963; die aanvangsjare vanaf 1963 tot 1967; die ontwikkeling tot by registrasie: 1967 tot 1975 en die ontwikkeling na registrasie tot 1987.

Hoofstuk 6 sal handel oor die opvoeding en opleiding van die geestelik vertraagde kind binne die E.S. le Grangesentrum.

## HOOFSTUK 6

### DIE OPVOEDING EN OPLEIDING BINNE DIE E.S. LE GRANGESENTRUM

#### 6.1 INLEIDING

Hoofstuk 5 het gehandel oor die ontstaan en ontwikkeling van die E.S. le Grangesentrum. Die volgende ontwikkelingsfases is van nader beskou: die ontstaansgeskiedenis voor 1963; die aanvangsjare vanaf 1963 tot 1967 en die ontwikkeling tot by registrasie vanaf 1967 tot 1975. Daarna is aandag gegee aan die ontwikkeling vanaf registrasie tot die einde van 1987.

In hoofstuk 6 sal aandag gegee word aan die tipering van die kinders in die E.S. le Grangesentrum. Die doelstellings van die sentrum sal onder die volgende hoofpunte kortliks saamgevat word: voldoening in die basiese behoeftes van die geestelik vertraagde kind, sy opleidingsbehoefte ten opsigte van persoonlike en sosiale behoeftes en sy opleiding ten opsigte van werksoriëntering. Ten slotte sal aandag gegee word aan die "onderwys"- en opleidingsfases soos dit in die E.S. le Grangesentrum toegepas word.

#### 6.2 TIPERING VAN DIE KINDERS IN DIE E.S. LE GRANGESENTRUM

Die volgende tabel gee 'n beeld van die sindrome en oorsake van geestelike vertraagdheid soos wat dit in die E.S. le Grangesentrum aangetref word. Naas die oorsaak of sindroom word die persentasie inwoners van hierdie opleidingsentrum aangedui:

Moontlike oorerwing	17%
Downsindroom	12%
Sterk outistiese trekke	10%
Breinvliesontsteking	7%
Anoksie	6%
Post-natale skade	6%
Genetiese afwykings	4%
Perinatale skade	4%
Prenatale breinskade	3%
Fetale Alkoholsindroom	2%
Mirkokefalie	1%
Premature	1%
Carpentersindroom	0,5%
Charocot-Marie-Toothsindroom	0,5%
Cornelia de Lange sindroom	0,5%
Goldenharsindroom	0,5%
Kaboutersindroom	0,5%
Prader Wyllysindroom	0,5%
Treacher Collins sindroom	0,5%
Turnersindroom	0,5%
Onbekende oorsake	23%
	100%

Enkele besondere kategorieë geestelik vertraagde kinders van die E.S. le Grangesentrum sal vervolgens uitgelig word:

**\* Downsindroom:**

Volgens De Nysschen (1984:9) kan meer as 10% van die kinders in 'n opleidingsentrum uitgeken word aan hulle kenmerkende gelaatstrekke. Hulle toestand is te wyte aan 'n afwyking wat deur 'n abnormaliteit in die genetiese materiaal veroorsaak word en kom ongeveer een uit elke 600 lewende geboortes voor. Hulle staan algemeen bekend as Downsindroom (Op't Hof, 1987:30).

Die opvallendste kenmerke van die Downsindroom is 'n klein liggaamsbou, kort, breë nek, opwaartshellende oë, epikantiese voue van die ooglede, vierkantig gevormde kop, klein neus met 'n breë, plat brug, 'n oop mond met 'n skurwe tong wat uitsteek, kort, breë vingers met die pinkie na binne gebuig, enkele handpalmvoue, hiperrekbare gewrigte, 'n groot spasie tussen die eerste en tweede tone en 'n swak weerstand teen siektes (Bergsma, 1979:215; Hewett, 1984:130; Johnson, 1987:36; Op't Hof, 1987:30-31; Urbani, 1983:83 en Van der Schyff, 1988).

**\* Goldenharsindroom:**

Die oorsaak lê in 'n chromosoomafwyking en die voorkoms van hierdie geval is baie raar. Hierdie indroom kom nie algemeen voor nie en word gekenmerk deur 'n langerige lyf met kort bene, 'n taamlike groot kop en skouers, kort arms en klein handjies (Bergsma, 1979:793 en Van der Schyff, 1988).

**\* Kaboutersindroom:**

Dit is ook te wyte aan 'n chromosoomafwyking en geestelike vertraagdheid is algemeen. Hierdie indroom kom nie algemeen voor nie en word gekenmerk deur 'n langerige lyf met kort bene, 'n taamlike groot kop en skouers, kort arms en klein handjies (Bergsma, 1979:341 en Van der Schyff, 1988).

**\* Carpentersindroom:**

Hierdie indroom is ook te wyte aan 'n chromosoomafwyking. Die kind het 'n kort, stewige liggaam met 'n duidelike voetafwyking. Die kind loop dan ook met 'n platvoet en hy is ook ernstig geestelik vertraag (Bergsma, 1979:38 en Van der Schyff, 1988).

**\* Treacher Collins-sindroom:**

Hierdie kind het 'n baie maer lyf, klein koppie, 'n groot neusbrug, 'n opvallend groot bo-kakebeen, klein oortjies, 'n krom rug en 'n duidelike voetgebrek. Ernstige geestelike vertraagdheid kom voor (Bergsma, 1979:679 en Van der Schyff, 1988).

**\* Turnersindroom:**

Op die tiende chromosoom is daar 'n afwyking. Dit is 'n baie onderontwikkelde dogter met 'n kort liggaam en geen borsontwikkeling nie. Sy behou die voorkoms van 'n klein dogtertjie en is ernstig geestelik vertraag (Bergsma, 1979:1056 en Van der Schyff, 1988).

**\* Cornelia de Lange-sindroom:**

Hier is 'n besondere en seldsame sindroom waar die kind nie slegs geestelik vertraag is nie, maar ook gesig-, gehoor- en fisies gestremd is. Hierdie kind word verder uitgeken aan sy vertraagde groei en ontwikkeling, 'n klein liggaam, bragikefalie (korthoofdigheid), herhaalde lugweg-infeksie en steriliteit (Bergsma, 1979:289; Gouws et al., 1981:49 en Van der Schyff, 1988).

**\* Kinders met sterk outistiese trekke**

Hierdie kinders vorm 'n groot groep van die inwoners van die E.S. le Grangesentrum. Daar is tans 19 kinders met sterk outistiese trekke. Onder hulle is daar egter 'n rare verskynsel - twee kinders wat ook die Downsindroom het (Van der Schyff, 1988). Volgens die Departement van Nasionale Opvoeding (1982:18-19) kan vroeë kinderoutisme beskryf word as 'n kliniese sindroom wat voor die ouderdom van drie jaar gemanifesteer word.

Kinders met sterk outistiese trekke word uitgeken aan die volgende: afwesigheid van emosionele kwalitatiewe binding; ernstige taalgestremdheid; kompulsiewe, ritualistiese gedragspatrone; uiterste geroetineerdheid; dikwels akute, onlogiese vrese; hulle is moeilik

beheerbaar en soms aggressief; oënskynlike geestelike vertraging; 'n beangste begeerte om eendersheid in die omgewing te behou; vermyding van oog- of ander sintuiglike kontak en gebrekkige ontwikkeling van sy liggaamsbeeld en eie identiteit (Golding, 1980:38; Ungerer & Sigman, 1987:15 en Van Rooyen, 1983:28-29).

Ongeveer 30% van die totale inwonertal van die E.S. le Grangesentrum ly aan epilepsie. Hulle ontvang almal medikasie wat streng gekontroleer word deur 'n opgeleide inwonende verpleegsuster (Bekker, 1988).

Uit inligting wat ingewin is en ook die voorgaande in hierdie paragraaf, blyk dit duidelik dat die E.S. le Grangesentrum 'n verteenwoordigende geestelik vertraagde inwonertal huisves. 'n Groot verskeidenheid geestelik vertraagde kinders ontvang hier opleiding.

### 6.3 DOELSTELLINGS VAN DIE E.S. LE GRANGESENTRUM

Die doelstellings van die E.S. le Grangesentrum word so gekies dat dit die geestelik vertraagde kind ten beste pas, sodat sy lewe so gelukkig en vervuld moontlik sal wees. Die kind moet gelei word na daardie vorm van volwassenheid wat vir hom moontlik is om te bereik. Hieronder word die volgende verstaan:

- \* Dat die kind sy lewe sinvol sal ervaar;
- \* dat hy sal leer om homself te identifiseer met aanvaarde waardes en norme van die gemeenskap;
- \* dat hy gehelp sal word om self eendag 'n menswaardige lewenswyse te voer en ook sal leer om respek te betoon vir die waardigheid van ander persone;
- \* dat hy sal leer om verantwoordelikheid te aanvaar, al sou dit vir heel eenvoudige take wees;

- \* dat hy voorberei sal word vir sy latere "volwasse" lewe en binne die raamwerk van sy beperkings sal kan inskakel by sy beskermde arbeid (Bekker, 1987; De Nysschen, 1984:10; De Villiers, 1986:14; De Villiers, 1987:65; DOK, 1986a:27; Gearheart, 1980:269; Litton, 1978:36-40 en Tandy, 1987:39).

Met bogenoemde algemene doelstellings in gedagte, sal vervolgens gelet word op die wyse waarop die personeel van die E.S. le Grangesentrum daarin slaag om, na aanleiding van die "opvoedings"- en opleidings-behoefes van die geestelik vertraagde kind soos in hoofstuk 3 bespreek is, in die geestelik vertraagde kind, wat hulle huisves, se behoeftes te voorsien.

### 6.3.1 Voldoening in die basiese behoeftes van die geestelik vertraagde kind

#### 6.3.1.1 Liefde

In paragraaf 3.2.1 is genoem dat die geestelik vertraagde kind 'n groot behoefte het aan liefde. Hierdie kind wil liefde ontvang en gee, hy wil ook aan iemand behoort en die ervaring van versorgende liefde is vir die geestelik vertraagde kind van lewensbelang. Waar hy voldoende liefde ontvang, het die geestelik vertraagde kind meer liefde om terug te gee.

By die E.S. le Grangesentrum word daar van elke personeellid verwag, hetsy professioneel of huishoudelik, om fisiese liefde aan hierdie geestelik vertraagde kind te betoon. Dit beteken dat die kind byvoorbeeld fisies vertroetel word. Die fisiese beleving van liefde werk baie goed in tot die voordeel van die opleidingsprogram. Die personeel moet ook emosioneel betrokke raak by hierdie kind, omdat dit 'n kind is met feitlik 'n kleuter se verstandsonderdom (Bekker, 1988).

Personeel van die E.S. le Grangesentrum word streng gekeur. Daar word slegs van getroude mense, wat wel kinders het, gebruik gemaak, omdat probleme kan ontstaan wanneer 'n ongetroude onderwyseres 'n twintigjarige seun 'n soentjie of drukkie moet gee wanneer hy dit nodig het om sy dag positief te laat voortgaan. Dit is baie tiperend van hierdie geestelik vertraagde kinders om aan die personeel te vat of te druk - 'n fisiese metode van liefde soek en betoon (Bekker, 1988).

Die oogmerk by die E.S. le Grangesentrum is dan ook om hierdie bewys van liefde vir hom te normaliseer, sodat 'n vriendelike kyk of glimlag mettertyd die soentjie of drukkie sal vervang. Hulle is by uitstek ingestel op liefdebetoning (Bekker, 1988).

#### 6.3.1.2 Sekuriteit

Die behoefte aan sekuriteit en liefde loop hand aan hand. Na aanleiding van paragraaf 3.2.2 bied die E.S. le Grangesentrum aan die geestelik vertraagde kind die ordelikheid, konsekwente optrede, billikheid en dissipline wat hom lei tot selfdissipline. Die geestelik vertraagde kind beleef in hierdie sentrum die nodige fisiese- en psigiese veiligheid waarna hy soek. Die kind beleef hier ook bykomende sekuriteit aangesien hy besef dat hy anders as die normale kind is. Hy beleef die subtiele verwerping deur die gemeenskap baie intens en as gevolg van sy uiters beskermende omgewing kan die sentrum dus makliker sekuriteit aan hom verskaf. Op uitstappies is daar altyd 'n volwassene wat die geestelik vertraagde kind vergesel en sodoende sy sekuriteitswêreld verseker. Die geestelik vertraagde kind se sekuriteitsbeleving word voortdurend bevorder, veral in die senior fase. Senior kinders word uitgestuur in die gemeenskap om bestellings te neem, soos byvoorbeeld met 'n blombolprojek wat in 1986 en 1987 geloods is. Hierdie sekuriteitsbeleving hang egter baie nou saam met die geestelik vertraagde kind se verstandelike vermoë (Bekker, 1988).

### 6.3.1.3 Aanvaarding

In paragraaf 3.2.3 word genoem dat die geestelik vertraagde kind aanvaar wil word soos wat hy is. Hy wil deel wees van 'n groep, 'n klasgroep of 'n gesin sodat hy ook saam met ander mense iets kan doen en 'n handjie kan bysit by die daaglikse roetine werkies.

By die E.S. le Grangesentrum word die geestelik vertraagde kind onvoorwaardelik aanvaar as skepsel van God. Soms is dit glo moeilik om vrede te maak met die feit dat hierdie kind voortdurend oor en op die onderwyseres is. Ook is die intrinsieke afhanklikheid van die geestelik vertraagde kind moeilik aanvaarbaar, maar dit word nooit deurgegee aan die kind nie.

'n Groot probleem wat ondervind word, is die feit dat die geestelik vertraagde kind dikwels nie ten volle deur sy ouers aanvaar word nie. Ernstige pogings word dan deur die hoof en personeel aangewend om die ouers tot positiewe aanvaarding te oriënteer (Bekker, 1988).

### 6.3.1.4 Dissipline

Hoofstuk 3.2.4 wys daarop dat die geestelik vertraagde kind ook behoefte het aan ferme, konsekwente en liefdevolle gesag en dissipline. By die E.S. le Grangesentrum word dissipline dan ook streng toegepas. Liefdebetoning vorm by hierdie sentrum die basis van dissiplinering. Die uitoefening van gesag en dissipline vind konsekwent plaas en elke geestelik vertraagde kind weet presies waar hy staan en wat van hom verwag word. Deur die konsekwente, volgehoue, geduldige stimulasie en positiewe dissiplinering slaag die personeel van die E.S. le Grangesentrum in 'n groot mate daarin om hierdie kinders sover as moontlik selfstandig te laat ontwikkel (Bekker, 1988).

### 6.3.1.5 Eie identiteit

Soos in paragraaf 3.2.5 genoem is, moet die kind in homself vertrouwe hê en moet hy bereid wees om te eksplorieer. Met die besondere opvoedingshulp wat die geestelik vertraagde kind in die E.S. le Grangesentrum ontvang, kan hy self iemand wees wat ook van ander kan verskil en word hy ook in staat gestel om verder te eksplorieer.

Vir die personeel van die E.S. le Grangesentrum is die kind se liggaamsbeeld 'n uiters belangrike aspek en besondere aandag word hieraan gegee. Die kind moet homself kan identifiseer, hy moet sy liggaam ken, weet waar hy woon en wat sy tefoonnummer is. Dit is ook belangrik vir die kind, veral by die seniors, om te weet watter nommer skoene, hemp, broek en baadjie hy dra. Dit stel hom in staat om sy eie klere-aankope te doen (Bester, 1988).

### 6.3.1.6 Ontwikkelingsmoontlikhede

Aangesien die geestelik vertraagde kind se ontwikkelingstempo veel stadiger is as die van die normale kind, moet sy ontwikkeling en prestasie gemeet word volgens sy persoonlike potensiaal. In paragraaf 3.2.6 word genoem dat die verwagte optimale ontwikkelingsvlak van die geestelik vertraagde kind afhang van die aard en omvang van die bemoeyenis met en betrokkenheid by elke kind. By die E.S. le Grangesentrum is dit dié aspek van die geestelik vertraagde kind waaraan die hardste gewerk word. Die individuele opleiding, ten volle gedifferensieerd, is daarop gerig om elke kind in die regte groep te plaas waar hy tot volle ontwikkeling kan kom. Intensiewe gedifferensieerde opleiding vind daaglik plaas. Van kleins af word aandag gegee aan elke kind se ontwikkelingsmoontlikhede en word hy voortdurend gelei en opgelei om uiteindelik maksimaal te kan ontwikkel (Bester, 1988).

### 6.3.1.7 Kreatiwiteit

Na aanleiding van paragraaf 3.2.7 waar die kind se behoefte aan kreatiwiteit sy selfbeeld bevorder en hom in staat stel om positief te ontwikkel, word daar by die E.S. le Grangesentrum positief aandag gegee aan hierdie behoefte van die geestelik vertraagde kind. Die kind word so ver as moontlik daartoe gelei om so kreatief as moontlik te wees. In hierdie opsig speel selfversorging 'n baie belangrike rol. Die een kind sal jare nodig hê om te leer hoe om sy skoene vas te maak, terwyl 'n ander hierdie takie gou sal bemeester. Daar word wel sekere vereistes aan elke geestelik vertraagde kind gestel, binne perke, van wat hy moet aanleer ten einde deel te word van die wêreld om hom. Elke kind word egter op meriete gehanteer en waar hy oor 'n besondere aanleg beskik, byvoorbeeld teken of musiek, ontvang hy die nodige aandag en opleiding om dit verder te ontwikkel (Bester, 1988).

### 6.3.1.8 Prestasie

Prestasie lê vir die geestelik vertraagde kind van die E.S. le Grangesentrum uit-en-uit in dit wat hy elke dag bereik en bemeester. Elke klein prestasie wat bereik word, is nie alleen vir die kind van groot waarde nie, maar ook vir sy onderwyser. Soos in paragraaf 3.2.8 genoem is, is elke prestasie en sukseservaring, hoe gering ook al, vir die geestelik vertraagde kind 'n motivering. Dit lei tot die verbetering van sy gedrag en die uitbouing van sy selfbeeld (Bester, 1988).

### 6.3.2 Voldoening in die opleidingsbehoefte van die geestelik vertraagde kind

By die E.S. le Grangesentrum vind daar voortdurend verryking van die personeel plaas deur middel van kursusse, nuwe handleidings, artikels

en indiensopleiding ten einde ten beste in elke geestelik vertraagde kind se opleidingsbehoefes te voorsien. Verder geniet voortgesette opleiding in die koshuis en tuis ook besondere aandag. So moet 'n seun wat die oggend geleer het om homself te skeer, byvoorbeeld tuis en in die koshuis daarmee voortgaan. Tuisprogramme word ook gegee sodat die opleiding van die kind tuis voortgesit kan word (Bester, 1988).

### 6.3.2.1 Opleiding ten opsigte van persoonlike behoeftes

#### 6.3.2.1.1 Fisies-motoriese en sintuiglike ontwikkeling

In paragraaf 3.3.1.1 is genoem dat die geestelik vertraagde kind se motoriek 'n integrale deel vorm van sy totaliteit-in-kommunikasie met sy werklikheid. Omdat die geestelik vertraagde kind as gevolg van sy voorkoms en lomp bewegings maklik uitgeken word, is goeie motoriese ontwikkeling baie belangrik. By die E.S. le Grangesentrum word daar besondere aandag aan die fisies-motoriese en sintuiglike ontwikkeling gegee. Daar is aparte periodes waar die fyn- en groot motoriek van elke geestelik vertraagde kind daaglik ontwikkel word. Aangesien die sentrum nie oor die dienste van 'n fisioterapeut of 'n arbeidsterapeut beskik nie, word 'n kundige van buite gekry om die personeel behulpsaam te wees (Bester, 1988).

#### 6.3.2.1.2 Veiligheid

By die E.S. le Grangesentrum word die veiligheid van die geestelik vertraagde kind baie hoog aangeslaan. Daar is elke dag 'n veiligheidsperiode. Soos in paragraaf 3.3.1.2 genoem is, word die geestelik vertraagde kind voortdurend bewus gemaak van gevare wat hom kan bedreig en ook hoe dit gehanteer moet word. Die veilige hantering

van gereedskap in die klaskamer, werkswinkel, motorhuis, tuin en so meer kry die nodige aandag. Ander veiligheidsaspekte wat by dié sentrum beklemtoon word, is gevare by die swembad, in en om die huis, wanneer hy per bus of motor reis, wanneer hy gaan stap en selfs waar hy die een of ander sport beoefen (Bester, 1988).

#### 6.3.2.1.3 Liggaamlike aktiwiteite

Dit blyk uit paragraaf 3.3.1.3 dat die geestelik vertraagde kind ook behoefte het aan liggaamlike aktiwiteite. By die E.S. le Grangesentrum word die kinders elke middag vir 'n uur geneëm vir liggaamlike aktiwiteite in die buitelug. Gedurende die atletiekseisoen kry elke kind afrigting in die item waarin hy die beste presteer. Hulle neem deel aan naellope, afloëse, gewigstoot, verspring en hoogspring. Na die atletiekseisoen speel die kinders sokker, netbal, krieket verskeie speletjies en hulle swem. By hierdie sentrum is daar selfs boks as sport ingebring (Bester, 1988). Dit is dus duidelik dat daar by die E.S. le Grangesentrum baie gedoen word om die geestelik vertraagde kind fisies besig te hou.

#### 6.3.2.1.4 Beroepsaktiwiteite

Die geestelik vertraagde kind wil ook produktief wees. Hy word ook opgeroep tot dienslewering en arbeidsverrigting soos in paragraaf 3.3.1.4 genoem is. By die E.S. le Grangesentrum word die geestelik vertraagde kind voorberei vir sy toetreding tot 'n "volwasse" lewe in die Amelia Nasorgsentrum. Besondere aandag word gegee aan matknoopwerk, naaldwerk, macramé, weefwerk, houtwerk en tuinbou. Gevolglik word baie aandag aan handvaardigheid gegee (Bester, 1988).

#### 6.3.2.1.5 Verantwoordelikheid

Die geestelik vertraagde kind moet leer om homself, oral waar hy kom, te kan handhaaf. Die E.S. le Grangesentrum slaag baie goed daarin om in hierdie behoefte aan verantwoordelikheid te voorsien. Die sentrum het 'n prefek- en tafelhoofstelsel wat uitstekend funksioneer en aan die kind die geleentheid bied om self verantwoordelikheid te aanvaar. Dit is veral in die koshuis waar die geestelik vertraagde kind ruim geleentheid kry om sy verantwoordelikeheidsin te ontwikkel. Die aanvaarding van verantwoordelikheid voorsien dan ook in sy behoefte aan prestasie, erkenning, vertroue, waardering en waardigheid soos in paragraaf 3.3.1.5 uiteengesit is (Bester, 1988).

#### 6.3.2.1.6 Godsdien

Na aanleiding van paragraaf 3.3.1.6 is die Christelike godsdien 'n leefwyse. Godsdiensoonderrig omsluit dus baie meer as Bybelverhale. Dit is die belangrikste deel van opvoeding en opleiding. By die E.S. le Grangesentrum is die Christelike godsdien die spilpunt waarom elke dag se doen en late draai. Elke dag word begin met godsdiensoefening. Daar is ook twee maal per week saalopening waar begin word met Skriflesing en gebed. Ook by die koshuis word gereeld elke aand huisgodsdien gehou. Dit word ook van elke personeellid verwag om sy godsdienstige oortuigings en sy geloof in God in sy daaglikse optrede uit te leef en uit te dra na buite. Die E.S. le Grangesentrum het ook al so ver gevorder dat daar reeds 'n paar kinders Belydenis van die Geloof afgelê het. Afgesien van 'n kort eredien elke Sondag in die sentrumsaal deur die plaaslike N.G. Kerk se predikant, woon heelwat kinders ook die eredien by in die N.G. Kerk Vyfhoek (Bekker, 1988 en Bester, 1988).

### 6.3.2.2 Opleiding ten opsigte van sosiale behoeftes

#### 6.3.2.2.1 Selfversorgendheid

Die geestelik vertraagde kind het spesiale hulp nodig in die aanleer van die basiese selfsorg-gewoontes. In paragraaf 3.3.2.1 word genoem dat die geestelik vertraagde kind geleer moet word om sover moontlik selfstandig en onafhanklik van ander te wees, omdat hy tussen mense leef vir wie die versorging van die eie persoon 'n alledaagse en vanselfsprekende handeling is. Die personeel van die E.S. le Grangesentrum is dan ook sterk ingestel op die ontwikkeling van die geestelik vertraagde kind se selfversorgendheid. In hierdie opsig vorm die sentrum en die koshuis twee onskeibare bondgenote (Bester, 1988).

#### 6.3.2.2.2 Sosiale aanvaarbaarheid

Sosialisering is noodsaaklik vir die geestelik vertraagde kind. Volgens paragraaf 3.3.2.2 moet die kind leer om tussen ander mense te lewe en met hulle oor die weg te kom, sodat hy ook in die samelewing kan inskakel. Die E.S. le Grangesentrum is sterk ingestel op die sosialiseringaspek van die geestelik vertraagde kind. Baie moeite word gedoen om hierdie kind te leer om so normaal as moontlik op te tree. Elke kind in die sentrum het 'n persoonlike leer waarin alle persoonlike besonderhede daagliks aangeteken word. Evaluering vind ook gereeld plaas ten einde elke kind se vordering te kontroleer. Dit is die personeel se taak om elke geestelik vertraagde kind so op te lei dat hy optimaal kan funksioneer in sosiale en interpersoonlike situasies en uiteindelik as 'n sosiaal-aanvaarbare persoon in die samelewing kan beweeg (Bester, 1988).

#### 6.3.2.2.3 Kommunikasievermoë en skolastiese vaardigheid

In paragraaf 3.3.2.3 word genoem dat bevredigende kommunikasie een van die geestelik vertraagde kind se grootste probleme is. Taal is van primêre belang vir positiewe en bevredigende aanpassing en inskaking in die gemeenskap. Om sy behoefte aan kommunikasie verder te bevredig, is die opleiding en onderrig in funksionele skolastiese vaardighede ook nodig. Die E.S. le Grangesentrum gee aan hierdie behoefte van die geestelik vertraagde kind ook die nodige aandag, sodat elke kind tot sy volle potensiaal ten opsigte van kommunikasie en skolastiese vaardigheid kan ontwikkel. Op hierdie terrein word elke kind sesmaandeliks geëvalueer om te bepaal in watter mate hy vordering gemaak het in sy opleidingsprogram (Bester, 1988).

#### 6.3.2.2.4 Omgewingsbewustheid

Om suksesvol in die samelewing aan te pas, is dit nodig dat die geestelik vertraagde kind ook bewus sal wees van sy omgewing en natuur. Paragraaf 3.3.2.4 meld dat die geestelik vertraagde kind se belangstelling in homself en dit wat hom die nouste raak - sy gesin en huis - gesetel is. Dit bring mee dat sy ervaringsveld baie beperk is. Om hierdie probleem die hoof te bied, bied die E.S. le Grangesentrum die vak: natuur en omgewing aan. Hierin word dan onder andere aandag gegee aan die seisoensverandering en hoe die geestelik vertraagde kind sy kleredrag dienoreenkostig moet aanpas. Hy word ook opgelei om die omgewing waar hy woon goed te leer ken - dan kan hy nie so maklik verdwaal nie. Verder word ook baie uitstappies onderneem om die kind van sy breër omgewing bewus te maak. Die volgende organisasies word van tyd tot tyd besoek: die Suid-Afrikaanse Polisie, die Spoorwegstasie, die Landboukollege, die Onderwyskollege en Universiteit, die Suid-Afrikaanse Weermag, die Suid-Afrikaanse Lugmag en so meer (Bester, 1988).

### 6.3.2.3 Opleiding ten opsigte van werkoriëntering

#### 6.3.2.3.1 Werksgewoontes

Volgens paragraaf 3.3.3.1 word die aankweek van goeie werksgewoontes beklemtoon. By die E.S. le Grangesentrum is die uitgangspunt dat elke geestelik vertraagde kind dit wat hy begin het, moet voltooi. By die senior groepe word besondere aandag gegee aan getroue bywoning, stiptelikheid, betrokkenheid van die kind by sy werk, selfbeheersing, selfdisipline, betroubaarheid en die aankweek van 'n verantwoordelikeheidsin (Bekker, 1988).

#### 6.3.2.3.2 Werksbevoegdheid

Die geestelik vertraagde kind moet opgelei word om die handwerktaal te verstaan, sodat hy die nodige instruksies kan volg. In paragraaf 3.3.3.2 word melding gemaak van die sorgsame en veilige hantering van apparaat wat gebruik word. Die E.S. le Grangesentrum voldoen ook in hierdie opsig aan die departementele voorskrifte en behoeftes van die kind. Van kleinsaf word die kind geleer om verskeie prosesse te bemeester. Uiteindelik spesialiseer hy in dit waarin hy belangstel en wat hy goed kan doen. Die mensemateriaal bepaal egter die mate van werksbevoegdheid (Bekker, 1988).

#### 6.3.2.3.3 Probleembenadering

By die E.S. le Grangesentrum word die geestelik vertraagde kind opgelei om binne sy vermoë die werkstuk te beplan en sistematies af te handel. Soos in paragraaf 3.3.3.3 genoem, word hy ook geleer dat 'n aktiwiteit

of werkstuk in 'n sekere volgorde voltooi word. Nadat die werkstuk voltooi is of aan die einde van die periode of werksdag, word die werkswinkel opgeruim. Die kind word ook geleer om spaarsaam en sover as moontlik oordeelkundig met die materiaal te werk (Bekker, 1988).

#### 6.3.2.3.4 Werksvolharding

Paragraaf 3.3.3.4 meld dat elke taak wat die geestelik vertraagde kind ontvang, so gou as moontlik voltooi moet word. Die E.S. le Grangesentrum poog dan ook om die geestelik vertraagde kind van kleinsaf op te lei om te volhard in die aktiwiteit waarmee hy besig is en dat dit voltooi moet word (Bekker, 1988).

#### 6.3.2.3.5 Werkstempo

Die geestelik vertraagde kind wat met sy werk besig is, leer akkuraatheid, ritme en koördinasie aan ten einde sy werkstempo te bevorder. (Vergelyk paragraaf 3.3.3.5.) By die E.S. le Grangesentrum word wel die nodige aandag aan hierdie aspek gegee. Dit moet in gedagte gehou word dat die weersomstandighede die geestelik vertraagde kind baie beïnvloed en gevolglik kan produksie nie gewaarborg word nie. Die kind se verstandelike - en werksvermoë bepaal die werkstempo. Omdat daar nie veel kompetisie is nie, is daar baie min produksiespoed (Bekker, 1988).

### 6.4 "ONDERWYS"- EN OPLEIDINGSFASES

Anders as by 'n gewone skool bestaan daar by die opleidingsentrum nie standerds nie, maar word die geestelik vertraagde kinders by die

opleidingsentrum in ontwikkelingsfases of -groepe ingedeel. Hierdie fase-indeling word bepaal deur die kind se totale ontwikkelingsvlak. By die plasing van die kind word benewens sy chronologiese ouderdom, faktore soos verstandsouderdom, fisiese gesteldheid en ander persoonlikheidstrekke in ag geneem (Bekker, 1988; De Villiers, 1986:15 en Tandy, 1987:39). Die aanleer van die basiese vermoëns begin reeds in die voorbereidende fase en kry voortdurend aandag totdat die geestelik vertraagde kind die opleidingsentrum verlaat (Bekker, 1988).

Die Departement van Onderwys en Kultuur (1986a:16-17) stel die volgende fase-indeling voor vir die opleidingsprogram wat by die opleidingsentrums gevolg kan word - (dit word nie voorgeskryf nie):

- \* Fase 1: die voorbereidende fase.
- \* Fase 2: die junior fase.
- \* Fase 3: die middel fase.
- \* Fase 4: die senior fase
- \* Fase 5: die arbeidsgerigte fase.

Om die opleidingsprogram van die geestelik vertraagde kind by die E.S. te Grangesentrum ten volle te ontplooi, maak dié sentrum gebruik van die volgende fase-indeling:

#### 6.4.1 Kleuterfase of voorbereidende fase

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat daar in hierdie fase kinders is wat die liggaam van 'n volwassene maar die verstandelike vermoë van 'n klein kleuter het. Hier word geestelik vertraagde kinders gevind wat chronologies nege jaar oud is en wat nog doeke dra. Hierdie probleem het daartoe gelei dat die Departement van Onderwys en Kultuur toestemming verleen het dat 'n geestelik vertraagde kind vanaf driejarige

ouderdom opgeneem mag word. Hoe vroeër die kind kan begin met opleiding in die sentrum, hoe gouer kan hy selfsorgvaardighede aanleer. Om na die volgende fase oorgeplaas te word, moet die kind gereed wees om "formele" opleiding te ontvang. Die kleutergroepe bestaan uit 'n maksimum van tien kinders (Bekker, 1988 en Bester, 1988).

#### 6.4.2 Junior fase

Die geestelik vertraagde kind is nou meer gereed vir "formele" opleiding. Hierdie fase strek tot by 'n ouderdom van twaalf of dertien jaar, afhangende van die kind se algemene vordering. Hier ontvang die kind opleiding in huishoudelike vaardighede en hy begin met arbeidsgerigte vaardighede. Die basiese vaardighede word op konkrete wyse vasgelê. Alle werk van die kleuterfase word herhaal en bevorder. Daar is maksimum twaalf kinders in 'n groep (Bester, 1988).

#### 6.4.3 Middel fase

In hierdie fase is daar kinders met 'n chronologiese ouderdom van tien tot vyftien jaar. Gedurende hierdie fase word die kind se handwerk-aktiwiteite goed gekontroleer sodat hy in die volgende fase kan begin spesialiseer in dit waarin hy die beste presteer. Hierdie kind is nou ook rustiger en kan vir langer periodes stil sit en werk. Hulle is maksimum vyftien in 'n groep (Bekker, 1988 en Bester, 1988).

#### 6.4.4 Fase vir kinders met sterk outistiese trekke

By die E.S. le Grangesentrum is daar 'n groot groep kinders met sterk outistiese trekke. Hulle is verdeel in drie groepe, maksimum ses in 'n groep, naamlik kleuter-, junior- en middel groep.

#### 6.4.5 Senior fase

Hier word die groter kinders, tot so oud soos een- en-twintig jaar, geplaas. Opleiding ten opsigte van werksoriëntering ontvang nou meer gespesialiseerde aandag. Hierdie groepe mag ook nie meer as vyftien kinders per groep wees nie. Hierdie fase word onderverdeel in die volgende:

##### 6.4.5.1 Die senior arbeidsgerigte fase

Handvaardigheid geniet in die E.S. le Grangesentrum besondere aandag, aangesien die geestelik vertraagde kind nou voorberei moet word vir sy toetrede tot die ope arbeidsmag of die nasorgsentrum. Die helfte van die opleidingsdag word egter nog gewy aan die skolastiese vaardighede (Bester, 1988).

##### 6.4.5.2 Junior- en senior praktiese fase

Hier word daardie geestelik vertraagde kinders gevind wat baie swak is. Hulle word verdeel in die junior- en senior groepe en twee-derdes van hul opleiding is prakties gerig. Die ander derde word bestee aan skolastiese vaardighede. In laasgenoemde geval is daar egter baie min of

geen vordering nie. Die seniors word nou voorberei om gewoon te raak aan 'n volle dag se werk en aan die werksomstandighede by die nasorgsentrum. Die geestelik vertraagde kind moet nou geleer word om produktief te wees en sy artikels netjies te voltooi. Dit is vir die kind 'n bron van vreugde as hy 'n werkstuk voltooi het en sien dat ander mense dit koop (Bester, 1988). Die senior groep vir fisies ernstig gestremde kinders is tans by die senior praktiese fase ingedeel. Die jonger fisies ernstig gestremdes word by die ander groepe ingedeel (Bekker, 1988).

Die E.S. le Grangesentrum bied aan die geestelik vertraagde kind die geleentheid om fisies, sosiaal, emosioneel, intellektueel en geestelik te groei, sodat hy tuis of in die koshuis, in die gemeenskap en in die beskermde werksplek meer suksesvol en gedissiplineerd kan funksioneer.

## 6.5 SAMEVATTING

In hoofstuk 6 is die opvoeding en opleiding binne die E.S. le Grangesentrum nagevors. Eerstens is aandag gegee aan die tipering van die geestelik vertraagde kind in die sentrum. Daar is aandag gegee aan die doelstellings van die sentrum en hoedat die sentrum in die behoeftes van die geestelik vertraagde kind voorsien. Hierdie behoeftes is onder die volgende hoofgedagtes bespreek: basiese behoeftes, opleidings-behoeftes ten opsigte van persoonlike en sosiale behoeftes en die behoefte ten opsigte van werksoriëntering. Ten slotte is die "onderwys"- en opleidingsfases kortliks bespreek soos wat dit toegepas word by die E.S. le Grangesentrum.

In hoofstuk 7 sal 'n waardering van die onderhawige studie gegee word, daar sal tot sekere gevolgtrekkings gekom word en enkele aanbevelings sal gemaak word.

## HOOFSTUK 7

### WAARDERING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word 'n waardering of samevatting van die voorgaande 6 hoofstukke verstrekkend en word sowel gevolgtrekkings as enkele aanbevelings na aanleiding van die studie gemaak.

#### 7.2 WAARDERING

Die geestelik vertraagde kind, ook 'n skepsel van God, het dieselfde bestaansreg as enige ander lid van die gemeenskap en kan dus op dieselfde regte aanspraak maak. Elke mens het die potensiaal om te ontwikkel en die geestelik vertraagde kind word ook die geleentheid gebied om optimaal te ontwikkel.

In hoofstuk 1 is aandag gegee aan die probleem rondom die geestelik vertraagde kind se opleidingsbehoeftes en die voorsiening in sy behoeftes. Die doel, metode en program van hierdie studie is uiteengesit.

In hoofstuk 2 is die verskillende begrippe wat in die literatuur in verband met geestelike vertraagdheid voorkom, bespreek. Begrippe wat aandag geniet het, is: verstandelik vertraag, verstandelik ernstig/erg vertraag, geestelik vertraag, opvoeding en opvoedbaarheid, opleiding en opleikbaarheid, onderwys en opleidingsentrum. Die begrippe wat in die Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders (Wet no. 63 van 1974) ter sprake is, is in hierdie studie gebruik. Die identifisering van die geestelik vertraagde kind is bestudeer aangesien daar bepaalde kenmerke

is wat in mindere of meerdere mate by die meeste geestelik vertraagde kinders voorkom. Aandag is gegee aan verstandsfunksionering, emosionele ontwikkeling, kommunikasievermoë, sekuriteitsbeleving, eksplorasievermoë en die fisiese eienskappe van die geestelik vertraagde kind. In hoofstuk 2 is 'n bespreking gevoer in verband met die kriteria wat aangewend word om 'n geestelik vertraagde kind te klassifiseer. Enkele oorsese lande se klassifikasiesistelsels is ook nagegaan.

In hoofstuk 3 is die geestelik vertraagde kind se opvoedings- en opleidingsbehoefes van nader beskou. Enkele basiese behoeftes van die geestelik vertraagde kind is uitgelig. Uit die literatuur het dit duidelik geword dat hierdie kind, net soos die normale kind, ook behoefte het aan liefde, sekuriteit, aanvaarding en dissipline - in 'n baie groter mate as die normale kind, omdat hy intrinsiek geweldig afhanklik is van die volwassene. Daar is verder aandag gegee aan die geestelik vertraagde kind se eie identiteit, ontwikkelingsmoëlikhede, kreatiwiteit en die rol wat prestasie in sy lewe speel.

In paragraaf 3.3 is die volgende behoeftes van die geestelik vertraagde kind bespreek:

**\* Persoonlike opleidingsbehoefes**

Besondere aandag is gegee aan die fisies-motoriese en sintuiglike behoeftes, die behoefte aan veiligheid, liggaamlike aktiwiteite, beroepsaktiwiteite, verantwoordelikheid en godsdiens.

**\* Sosiale opleidingsbehoefes**

Hieronder is aandag gegee aan selfversorgendheid, sosiale aanvaarbaarheid, kommunikasievermoë en skolastiese vaardigheid, omgewingsbewustheid en vryetydsbesteding.

**\* Die behoefte aan werksoriëntering**

Hier is kortliks aandag gegee aan gesonde werksgewoontes, werksbevoegdheid, probleembenadering, werksvolharding en werkstempo. Ten slotte is die geestelik vertraagde kind se opleiding met behulp van musiek kortliks bespreek.

Hoofstuk 4 handel oor die "opvoedings"- en opleidingsvoorsiening vir die geestelik vertraagde kind in Suid-Afrika. Die ontstaansgeskiedenis van opleidingsentrums en die beheer daarvoor, asook die aandeel van die borgliggame is nagevors. Aandag is ook gegee aan die oornome deur die voormalige Departement van Nasionale Opvoeding in 1975, daarna die Departement van Onderwys en Kultuur in 1984 en uiteindelik die Provinsiale Onderwysdepartemente in 1986. Die amptelike beleid ten opsigte van beheer, geboue en toerusting van die staats-, staatsondersteunde- en private opleidingsentrums en die situasie rondom moedertaalonderwys vir die geestelik vertraagde kind is bespreek. Ten slotte is amptelike kriteria vir opname en plasing van die geestelik vertraagde kind in 'n opleidingsentrum weergegee.

Die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die E.S. le Grangesentrum is in hoofstuk 5 nagevors. Die bestaanstydperk van die sentrum is in die volgende ontwikkelingsfases ingedeel en bespreek: die ontstaansgeskiedenis voor 1963, die aanvangsjare: 1963 tot 1967, die ontwikkeling tot by registrasie: 1967 tot 1975 en die sentrum se groei en ontwikkeling vanaf 1975 tot aan die einde van 1987.

In hoofstuk 6 word die situasie by die E.S. le Grangesentrum bespreek na aanleiding van die verskillende behoeftes soos wat dit in hoofstuk 3 geïdentifiseer is. Ten eerste word 'n kort tipering van die E.S. le Grangesentrum-kindere gegee. Na aanleiding van die sentrum se doelstellings word daar in paragraaf 6.3 gekyk hoedat die E.S. le Grangesentrum in die geestelik vertraagde kind, wat daar gehuisves word, se geïdentifiseerde behoeftes voorsien. In paragraaf 6.4 word die "onderwys"- en opleidingsfase-indeling wat in die E.S. le Grangesentrum gevolg word, kortliks weergegee.

### 7.3 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende belangrike gevolgtrekkings het uit die onderhawige studie na vore gekom:

- \* Wet no. 63 van 1974 (Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders) maak voorsiening vir die opleiding van daardie kind wat nie in gewone- of spesiale onderwys kan baat vind nie, met ander woorde die geestelik vertraagde kind;
- \* die geestelik vertraagde kind, wat as sodanig geklassifiseer en van verpligte skoolbesoek vrygestel is, moet die nodige opleiding aan 'n deur die Wet (Wet no. 63 van 1974) daargestelde opleidingsentrum ondergaan;
- \* die geestelik vertraagde kind word verplig (Wet no. 63 van 1974) om van sy sesde tot agtiende lewensjaar 'n opleidingsentrum by te woon. In enkele gevalle kan toestemming verkry word om tot op die ouderdom van een-en-twintig jaar aan te bly;
- \* klassifisering van die geestelik vertraagde kind berus nie alleen op die kind se intellektuele vermoë nie, maar die totale ontwikkeling van die kind moet in ag geneem word;
- \* aangesien die geestelik vertraagde kind sy hele lewe van die volwassene afhanklik is, moet sy opleiding van so 'n aard wees dat hy optimaal kan ontwikkel om sodoende so onafhanklik as moontlik te word;
- \* daar bestaan 'n ernstige behoefte aan die dienste van 'n maatskaplike werkster, 'n sielkundige en paramedici;
- \* die personeelvoorsieningskale is nie na wense nie, aangesien hierdie mense 'n swaar las dra - die opleiding van die sentrum moet in die koshuis voortgesit word;

- \* die E.S. le Grangesentrum slaag in 'n groot mate daarin om aan alle behoeftes van die geestelik vertraagde kind te voldoen; en
- \* die kinders wat in die E.S. le Grangesentrum gehuisves word, is 'n verteenwoordigende groep geestelik vertraagde kinders soos wat dit in die Blanke bevolking van die RSA aangetref word.
- \* Die E.S. le Grangesentrum kan met reg beskou word as 'n modelsentrum in die RSA.

#### 7.4 AANBEVELINGS

Na aanleiding van die studie wat uitgevoer is, word die volgende aanbevelings gemaak:

- \* Dat aandag geskenk sal word aan die behoefte aan maatskaplike werkers, sielkundiges en paramedici by opleidingsentrums.
- \* Dat 'n intensiewe studie gemaak sal word van elke minder bekende geïdentifiseerde geestelik vertraagde kind by die E.S. le Grangesentrum.
- \* Dat, hoewel dit 'n duur tipe opleiding is, ruimer personeelvoorsiening - vir opleiding en huishoudelik - beskikbaar gestel word. Dit kan lei tot uiteindelijke verligting van staatsuitgawes.
- \* Dat voortdurend gepoog sal word om die breë gemeenskap se goeie gesindheid te verkry en te behou, sodat die nodige verpligtinge nagekom en in die geestelik vertraagde kind se behoeftes voorsien kan word.

## BRONNELYS

- ANON. 1984. Dr. P.S. Meyer, die Direkteur-Generaal van DNO, open die E.S. le Grangesentrum te Potchefstroom. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika, 103:29-30, Sept.
- ANON. 1985. Reëlings ingevolge nuwe staatkundige bedeling. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika, 105:16-19, Mrt.
- BEALL, L. 1985. The making of a special Oliver. Music educators journal, 71(6):30-32, Feb.
- BEKKER, R.E. 1976. Die terapeutiese waarde van musiek en die gebruik van musiek in die opleidingsprogram. (Referaat gelewer tydens 'n konferensie van Hoofde van Opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders te Pretoria, 13-17 Sept. Ongepubliseer.)
- BEKKER, R.E. 1987. Onderhoude gevoer op 11 Aug., 27 Aug., 15 Sept., 1 Okt., 13 Okt., 3 Nov. en 20 Nov. Potchefstroom. (Kassetopnames in besit van outeur.)
- BEKKER, R.E. 1988. Onderhoude gevoer op 19 Jan., 16 Feb., 8 Mrt. en 24 Mrt. Potchefstroom. (Kassetopnames in besit van outeur.)
- BENDER, M. & VALLETUTTI, P.J. 1979. Teaching the moderately and severely handicapped: curriculum objectives, strategies and activities. Vol 1. Baltimore, Md.: University Park Press.
- BENDER, M., VALLETUTTI, P.J. & BENDER, R. 1978. Teaching the moderately and severely handicapped: curriculum objectives, strategies and activities. Vol. 2. Baltimore, Md.: University Park Press.
- BENDER, M., VALLETUTTI, P.J. & BENDER, R. 1978. Teaching the moderately and severely handicapped: curriculum objectives,

- strategies and activities. Vol. 3. Baltimore, Md.: University Park Press.
- BERGMAN, J. & DE PUE, W. 1986. Musical idiot savant. *Music educators journal*, 72(5): 37-40, Jan.
- BERGSMAN, D. 1979. Birth defects compendium. 2nd ed. New York: Liss.
- BESTER, C.J. 1987. Onderhoud gevoer op 11 Aug. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)
- BESTER, C.J. 1988. Onderhoud gevoer op 7 Apr. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)
- BESTER, C.L. 1985a. Enkele metodes ter uitbouing van die selfbeeld van die gestremde. *Rehabilitasie in SA*, 29(4):81-84, Des.
- BESTER, C.L. 1985b. Hoe ouers en onderwysers kan meehelp tot die uitbouing van hulle kinders se selfbeeld. *Onderwysbulletin*, 29(3):26-36, Des.
- BIASINI, F.J. & BRAY, N.W. 1986. Comparison and message-formulation skills in the referential communication of severely mentally retarded children. *American journal of mental deficiency*, 90(6):686.
- CARLSON, B.W. & GINGLEND, D.R. 1962. play activities for the retarded child. London: Baillière Tindall.
- COLEMAN, J.C., BUTCHER, J.N. & CARSON, R.C. 1980. Abnormal psychology and modern life. 6th ed. Glenview, Ill.: Scott, Foresman.
- DAHLE, A.J. & McCOLLISTER, F.P. 1986. Hearing and otologic disorders in children with Down Syndrome. *American journal of mental deficiency*, 90(6):636-641.
- DE BEER, L., red. 1987. Laerskool Bailliepark Gedenkblad, 1966-1987. Potchefstroom: Potchefstroom Herald.

- DE BRUTO, C.M.E. 1983. Oudiopsigofonologiese opleiding en die erg geestesvertraagde kind: 'n empiriese ondersoek. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)
- DE NYSSCHEN, J.M. 1984. Die geestelik vertraagde kind. Opvoeding en kultuur, 7(1):8-10, Mrt.
- DE VILLIERS, E.G. 1986a. Die toekomsverwagting van die verstandelik erg gestremde kind en sy aanpassing in die samelewing. Rehabilitasie in SA, 30(3):67-68, Des.
- DE VILLIERS, E.G. 1986b. Die verstandelik erg gestremde kind: doeltreffende voorbereiding vir beskermde arbeid. Opvoeding en kultuur, 9(3 & 4):14-17, Sept./Des.
- DE VILLIERS, E.G. 1987. Die hersiene gespesialiseerde onderwysprogram vir verstandelik erg gestremde kinders - klem op beroepsgereedheid/werksgereedheid. Rehabilitasie in SA, 31(3):64-68, Sept.

DNO

kyk

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding.

DOBBING, J., CLARKE, A.D.B., CORBETT, J.A., HOGG, J. & ROBBINSON, R.O. 1984. Scientific studies in mental retardation. London: The Royal Society of Medicine.

DOK

kyk

SUID-AFRIKA (Republiek). Administrasie: Volksraad. Departement van Onderwys en Kultuur.

DU TOIT, L. 1976. Die onderrig van die verstandelik-erg-gestremde kind vanuit leerperspektief. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UP.)

- DU TOIT, L. 1985. 'n Opleidingsprogram vir onderwysers van verstandelik erg gestremde kinders met besondere verwysing na afstandsonderwys. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed.) - UNISA.)
- DU TOIT, L. 1987. Nie-verbale kommunikasiesistelsels vir verstandelik- en meervoudig gestremdes. *Opvoeding en kultuur*, 10(2):24-27, Jun.
- E.S. LE GRANGESENTRUM. 1981-1986. Jaarverslae. Potchefstroom.
- E.S. LE GRANGESENTRUM. 1961-1973. Notules van die Wes-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging Dagsentrumkomitee. Notuleboek 1. Potchefstroom.
- E.S. LE GRANGESENTRUM. 1973-1982. Notules van die Beheerkomitee van E.S. le Grangeskool. Notuleboek 2. Potchefstroom.
- E.S. LE GRANGESENTRUM. 1982 - . Notules van die Bestuursliggaam van die E.S. le Grangesentrum. Notuleboek 3. Potchefstroom.
- ESSIG, D.M. 1985. An opportunity, not a burden. *Educational leadership*, 43(1):69-70, Sept.
- EYDENBERG, M.G. 1986. Art therapy for the severe and profound. *Child and family behavior therapy*, 8(2):1-3, Summer.
- GEARHEART, B.R. 1980. Special education for the '80s. St. Louis, Miss.: Mosby.
- GECAS, V. 1982. The self-concept. *Annual review of sociology*, 8:1-33.
- GELDENHUYS, B.P. & DU TOIT, S.I. 1971. *Psigopatologie*. Pretoria: Academica.
- GILIOMEE, E. 1986. Ondersteuning aan ouers met verstandelik vertraagde kinders. Johannesburg. (Verhandeling (M.Cur.) - RAU.)

GOLDING, M.M. 1980. Educating autistic children. (Lesing gelewer tydens 'n oriënteringskursus: opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders te Pretoria, 11-14 Feb. Ongepubliseer.)

GOUWS, L.A., LOUW, D.A., MEYER, W.F. & PLUG, C. 1981. Psigololie-woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.

GROBBELAAR, J.J. 1976. Opleiding van geestelik vertraagde kinders. Opvoeding en kultuur, 1(2):14, Jun.

HAT

kyk

ODENDAL, F.F., red.

HEWETT, F.M. & FORNESS, S.R. 1984. Education of exceptional learners. 3rd ed. Boston, Mass.: Allyn & Bacon.

HUPP, S.C., MERVIS, C.B., ABLE, H. & CONROY-GUNTER, M. 1986. Effects of receptive and expressive training of category labels on generalized learning by severely mentally retarded children. American journal of mental deficiency, 90(5):558-565.

HUTCHINS, M.P. & RENZAGLIA, A. 1983. Environmental considerations for severely handicapped individuals: the needs and the questions. Exceptional education quarterly, 4(2):68, Summer.

INDERDEPARTEMENTELE ADVIESKOMITEE

kyk

SUID-AFRIKA (Republiek). Interdepartementele Advieskomitee insake Gestremde Leerlinge. 1982?

JEFFREE, D.M. & CHESELDINE, S.E. 1984. Programmed leisure intervention and the interaction patterns of severely mentally retarded adolescents: a pilot study. American journal of mental deficiency, 88(6):619-624.

- JOHANNESON, W. & PETERSEN, S.E. 1983. Opleidingsgeriewe vir verstandelik gestremde leerlinge. *Rehabilitasie in SA*, 27(1):22, Mrt.
- JOHNSON, D.C. 1987. The role of sheltered living and employment in the adult with Down's syndrome. *Rehabilitasie in SA*, 31(2):36-37, Jun.
- KLEYN, T. 1986. Opvoeding. *Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika*, 111:6-7.
- KLUYTS, W.J.J. 1987. Onderhoud gevoer op 3 Sept. Potchefstroom. (Kassetopname in besit van outeur.)
- KRITZINGER, M.S.B., LABUSCHAGNE, F.J. & PIENAAR, P. DE V. 1961. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria: Van Schaik.
- KRUGER, H.B. 1979. Algemene voorligting vir onderwysstudente. Potchefstroom: Pro Rege.
- LEVIN, A. 1987. The State's responsibility to the mentally handicapped person. *Rehabilitasie in SA*, 31(1):10-11, Mrt.
- LIPMAN, L. 1982. Mental retardation. *Rehabilitasie in SA*, 26(2):28, Jun.
- LISHMAN, J. 1985. Movement education and severely subnormal children: a review of the literature. *Early child development and care*, 21(3):135-253.
- LITTON, F.W. 1978. Education of the trainable mentally retarded: curriculum, method and materials. St. Louis, Miss.: Mosby.
- LOMBAARD, S.G. 1981. Onderwys vir verstandelik ernstig gestremde kinders. Pretoria: RGN. (Verslag nr. 0-84.)
- LYNCH, M.J. & MARGOLIS, C.J. 1985. Art for special needs: multi-sensory printmaking. *School arts*, 84(8):16-17, Apr.

- MAAT, S.J. 1975. Onderwys en skoolvoortligting vir verstandelik gestremde leerlinge. Pretoria: RGN. (Verslag no. O-40.)
- MARAIS, H.A. 1976a. Godsdiensoonderrig vir die geestelik vertraagde kind. (Referaat gelewer tydens 'n konferensie van Hoofde van Opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders te Pretoria, 13-17 Sept. Ongepubliseer.)
- MARAIS, H.A. 1976b. Handwerkaktiwiteite as voorbereiding vir beskermingswerk. (Referaat gelewer tydens 'n konferensie van Hoofde van Opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders te Pretoria, 13-17 Sept. Ongepubliseer.)
- MARAIS, H.A. 1980. Godsdiensoonderrig en die geestelik vertraagde kind. *Opvoeding en kultuur*, 3(2):35-36, Jun.
- McDONNELL, J. & HARDMAN, M. 1985. Planning the transition of severely handicapped youth from school to adult services: a framework for high school programs. *Education and training of the mentally retarded*, 20(4):275-286 Dec.
- MEYER, D. & KOHL, F.L. 1985. Teaching domestic living skills to severely handicapped students in the natural environment. *Teaching exceptional children*, 18(1):44.
- ODENDAL, F.F., red. 1985. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.
- OP'T HOF, J. 1982. Gestremdhede: begripspresisering, voorkoming en rehabilitasie. *Rehabilitasie in SA*, 26(3):43, Sept.
- OP'T HOF, J. 1987. Die aard van Down-sindroom. *Rehabilitasie in SA*, 31(2):30-31, Jun.
- PRETORIUS, L. 1985. Groot motoriek en rehabilitasie van verstandelik erg gestremdes. *Rehabilitasie in SA*, 29(3):46-48, Sept.

- RAUBENHEIMER, L.J. 1985. Die versorging en opvoeding van die gestremde kind: die vennootskap tussen die staat en die kerk as sintese vir suiwer kerklike en staatsorganisasie. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika, 105:7-15, Mrt.
- REID, D.H., PARSONS, M.B., McCARN, J.E., GREEN, C.W., PHILLIPS, J.F. & SCHEPIS, M.M. 1985. Providing a more appropriate education for severely handicapped persons increasing and validating functional classroom tasks. *Journal of applied behavior analysis*, 18(4):289-301, Winter.
- SARASON, I.G. & SARASON, B.R. 1980. *Abnormal psychology: the problem of maladaptive behavior*. 3rd ed. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.
- SCHLEIEN, S.J., TUCKNER, B. & HEYNE, L. 1985. Leisure education programs for the severely disabled student. *Parks and recreation*, 20(1):74-78, Jan.
- SMITH, R. 1980. Die ontwikkeling van verstandelike potensiaal met behulp van goedgekose apparaat. (Referaat gelewer tydens 'n oriënteringskursus: opleidingsentrums vir geestelike vertraagde kinders te Pretoria, 11-14 Feb. Ongepubliseer.)
- SONNEKUS, M.C.H. 1977. Ouer en kind: 'n handleiding oor opvoeding en opvoedingsprobleme. Johannesburg: Perskor.
- SPODEK, B., SARACHO, O.N. & LEE, R.C. 1984. *Mainstreaming young children*. Belmont, Calif.: Wadsworth.
- STEENKAMP, E.L. 1978. 'n Opvoedingspraktyk vir verstandelik erg gestremde kinders in Suid-Afrika. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - UNISA.)
- STEENKAMP, E. & STEENKAMP, W. 1979. Die verstandelik gestremde kind: 'n handleiding vir dagsentra. Durban: Butterworths.

- STEYN, I.N. 1975a. Die opleibaarheid van die kind met Downsindroom. Potchefstroom. (Verhandeling (M.Ed.) - PU vir CHO.)
- STEYN, I.N. 1975b. Intelligensie en intelligensiemeting. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat 90/75.)
- STEYN, I.N. 1976. Die opleibaarheid van die kind met Downsindroom of Mongolisme. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A nr. 26.)
- SUID-AFRIKA (Republiek). Administrasie: Volksraad. Departement van Onderwys en Kultuur. 1985. Handleiding vir Hoofde van Opleidingsentrums vir verstandelik erg gestremde kinders. Pretoria.
- SUID-AFRIKA (Republiek). Administrasie: Volksraad. Departement van Onderwys en Kultuur. 1986a. Handleiding vir die hantering van buitengewone onderwys by: skole vir buitengewone onderwys, opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders en kindersorg- en verbeteringskole. Pretoria.
- SUID-AFRIKA (Republiek). Administrasie: Volksraad. Departement van Onderwys en Kultuur. 1986b. Handleiding vir onderwysers van opleidingsentrums vir verstandelik erg gestremde kinders. Pretoria.
- SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gesondheid. Die Komitee van Ondersoek na die Versorging van Erg Geestesvertraagde Persone. 1967. Verslag. Pretoria: Staatsdrukker. (RO 66/1968.) (Voorsitter: A.J. van Wyk.)
- SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1975. Opleiding van geestelik vertraagde kinders: kriteria vir opleibaarheid en vir toelating. Pretoria. (Omsendbrief C7/13/3: Aan hoofde van alle opleidingsentrums vir geestelik vertraagde kinders, 15 Mei, op lêer by E.S. le Grangesentrum.)

- SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Opvoeding. 1982. Die rol en funksie van bestuursliggame. Pretoria. (Inligtingstuk, op lêer by E.S. le Grangesentrum.)
- SUID-AFRIKA (Republiek). Interdepartementele Advieskomitee insake Gestremde Leerlinge. 1982? Inligtingstuk oor die identifisering, prosedure van verwysing, plasing en terugplasing van gestremde leerlinge. [Pretoria.]
- SUID-AFRIKA (Republiek). Wet op Opleiding van Geestelik Vertraagde Kinders, no. 63 van 1974. Pretoria: Staatsdrukker.
- SURAN, B.G. & RIZZO, J.V. 1979. Special children: an integrative approach. Glenview, Ill.: Scott, Foresman.
- TANDY, J.E. 1987. The role of the training centre in preparing the person with Down's syndrome for life. *Rehabilitasie in SA*, 31(2):39-41, Jun.
- TERBLANCHE, P.W. 1987. Onderhoude gevoer op 27 Sept. en 18 Nov. Potchefstroom. (Kassetopnames in besit van outeur.)
- THERON, C.D. 1980. 'n Handelingsplan ten opsigte van leerlinge wat vir buitengewone onderwys kwalifiseer. (Referaat gelewer tydens 'n simposium van die TOD Skoolsielkundige en Voorligtingsdiens te Pretoria op 18 Jul. Ongepubliseer.)
- TOD  
kyk
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement.
- TRANSVAAL. ONDERWYSDEPARTEMENT. 1985. Handleiding vir gespesialiseerde onderwys. Pretoria.
- UNGERER, J.A. & SIGMAN, M. 1987. Categorization skills and receptive language development in autistic children. *Journal of autism and developmental disorders*, 17(1):3-15.

- URBANI, G. 1983. Sommige ekonomiese implikasies van enkele genetiese gestremdhede. *Rehabilitasie in SA*, 27(3):81-86, Sept.
- VAN DER SCHYFF, M. 1985. Motoriese ontwikkeling by die verstandelik erg gestremde kleuter. *Tydskrif vir tegniese en beroepsowerwys in Suid-Afrika*, 106:25-26, Jun.
- VAN DER SCHYFF, M. 1988. Onderhoud gevoer op 16 Apr. (Kassetopname in besit van outeur.)
- VAN DER WALT, J.L. 1983. Omskrywing van enkele begrippe. (In, Van der Walt, J.L., Dekker, E.I. & Van der Walt, I.D. Die opvoedingsgebeure: 'n skrifmatige perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. p.1-23. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks F. Instituut vir Reformatoriese Studies, F3, nr. 18)).
- VAN ROOYEN, M. 1983. Die raaiselkinders. *Opvoeding en kultuur*, 6(2):28-29, Jun.
- VAN WYK, J.H. 1975. *Religie, opvoedkunde en opvoeding*. Potchefstroom: PU vir CHO.
- VAN WYK-VERSLAG  
kyk  
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gesondheid. Die Komitee van Ondersoek na die Versorging van Erg Geestesvertraagde Persone. 1967.
- VEDDER, R. 1974. *Kinderen met leer- en gedragsmoeilikheden*. 8ste hersiene dr. Groningen: Walters-Noordhoff.
- VENTER, P. 1987. Onderhoud gevoer op 3 Sept. (Kassetopname in besit van outeur.)
- WALKER, B.R. 1985. Presidential address 1985: inalienable rights of persons with mental retardation. *Mental retardation*, 23(5):219-221, Oct.

WALSH, S.R. & HOLZBERG, R. 1981. Understanding and educating the deaf-blind/severely and profoundly handicapped: an international perspective. Springfield, Ill.: Thomas.

WET

kyk

SUID-AFRIKA (Republiek). 1974.

WEYERS, A. & BESTER, C.L. 1982. Die terapeutiese waarde van sport. *Rehabilitasie in SA*, 26(4):78-82, Des.

WHITEHEAD, T. 1983. *Mental illness and the law*. Oxford: Basil Blackwell.

WOOD, M. 1983. *Music for mentally handicapped people*. London: Souvenir.

WOOSTER, A.D. & CARSON, A. 1982. Improving reading and self-concept through communication and social skills training. *British journal of guidance and counselling*, 10(1):83-87, Jan.

WORLD HEALTH ORGANIZATION. 1985. *Mental retardation: meeting the challenge*. Geneva. (WHO offset publication no. 86.)

ZIGLER, E., BALLA, D. & HODAPP, R. 1984. On the definition and classification of mental retardation. *American journal of mental deficiency*, 89(3):215-230.